

Die funksies en vereistes van die resensiewese in 'n veranderende bedryf:
teaterkritiek en die “nuwe media”

deur
François Hugo Theart

*Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening vir die graad MDram
in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
aan die Universiteit van Stellenbosch*



Studieleier: Dr Petrus du Preez

Desember 2013

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleen-outeur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: Maart 2013

Kopiereg © 2013 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Abstract

This study examines the role and function of theatre critics and reviews in the industry at present. Characteristics of a good review are also examined and the role of the traditional review in the 'new media' is questioned.

The 'new media' offer the public the opportunity to have access reviews to within a few hours of the first performance. This implies that theatre reviews become more newsworthy through their immediacy.

"New media" have the added advantage that the content of reviews can be enhanced, and that the notorious space limitations of the 'old media' no longer impact on the copy volume. Within the modern media the style and content of reviews and opinions depend on the specific media form. In the 'new media' subjective personal opinions have become more prominent than well-grounded, ethically accountable journalism which used to be required in the older forms of media. The 'new media', on the other hand, present journalism with a whole new platform. If utilised in a controlled and dynamic manner, these new technological and electronic developments, can contribute enormously to the theatre review industry.

In the concluding chapter a model is suggested according to the which the 'new media' can be used as a platform to maintain, develop and advance theatre – and specifically criticism – in South Africa.

Opsomming

Hierdie studie ondersoek die rol en funksie van die teaterresesent en die resensie in die hedendaagse bedryf. Die eienskappe van 'n goeie resensie word ook ondersoek en die gebruik van die tradisionele resensie in die “nuwe media” word bevraagteken.

Die “nuwe media” bied 'n geleentheid om resensies aan die publiek beskikbaar te stel, enkele ure ná die eerste vertoning. Die implikasie van hierdie element is dat 'n teaterresensie dus nuuswaardig word in sy onmiddellikheid.

“Nuwe media” het die voordeel dat inhoudsverryking in resensies kan plaasvind en dat die beperkings van die ou media nie meer geld met betrekking tot die lengte van die werk nie. Styl en inhoudsaspekte van resensies of opinies in die “nuwe media” is kwessies waar die vorme van die verskillende media wel ter sprake kom. Binne die “nuwe media” is die persoonlike, subjektiewe opinies meer pertinent as deurgrondelike joernalistiek wat eties verantwoordbaar moet wees en wat van die ou media-vorme verwag word. Die “nuwe media” bied andersins 'n hele nuwe platform vir joernalistiek, en indien hierdie nuwe tegnologiese en elektroniese verwickelinge op 'n gekontroleerde en dinamiese wyse ingespan kan word, kan dat dit 'n enorme bydrae tot die resensiewese lewer.

In die laaste hoofstuk word 'n model voorgestel wat die “nuwe media” as platform gebruik om die behoud, ontwikkeling en bevordering van teater, en spesifiek teaterkritiek in Suid-Afrika, te bewerkstellig.

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1: Inleiding en agtergrond	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Agtergrond	2
1.2.1 Ondersoek na die funksie van resensies en verwagtinge gekoester van 'n goeie teaterresensent .	2
1.2.2 Invloed van die resensent	3
1.2.3 Die lot van die resensiewese in Suid-Afrika	4
1.2.4 Drukmedia in krisis	5
1.2.5 Tradisionele media in Suid-Afrika	6
1.2.6 Die “nuwe media”: 'n bedreiging of oplossing?	6
1.3 Hoofnavorsingsvraag en doelstellings	8
1.4 Metodologie en teoretiese raamwerk	8
1.5 Struktuur van die studie	8
Hoofstuk 2: Drukmedia in krisis en die opkoms van die elektroniese media	10
2.1 Inleiding	10
2.2 Die dood van koerante en tydskrifte	10
2.2.1 Dalende sirkulasiesyfers	10
2.2.2 Dalende advertensie-inkomste	11
2.2.3 Die opkoms van die “nuwe media”	12
2.2.4 Betaal vir nuus	12
2.2.4.1 Die Suid-Afrikaanse situasie	13
2.2.5 Herdefiniëring van die samelewing en gemeenskap as gevolg van die opkoms van die nuwe media	14
2.2.5.1 Herstrukturering binne die drukmedia	15
2.3 Alternatiewe tegnologie en die “nuwe media”	16
2.3.1 Internetgebruik in Suid-Afrika	17
2.4 Die “nuwe media”	18

2.4.1	Webtuistes en die blogosfeer	18
2.4.1.1	Webtuistes	18
2.4.1.2	Blogosfeer en blogs	19
2.4.1.3	Sosiale media	19
2.4.1.3.1	Facebook	20
2.4.1.3.2	Twitter	20
2.4.1.3.3	YouTube	21
2.5	Ander ontwikkelinge wat bydra tot die sukses van die “nuwe media”	21
2.5.1	Slimfone	21
2.5.2	Die tablet	22
2.5.3	Aanwendingsprogramme (<i>applications</i>) vir slimfone, tablette en rekenaars	22
2.6	Die toekoms van die “nuwe media:	23
2.6.1	Voordele van die “nuwe media”	24
2.6.2	Die nadele van die “nuwe media”	25
2.7	Samevatting	25
 Hoofstuk 3: Die begrensing van die rol van die teaterresensent en die kriteria van ’n goeie teaterresensie		27
3.1.	Die eienskappe van ’n teaterresensent	27
3.2	Die basiese kriteria vir die inhoud en styl van ’n goeie teaterresensie	28
3.3	Uitgebreide verantwoordelikhede en verwagtinge gestel aan ’n resensent en resensie	30
3.3.1	Die resensent as gehoorlid	30
3.3.2	Die resensent as interpreteerder van produksies en ’n skakel tussen die gehoor en die teaterpraktisyn	31
3.3.3	’n Goeie resensent as stimuleerder van debat	32
3.3.4	Die resensent as raadgewer	33
3.3.5	Die teaterkritikus as historikus	33
3.3.6	Die teaterkritikus as joernalis	34

3.3.7 Die teaterkritikus as meningsvormer	35
3.3.8 Die resesent as publiseitsbeampte	36
3.3.9 Die vermaaklikheidsaspek van die resensie	37
3.4 Uitdagings wat die resesent in die gesig staar	38
Hoofstuk 4: Die hedendaagse toepassing van teaterkritiek in 'n era van die “nuwe media”	40
4.1 Inleiding	40
4.2. Webtuistes as media	41
4.2.1 Webtuistes van internasionale koerante en tydskrifte	41
4.2.1.1 Die elektroniese teaterafdeling van <i>The New York Times</i>	41
4.2.1.2 <i>The Guardian</i> in Brittanje	43
4.3.2 Webtuistes van geselekteerde koerante en tydskrifte – bestekopname	47
4.3.2.1 <i>Cape Argus</i> , <i>Cape Times</i> en <i>Sunday Independent</i>	47
4.3.2.2 Die Afrikaanse koerante: <i>Die Burger</i> en <i>Rapport</i>	48
4.3.2.3 <i>Mail & Guardian Online</i>	49
4.3.2.4 <i>The Next 48 Hours</i>	49
4.4 Ander webtuistes met teaterresensies	49
4.4.1 LitNet	50
4.4.2. Artslink	50
4.4.3 Fleur du Cap-webtuiste	51
4.4.4 Teater- en ander webtuistes	51
4.4.4.1 Blog-gemeenskap	52
4.4.4.2 Teater-blogs met 'n Wes-Kaapse fokus	53
4.4.5 Sosiale netwerke	56
4.4.5.1 Facebook	56
4.4.5.2 Twitter	58
4.4.5.3 YouTube	59
4.4.6 Podcasts / Potgooie	61
4.5 Invloed van die “nuwe media” op teaterkritiek	62

Hoofstuk 5: 'n Voorgestelde model vir 'n webtuiste vir die Wes-Kaap	65
5.1 Webadres	65
5.2 Redaksionele personeel	65
5.3 Inhoud	66
5.3.1 Nuus	66
5.3.2 Opvoedkundig	66
5.3.3 Resensies	66
5.4 Ontwerp	66
5.5 Gebruikersvriendelik	66
5.6 Tegnologies vooruitstrewend en interaktief	66
5.7 Bemarking	67
5.8 Professionaliteit, integriteit en kwaliteit	67
5.9 Intekenare	67
5.10 Adverteerders	68
5.11 Eksklusiwiteit	68
5.12 Inkorporering van alle aspekte van die bedryf	68
5.13 Resensies	68
5.13.1 Bemarking	69
5.13.2 Opvoedkundige element	69
5.13.2.1 Amateur-resensies	70
5.13.2.2 Ander publieke bydraes	70
5.14 Samevatting	70
Hoofstuk 6: Samevatting en afleidings	72
6.1 Afleidings	73
6.2 Verdere navorsingsmoontlikhede	74
6.2.1 Gedrukte media versus die “nuwe media”	74
6.2.2 Kunsteblaaie in die tradisionele media	74

6.2.3 Opleiding	74
6.2.4 Nuwe tegnologie en <i>apps</i>	75
6.2.5 Regeringsondersteuning	75
6.2.6 Landwye situasie en oplossings	75
6.3 Verdere voorstelle	75
6.4 Ten slotte	76
Bronnelys	77

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN AGTERGROND

Ons wil die koerant van 'n samelewing-in-beweging wees, van diegene wat wil hê dat die wêreld verander. En ons lê ons daarop toe om getrou te bly aan die grondliggende beginsels wat ons manier van inligting kenmerk: deur die mediaversnelling te vertraag; deur te reken op verhelderende joernalistiek om die skaduwees rondom aktualiteit te verdryf; deur stil te staan by situasies wat nie onder die projektors van aktualiteit voorkom nie, maar wat help om die internasionale konteks beter te verstaan; deur dossiere oor die groot eietydse vraagstukke aan te bied wat nog vollediger, nog meer diepgaande en nog beter gedokumenteerd is; deur metodies, nougeset en ernstig tot die kern van die probleem deur te dring; deur ongepubliseerde en dikwels verdoeselde inligting en ontledings aan te bied; en deur te probeer ingaan teen die hoofstroom van die heersende media. Ons bly oortuig dat die gehalte van die burgerlike debat afhang van die gehalte van inligting. En die aard van laasgenoemde is einde ten laaste bepalend vir die rykdom van die demokrasie.

Ignacio Ramonet, Redakteur: *Le Monde*

Vertaal deur Johann Rossouw

(Ramonet, 2005)

1.1 Inleiding

In 2007 bars daar 'n herrie los rondom 'n resensie deur die resensent Danie Botha (2007) oor die produksie *Die Storm* (vertaling van William Shakespeare se *The Tempest* deur Tjaart Potgieter). Alhoewel die produksie vir die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) vervaardig is, is die resensie geskryf na afloop van die openingsaand van 'n speelvak in die H.B. Thom-teater op Stellenbosch. Die relatief negatiewe resensie het groot reaksie uitgelok en briewe ter verdediging van die meriete van die produksie is in die opeenvolgende paar dae in *Die Burger* gepubliseer (Meiring, 2007; Van Rensburg, 2007). Tog word die produksie vereer met verskeie groot toekennings wat strek van beste regisseur, ontwerp, akteur tot beste produksie ('*Karoo Moose*' wen 4 *Fleur du Cap*-pryse, 2008).

Met 'n insident soos hiêrdie ontstaan vrae oor die teenstrydighede van die opinies wat resensente publiseer en die opinies van die kenners wat op die toekenningspanele sit. Lewer 'n insident soos hierdie kommentaar op die gehalte van die resensent, of lewer dit dalk meer kommentaar op die toekenningspaneel? Die kriteria vir toekennings kan soms bevraagteken word, maar dis nie nou ter sprake nie.

Die navorser het ook begin ondersoek instel na die algemene riglyne vir die kriteria van 'n goeie resensie. Die navorser het begin wonder oor die funksie en verwagtinge van 'n teaterresensent?

Dis tog sekerlik 'n resesent se reg en plig om wel 'n persoonlike opinie te lewer en ook probleme wat hy/sy in 'n produksie ervaar, uit te lig? Die kommentaar moet egter binne 'n literêre, estetiese en verantwoordelike konteks gelewer word? Wat is die riglyne en kan die publiek onderskeid tref tussen 'n waardige en betroubare resensie en 'n onbetroubare resensie? In hierdie geval van die Botha-skrywe is ek dankbaar dat 'n resensie reaksie kon uitlok. Dit impliseer dat daar wel nog resensielesers is. Verder was daar ook debat oor teater, oor kreatiwiteit. Is die stimulering van debat nie ook deels 'n funksie van resensies nie?

Tydens die navorsing is egter bevind dat vrae rondom die gehalte van die resesent, nasionaal en internasionaal, oorskadu word deur die groot vraagstuk oor die behoud en toekoms van die professionele resesent. Dit wil voorkom asof teaterkritici 'n ambag is wat met groot uitdagings gekonfronteer word, soos onder meer afdankings by koerante. En dit wil voorkom asof tradisionele media beïnvloed word deur die opkoms van die “nuwe media” as 'n nuwe platform van nuuslewing.

1.2 Agtergrond

Hierdie studie het 'n hele paar fasette wat ondersoek moet word om bevredigend na die vraagstukke soos in die aanhaling hierbo deur Ramonet uiteengesit, te kyk. Die studie is egter nie gerig op die koerantwese as sulks nie, maar op aspekte rakende die kunsblaaie – meer spesifiek teaterresensies – wat in koerante, tydskrifte en in die “nuwe media” gepubliseer word. Dit ondersoek voorts die funksies van die resesent en resensies, ook binne die konteks van 'n veranderende medialandskap. Dit is belangrik om die funksie en rol van die teaterkritikus, soos tradisioneel gedefinieer binne konteks van die tradisionele media, te ondersoek. Dit is ook belangrik om die vraagstuk uit 'n internasionale perspektief te benader en dan op 'n meer spesifiek Suid-Afrikaanse en streeksperspektief te fokus. Met hierdie agtergrondkennis word die herdefiniëring van teaterkritiek binne die konteks van die “nuwe media” ondersoek. Daarmee saam sal daar spesifiek gefokus word op die blogosfeer, webtuistes en sosiale netwerke op sowel internasionale, nasionale en streeksvlak.

1.2.1 Onderzoek na die funksie van resensies en verwagtinge gekoester van 'n goeie teaterresesent

Die navorser het grootgeword met resesente wat vir dagblaaie (meer spesifiek *Die Burger*) resensies skryf. As gereelde teaterganger en teaterpraktisyn het hy reeds as hoërskoolseun sy ervarings van toneelstukke gemeet aan die resensies wat verskyn het. Hy het ook kennis opgedoen van produksies wat hy nie kon bywoon nie. Vir hom was resensies 'n bron van inligting en 'n barometer waarmee hy sy eie opinie oor teater begin vorm het. Met hierdie agtergrond het hy begin dink oor die werklike funksie van resensies. Wat is die riglyne vir 'n goeie resensie, en wat is

die verwagtinge wat gekoester word van 'n teaterresensent en -resensie? Het Jan Alleman nie die nuwe resensent geword in die era van die blogosfeer en sosiale, elektroniese netwerke nie?

Is die basiese funksie van 'n teaterresensent om 'n oordeel te fel op 'n kreatiewe produk wat binne 'n teatrale verband opgevoer word? Die Israeliese resensent, Michael Handelzalts skryf die volgende oor die resensent :

A theatre critic is not (...) nor should he be, a judge. No one putting on a show is guilty and no one is being sentenced. Nor is he, or should be, a referee, as no one is being disqualified. Theatre is a game, but not a match; there are no winners or losers, and no final score (certainly not one to settle). Despite that, one does not know how it went before it is over (Handelzalts, 2007).

Alhoewel die navorser gedeeltelik met Handelzalts saamstem, word resensies tog gelees as 'n regter se oordeel. Dis ook soms die enigste oorblywende rekord van 'n teaterproduksie. Dit word ook 'n rekord van die teaterpraktisyn se werk.

Menige teaterpraktisyns beweer dat hulle hul nie aan resensies steur nie, en selfs dat hulle nie resensies wat oor hul eie werk gepubliseer word, lees nie. Die bekende Amerikaanse aktrise Glenn Close sê sy lees glad nie resensies van haar eie produksies nie (Stefanova, 2000:55); aktrise Antoinette Kellermann beaam dat sy ook nie resensies lees nie (Kellermann, 2009). Die Suid-Afrikaanse resensent en lektor Gabriël Botma is van mening dat akteurs en ander teaterpraktisyns dalk tog almal die resensies in die geheim lees (Botma, 2009). Dit wil egter voorkom asof teaterlui 'n haat-liefde-verhouding met resensente het. In 2008 word David Mamet gevra "What is your idea of perfect happiness?", waarop hy antwoord: "(That) all critics die!" (Proust Questionnaire: David Mamet, 2008). En Mamet is beslis nie die enigste kunstenaar wat sulke sterk gevoelens jeens resensente koester nie. Die Britse regisseur en dramaturg Christopher Hampton het gesê: "Asking a working writer what he thinks about critics is like asking a lamp-post how it feels about dogs" (Meersman, 2008).

Alles goed en wel, maar die vraag is: wie is die lesers van resensies?

1.2.2 Invloed van die resensent

In Brittanje en Amerika wil dit voorkom asof die resensente geweldige mag het. Charles Marowitz skryf die volgende oor teaterresensent Frank Rich wat as "the Butcher of Broadway" gedoop is:

(Frank Rich) reigned supreme as *The New York Times* drama critic for over a decade. During his sway, the theatre community smarted under his acrimonious notices. When he walked into theatre receptions, the actors, it is alleged, walked out en masse. There were even rumors of plots against his life but, as anyone familiar with the New York scene

knows, there is no tyrant as immovable as a theatre critic who enjoys the confidence of his editorial hierarchy (Marowitz, 2005).

Oorsese resensente (veral Britse en Amerikaanse resensente) is invloedryk en kan nuwe talent se loopbane maak of breek. Toe Samuel Beckett se toneelstuk *Waiting for Godot* in 1955 geopen het, was die resensies oorweldigend negatief met resensent Bernard Levin wat dit as 'n merkwaardige stuk "twaddle" beskryf het. Phillip Hope-Wallace van *The Guardian* het met verwysing na die taal van die toneelstuk, geskryf dat dit "flat and feeble" is (Hope-Wallace, 1955). Dit was egter die gesiene en invloedryke resensente Harold Hobson in die *Sunday Times* en Kenneth Tynan in *The Observer*, wat met die gesag wat hulle gedra het, die toneelstuk (en die skrywer) in 'n oornagsukses verander het (Knowlson, 1996). Hobson het soos volg in die *Sunday Times*-resensie oor die stuk geskryf:

Go and see *Waiting for Godot*. At the worst you will discover a curiosity, a four-leaved clover, a black tulip; at the best something that will securely lodge in a corner of your mind for as long as you live (Nicole, 2007).

Die resensente het dus nie net talent raakgesien en uitgewys nie, maar ook moontlik een van dié klassieke werke van alle tye van obskureit gered. Die gehore het na hom geluister en die vertoning bygewoon (Nicole, 2007).

Wêreldwyd word gesprekke oor die kwaliteit van resensies gevoer. In die Britse *Sunday Times* skryf A.A. Gill in 'n artikel met die opskrif *It's curtain for the critics*: "Where once we had the wit of Tynan and Levin, today's theatre critics are a joyless, detached bunch. And it's not only their readers who get a raw deal – culture is suffering too." Gill beskryf die toestand van teaterkritiek in Brittanje as power en futloos. Hy spekuleer oor waarom moderne resensente nie oor die vermoë of talent beskik om, soos resensente van ouds, 'n opwindende en belangrike literêre bydrae tot teater te lewer nie (Gill, 2007).

1.2.3 Die lot van die resensiewese in Suid-Afrika

In Suid-Afrika is daar ook ongelukkigheid oor die kwaliteit van teaterkritiek, veral by die Afrikaanse kunstefeeste, soos byvoorbeeld die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) en die Aardklop Nasionale Kunstefees. Leon Kruger, 'n akteur en skrywer, rig sy pleidooi op die openbare internetforum LitNet se SêNet, waarin hy sy "misnoë en teleurstelling (...) uitspreek oor die gehalte en kwaliteit van sommige resensies in die *Krit* (die amptelike feeskoerant van die KKNK) tydens die afgelope Klein Karoo Nasionale Kunstefees" (Kruger, 2005). In 2011 het Kobus Burger, voormalige resensent van die dagblad *Beeld*, in 'n ope gesprek vuur gespoeg: "Die groot probleem in die land is dat kunstejoernalistiek dood is. Ek sal by die fees eerder 'n rol toiletpapier koop as om die feeskoerant, *Krit*, te koop" (Brümmer, 2011). Dis egter nie net by die Afrikaanse kunstefeeste waar hierdie debat woed nie. In Januarie 2009 verskyn 'n aankondiging in die *Los*

Angeles Times dat Steven Leigh Morris, die teaterredakteur van die *LAWeekly*, summier die trekpas gegee is en dat niemand anders in hierdie pos aangestel sal word nie. Morris vergelyk die situasie met die Franse revolusie. Die artikel verwys ook na 'n hele rits ander resensente wat by verskeie ander publikasies reeds die trekpas gekry het (Fung, 2009).

Die Suid-Afrikaanse situasie lyk nie veel beter nie en reeds in 2004 verskyn 'n rubriek deur kunsjoernalis Kobus Burger op LitNet met die opskrif "Kunstejoernalistiek is besig om 'n stille dood te sterf". Hy skryf:

Die dood het stadig by die agterdeur ingesluip en sy muwwe reuk tydsaam deur die vertrekke laat luier. Byvoorbeeld, *Rapport* (wat bestempel word as die grootste Afrikaanse koerant in Suid-Afrika op grond van sy leserstal) het eers sy kunsblad toegemaak. En toe is wyle Barrie Hough, *Rapport* se kunstekenner, vort. G'n plaasvervanger nie, net vervlakking (Burger, Litnet: 2004).

Vier jaar later het die situasie nie verbeter nie en maak Burger weer sy stem dik op die sosiale netwerk, Facebook, waar hy 'n verdere pleidooi (of dalk meer 'n eulogie) lewer:

(...) in South Africa arts journalism and critics are indeed dying. Not literally, but they are abandoning ship. Not to set foot on an exotic island. No, because they have to (Burger, 2009).

Burger se noodkreet belig onder meer die probleem dat daar 'n totale disrespek van die media se grootbase is teenoor goeie kunsjoernalistiek en kunsjoernaliste.

Waarom is daar soveel afdankings van teaterjoernaliste regoor die wêreld en waarom koester die mediahuise nie kunsjoernalistiek nie?

1.2.4 Drukmedia in krisis

In Januarie 2005 verskyn daar 'n noodkreet in die Franse koerant *Le Monde Diplomatique* onder die opskrif "Die Media in Krisis", waarin die redakteur, Ignacio Ramonet, die dalende sirkulasiesyfers van hierdie koerant noem en die verval van goeie betroubare joernalistiek bepeins (Ramonet, 2005). *The Economist* plaas 'n meer verdoemende artikel omtrent 'n jaar en 'n half later met die opskrif "The future of newspapers: Who killed the newspaper?" (2006). In die artikel word genoem dat die sirkulasiesyfers al vir dekades in lande soos Amerika, Wes-Europa, Latyns-Amerika, Australië en Nieu-Seeland daal, en dat, alhoewel die syfers in ander wêrelddele in die afgelope jare gestyg het, die koerantwese wêreldwyd 'n drastiese afname in leserstalle ervaar het. Dit hou direk verband met die stygende gewildheid van die internet. Die artikel maak ook paar voorspellings na aanleiding van Philip Meyer se boek *The Vanishing Newspaper* (2004):

Philip Meyer calculates that the first quarter of 2043 will be the moment when newsprint dies in America as the last exhausted reader tosses aside the last crumpled edition. That sort of

extrapolation would have produced a harrumph from a Beaverbrook or a Hearst, but even the most cynical news baron could not dismiss the way that ever more young people are getting their news online. Britons aged between 15 and 24 say they spend almost 30% less time reading national newspapers once they start using the web.

Die finale spyker in die doodskis kom dalk gouer as wat mens dink. Volgens *The Economist* berei die *San Francisco Chronicle* (gestig in 1865) homself voor om sy deure te sluit as gevolg van dalende sirkulasiesyfers, omdat lesers hul daaglikse nuus op TV, die internet of selfone ontvang. “San Francisco stands a fair chance of becoming the first major American city without a daily newspaper” (*The rebirth of news*, 2009).

1.2.5 Tradisionele media in Suid-Afrika

Die doodsklokke word ook in Suid-Afrika gehoor. “Wêreldwyd ervaar koerante die realiteite van die huidige ekonomiese krisis en die toenemende gewildheid van die internet,” skryf Hendrik Coetzee in *Die Burger* (Coetzee, 2008). In ’n radio-onderhoud beweer Ton Vosloo, direkteur van Media24, dat koerante soos wat ons dit vandag ken, heeltemal sal verdwyn en dat die internet die groot rolspeler in die wêreld van nuuslewering sal wees (Annette, 2008).

Hendrik Coetzee lewer ook verdere kommentaar op die koerantkrisis in *Die Burger*:

Ja, koerante is onder druk wat inkomste en verkoopsyfers betref en baie koerante het al begin om hul redaksies te verklein om op die lang termyn te oorleef. Dit is ’n proses wat uiters versigtig bestuur moet word omdat ’n verswakte nuuskantoor kan lei tot ’n verswakte produk. Dit is iets wat tot elke prys gekeer moet word.

Om te verseker dat koerante oorleef, is dit noodsaaklik dat hulle nie gehalte inboet nie. Die beste (en enigste) manier om dit te verwesenlik, is dat hulle belê in behoorlike strukture wat goeie gehaltebeheer sal verseker, en in goeie en ervare joernaliste (Coetzee, 2008).

Dit wil voorkom asof die moeilike ekonomiese omstandighede ’n enorme invloed op die joernalistieke wêreld kan hê.

1.2.6 Die “nuwe media” ’n bedreiging of oplossing?

Die internet en die “nuwe media” word as die nuwe platform vir nuuslewering gesien en die toekoms van die resensiewese is dan seker ook afhanklik van hierdie nuwe era waarin joernalistiek beweeg. Die resensiewese moet aanpas by hierdie nuwe joernalistieke era . Dit is ’n era van digitale sosiale netwerke soos Facebook, MySpace en Twitter, asook joernaalgerigte interaksie

met blognetwerke soos Blogspot, WordPress en Tumblr. Vinnige nuuslewering per SMS (*Short Message System*), BBM of Mxit. Digitale webkommunikasiesistels sluit sistels soos Skype, MSN Messenger en Google Chat in. Al hierdie kommunikasiesistels word onder die vaandel van “nuwe media” geplaas. Die digitale media of “nuwe media”, bied ’n geleentheid aan gebruikers om persoonlike inligting met ander gebruikers te deel, en dit bied ook aan gebruikers ’n platform waar hulle hul persoonlike opinies en menings kan lug vir die wêreld se internetgebruikers. Vryheid van spraak kry nuwe betekenis en dié reg vind ongesensureerd en sonder hekwagters plaas. Die “nuwe media” is opwindend en bevrydend. Maar hierdie nuutgevonde “elektroniese” vryheid, bring sekere kwelpunte na vore. Dis geen verrassing dat menige amateurkommentators en professionele resensente nuwe elektroniese geleenthede aangegryp het nie. Professionele resensente het reeds in blogs en forums bydraes begin lewer, maar hier is egter ook ’n probleem. Die resensiewese is ’n professionele bedryf. Die meeste elektroniese forums, blogs en webtuistes het gewoonlik geen amptelike verbintenis met enige tradisionele mediamaatskappy wat met hekwagters en streng professionele kodes die inhoud reguleer nie. Joernaliste se deelname en opinies op sosiale netwerke het ook al sy tol geëis. So is die Suid-Afrikaanse koerant *The Citizen* se fotojoernalis Johann Hattingh afgedank omdat hy op Twitter sy werkgewer gekritiseer het vir wat hy geglo het onetiese manipulerings van sy foto’s was (Keogh, 2012).

Die elektroniese inhoud van die “nuwe media” is ook meestal gratis beskikbaar. Daar is geen regulering in die aanstelling of toestemming wat verleen word oor wie bydraes mag lewer nie. Die internetgebruiker word ’n selfaangestelde joernalis en resensent, sonder die noodwendige vaardigheid, opleiding of ondervinding. Hieruit spruit geweldig baie probleme, wat in latere hoofstukke meer gedetailleerd ondersoek sal word.

Die resensent Michael Billington skryf soos volg op *The Guardian* se blog: “We are all now exposed to the democratic hurly-burly of blogs, where our opinions can be countered, corrected, reviled or even, on rare occasions, endorsed” (2007). Billington belig die positiewe van die blog en die onmiddellikheid van debat wat gegenerer word, maar sê steeds dat hy ’n voorstander is vir die gedrukte resensie. Lyn Gardner (2007), ’n resensent by dieselfde Britse koerant, skryf ook op *The Guardian* se blogosfeer dat die internet en blogosfeer wat nog in sy babaskoene is, dalk net teaterkritiek ’n nuwe lewe kan gee en dat dit ’n geleentheid bied om die leserstalle te vermeerder en ’n wyer gehoor te genereer. Voorts daag sy koerante en resensente uit om die nuwe uitdaging wat “this new world” bied, met ywer aan te pak (Gardner, 2007).

Wat is die uitdaging wat die resensiewese binne hierdie nuwe elektroniese bestel konfronteer? Hoe kan gehalteresensies verseker word en die kuns van die resensie gekoester word binne die almal-en-alles-wat-wil-skrif-mag-skrif-kultuur? Dit wil voorkom of die skrif teen die muur is vir gedrukte koerante en, getrou aan die Engelse spreekwoord, is die keuse “adapt or die”.

1.3 Hoofnavorsingsvraag en doelstellings

Uit die agtergrond en inleidende bespreking, kan die hoofnavorsingsvraag gestel word as: Wat is die stand van teaterkritiek in die nuwe era van *blogging* en sosiale netwerke? 'n Verbandhoudende ondersoek is hoe die nuwe media as 'n nuwe platform gebruik kan word om die resensiewese te ondersteun en versterk. Ten einde hierdie vrae te beantwoord, is die volgende doelstellings uiteengesit:

- die definiëring van die funksie, verwagtinge en kriteria vir 'n goeie resensie en 'n goeie resensent;
- 'n ondersoek na die stand van die tradisionele media ook ten opsigte van die resensiewese;
- die ondersoek van uitdagings wat die resensiewese binne konteks van die “nuwe media” in die gesig staar en moontlike oplossings en voorstelle om goeie teaterkritiek binne hierdie nuwe medium te koester; en
- die samestelling van 'n voorgestelde model vir die ontwikkeling en behoud van 'n gesonde resensiewese in die Wes-Kaap met in agneming van die potensiaal van die “nuwe media” se.

1.4 Metodologie

Die navorsing sal merendeels aan die hand van 'n uitgebreide literatuurstudie van internasionale en nasionale geskryfte oor die resensiewese deur akademici, kommentators en praktisyns geskied om 'n beskrywende oorsig te gee oor die media en die enkele aspekte rakende die resensiewese. Hierdie studie se navorsingsvraagstuk handel grotendeels oor 'n snelveranderende tegnologiese/elektroniese omgewing, en daarom sal internetbronne ook 'n groot gedeelte van die navorsingsmateriaal beslaan. Navorsing sal ook ongestruktureerde onderhoude en gesprekke met Suid-Afrikaanse teaterresensente, teaterpraktisyns, akademici en webmeesters insluit. Die Suid-Afrikaanse situasie, en veral dié in die Wes-Kaap, is die hoofokus van die navorsing. Alhoewel die navorsing ook die breë nasionale konteks in ag sal neem, asook na die internasionale situasie sal verwys, sal die studie hoofsaaklik om praktiese redes fokus op die resensiewese in die Afrikaanse media in die Wes-Kaap en een van die Afrikaanse kunstefeeste, nl. die Klein Karoo Nasionale Kunstefeeste.

1.5 Struktuur van die studie

Die studie stel ondersoek in na verskillende aspekte van die medialandskap waarin teaterresensies verskyn. Die tweede hoofstuk ondersoek die huidige situasie van die tradisionele

media, oftewel die drukmedia soos koerante en tydskrifte. Die doelstelling is om die resensiewese binne die bedryf se huidige, tradisionele milieu te evalueer en ondersoek in te stel na die uitdagings wat die resensiebedryf in die gesig staar binne die tradisionele media.

In die derde hoofstuk word die rol en funksie van die resensent gedefinieer, asook die verwagtinge wat op die resensent geplaas word deur die publiek, teatergemeenskap en die joernalistieke bedryf. Riglyne vir 'n goeie resensie word ook belig. Die doelstelling is om teaterkritiek volgens hierdie definisies en riglyne binne die konteks van die “nuwe media” te evalueer en die uitdagings wat die “nuwe medium” bied, te identifiseer.

Die vierde hoofstuk bespreek definisies en die spesifieke elemente van die “nuwe media” wat op hierdie verhandeling van toepassing is. Die doelstelling is om die potensiële nuwe landskap te identifiseer en om sodoende die potensiaal vir die resensiewese binne die nuwe konteks te bespreek.

Die resensiewese het reeds die “nuwe media” as platform begin gebruik. Hoofstuk 5 ondersoek en evalueer bestaande voorbeelde van resensies binne die konteks van die “nuwe media”. Die voorbeelde word volgens die riglyne en funksies wat reeds in hoofstuk 3 bepaal is, geëvalueer. Hierdie evaluering is belangrik ten einde die gebreke, probleme en uitdagings wat met die voorbeelde ondervind word, te bepaal. Dit is ook belangrik om te bepaal of daar alreeds 'n beproefde en suksesvolle samesmelting tussen die resensiewese en die “nuwe media” bestaan.

Die voorlaaste hoofstuk bespreek 'n voorgestelde model (binne konteks van die nuwe media) vir die resensiebedryf. Hierdie model is streeksgebonde en spesifiek saamgestel vir die Wes-Kaap. Dit is egter 'n model wat aangepas kan word vir enige streek. Die model inkorporeer die inligting en gevolgtrekkings van die voorafgaande hoofstukke, en gebruik beproefde en geslaagde elemente van soortgelyke voorbeelde uit die res van die wêreld. Die model is 'n witskrif om nie net probleme te identifiseer en aan te spreek nie, maar om 'n fondament te vorm vir 'n gesonde resensiebedryf in die Wes-Kaap. Verder poog dit om die bedryf te stimuleer, te ontwikkel en in stand te hou, en veral die “nuwe media” in ag te neem.

HOOFSTUK 2 : DRUKMEDIA IN KRISIS EN DIE OPKOMS VAN DIE ELEKTRONIESE MEDIA

“*Society doesn't need newspapers. What we need is journalism*” (Shirky, May 2009).

2.1 Inleiding

Die elektroniese media (die “nuwe media”) se opkoms het die tradisionele gedrukte media in ’n krisis gedompel. Die verwickelinge stel nuwe eise aan die medialandskap. In hierdie hoofstuk word die impak van die elektroniese media op die gedrukte media en die uitdagings wat dit teweeg bring, bespreek.

Die huidige situasie (in 2012) met die tradisionele media en die opkoms van die “nuwe media” het ’n regstreekse invloed op die resensiebedryf, en dis belangrik om ondersoek in te stel na die veranderende mediabedryf om sodoende die resensiebedryf te evalueer en te bespreek. Hierdie hoofstuk ondersoek die posisie van die resensent as joernalis binne die veranderende joernalistieke omstandighede met betrekking tot die tradisionele media. Daar word ook inleidend ondersoek ingestel na die invloed van die “nuwe media”, maar hierdie aspek word in ’n latere hoofstuk meer in diepte bespreek.

2.2 Die dood van koerante en tydskrifte

Dit wil voorkom asof doemprofete die doods klokke lui vir die tradisionele gedrukte media. Verskillende aspekte van die huidige situasie van die tradisionele media word kortliks in die volgende paar punte bespreek.

2.2.1 Dalende sirkulasiesyfers

Die Franse koerant *Le Monde* het aangekondig dat die gedrukte media in krisis is (Ramonet, 2005). Die media is vol bespiegeling oor wat dié krisis teweegbring het.

Van die hoofredes wat aangevoer word, is ’n drastiese daling in leserstalle, ’n daling in advertensie-inkomste, ’n veranderende samelewing en die opkoms van die “nuwe media” (spesifiek die internet en “nuwe generasie”-selfone) (Lavrusik, 2009).

Die internasionale sirkulasiesyfers van koerante het reeds in 2003 drasties begin daal, maar die daling het in 2008 verskerp. Die dagblaai se sirkulasiesyfers het oor ’n sesmaandeperiode, wat op 30 September 2008 geëindig het, met 4,6% gedaal (*The State of the News Media*, 2009).

Die Suid-Afrikaanse situasie is nie veel beter nie. Volgens ’n verslag saamgestel deur OMD South Africa, het die sirkulasiesyfer van *Die Burger* vanaf 2005 tot 2009 met 23 900 gedaal. Hierdie

tendens kan by meeste Suid-Afrikaanse koerante en tydskrifte bespeur word (OMD mediaverslag, 2010).

2.2.2 Dalende advertensie-inkomste

Die afname in koerante se sirkulasiesyfers bring ook 'n inkrimping in die advertensie-inkomste teweeg (Kuang, 2009). Die wêreld gaan tans gebuk onder 'n ekonomiese resessie en dit het 'n enorme impak op maatskappye wat gereelde adverteerders in die drukmedia was (Lavrusik, 2009).

Een van die wêreld se grootste en invloedrykste koerante, *The New York Times*, het reeds in 2009 'n daling van 27% in advertensie-inkomste beleef (Sweney, 2009). Amerikaanse gebruikerstydskrifte se advertensie-inkomste het met gemiddeld 30% gedaal (Saitto, 2009).

In Julie 2009 berig *Beeld* soos volg:

In Amerika word September allerweë as die begin van die tydskrifjaar beskou. Toptitels se advertensieblaaie vir September het egter reeds met dubbelsyfer-persentasies gedaal vergeleke met verlede jaar weens die resessie en die tendens van advertensiebesteding weg van drukmedia na digitale media (Ferreira, 2009).

Gefokuste, indiepte-joernalistiek is nog altyd gesubsidieer. Meeste van die finansiering die afgelope dekade was afkomstig van adverteerders (Shirky, 2009).

In 'n 2009- Suid-Afrikaanse mediaverslag deur *PriceWaterhouseCoopers, Global Entertainment and Media Outlook*, is die voorspellings vir die gedrukte media in Suid-Afrika ook verdoemend (*Global Entertainment and Media Outlook*, 2009)..

Die drie groot gelyste mediamagnate in Suid-Afrika, Naspers, Avusa en Caxton, staar 'n daling van 12,1% in advertensie-inkomste hierdie jaar en 'n verdere 2,7% in die daaropvolgende jaar in die gesig. Daar word verder voorspel dat die daling 13,3% laer sal wees in 2011 as in 2008 (Shevel, 2009).

Die mediamagnaat Rupert Murdoch glo egter dat advertensie-inkomste eers weer oor twee of drie jaar sal styg, maar dat dit nie weer soveel inkomste soos vantevore sal kan genereer nie. Hy glo dat die afname in advertensie-inkomste in 2009 'n kombinasie was van die wêreldresessie en die "hurting newspaper" ¹(Clark, 2009).

¹ Hierdie kommentaar is gelewer voor die groot skandaal en uiteindelijke sluiting van Rupert Murdoch se *News of the World*-koerant in 2011.

² Afrikaans vir "Smartphones" is Slimfone en word gekategoriseer as "nuwe generasie"-selfone.

2.2.3 Die opkoms van die nuwe media

In die Verenigde State van Amerika speel die opkoms van breëband-internetverbindings 'n groot rol in die krisis wat die gedrukte media beleef. Die “nuwe media” kompeteer met die koerantlesers se tyd. Die internet en koerante kompeteer ook nou vir dieselfde adverteerders (Berger, 2009).

2.2.4 Betaal vir nuus

Volgens die mediamagnaat Rupert Murdoch behoort nuuswebtuistes, ter wille van oorlewing, nie gratis te wees nie en moet besoekers betaal om die inhoud te lees (Clark, 2009). Die advertensie-inkomste wat deur die koerante se webtuistes gegenereer word, is nie genoeg om oorlewing te verseker nie. Hy verwys na die *The New York Times* wat volgens hom die mees populêre nuuswebtuiste in die VSA is en argumenteer dat hulle nie hul bedryfskoste met hul aanlyn-advertensies kan dek nie (Clark, 2009).

Die probleem is egter dat internetgebruikers se gewoontes nie skielik verander kan word nie; daar word aangevoer dat internetgebruikers reeds gekondisioneer is dat inligting gratis is. As 'n internetgebruiker nie die nuus gratis op een webtuiste vind nie, sal hy/sy dit op 'n ander webtuiste wel gratis kan vind (Clark, 2009).

Douglas Wolk skryf soos volg in 'n artikel, *Future of Newspapers: Profitless? Go Wireless*, op die webtuiste *wired.com*: “It's undeniable that the going rate for information on the internet is 'free'. That's meant big trouble for newspapers, which have seen nearly all of their traditional roles usurped by better, faster, free online services over the past few years. If a newspaper doesn't make its content available gratis on the Web, it's irrelevant. If it does, it's got nothing left to sell but fishwrap and inkstains.” (2009)

Murdoch maak die verdere stelling:

As online ad revenue growth stumbles and in some cases falls, publishers are being forced to rethink whether charging for access is possible, or whether readers would simply stop going to their websites (Clark, 2009).

Murdoch is egter steeds van mening dat nuus nie gratis op die web moet wees nie en dat koerante wel fooie moet vra vir nuus op die internet. Les Hinton, uitgewer van *The Wall Street Journal*, het in 'n 2009-toespraak die soekenjin, *Google*, 'n digitale vampier genoem. Volgens Hinton is die kultuur dat nuus gratis beskikbaar is, gekweek deur koerante wat uit die staanspoor nuus gratis op die internet aangebied het (Flamm, 2009). Die gebruik van 'n gratis lokaas om mense te lok om te betaal, werk egter nie met koerante nie.

And the revenue from internet advertising is less a stream than a dribble – nowhere near enough to support a robust paper (or paperless paper) on its own” (Wolk, 2009).

Die grootste probleem is egter dat niemand tans oor 'n stelsel beskik wat 'n oplossing bied vir hul krisis nie. Die meeste koerante ondersoek twee stelsels. Die een stelsel is die “metered model” waar besoekers gratis toegang het vir 'n sekere hoeveelheid artikels en daarna betaal vir verdere toegang. Die ander stelsel is 'n lidmaatskapstelsel. Besoekers moet ledegeld betaal en sal dan nie alleen toegang tot die webtuiste en alle nuus ontvang nie, maar ook verskeie byvoordele ontvang. (Andrews, 2009) Hierdie byvoorbeelde sal byvoorbeeld toegang tot die argiewe van die publikasie wees, of spesiale kompetisies, of spesiale uitnodigings na spesiale gebeure of spesiale aanbiedings wat sekere geleenthede of kaartjies of items goedkoper aanbied aan intekenare as aan diegene wat nie ingeteken is nie.

Daar word ook aangevoer dat die krisis wat die gedrukte media beleef, ten sterkste beïnvloed word deur 'n veranderende samelewing en gemeenskap (Lavrusik, 2009). Paul Starr, 'n sosioloog in mediastudies, merk soos volg op:

Journalism is not only about uncovering facts and framing stories; it's also about assembling a public to read and react to those stories. A public is not merely an audience. (...) A public, by contrast, is a group of people who not only know things, but know other members of the public who know things as well. Both persistence and synchrony matter, because journalism is about more than dissemination of news; it's about the creation of shared awareness (Shirky, 2009).

2.2.4.1 Die Suid-Afrikaanse situasie

Naspers het reeds vroeg begin eksperimenteer met verskillende stelsels vir die Suid-Afrikaanse mark. Media24 is spesifiek gestig om die aanlynmark te ondersoek. Internetreklame is nie baie sterk in Suid-Afrika nie en Naspers se plaaslike internetwebwerwe is nog nie winsgewend nie (Harris, 2008).

Volgens navorsingsbevindinge deur World Wide Worx wat op die TimesLive-webtuiste gepubliseer is, was daar teen die einde van 2011 reeds 8,5 miljoen internetgebruikers in Suid-Afrika in vergelyke met die 6,8 miljoen internetgebruikers in 2010. World Wide Worx voorspel ook dat die internetgebruikers in Suid-Afrika teen die einde van 2012 die 10 miljoen-mytpaal sal oorskry. (*Number of South African internet users grows*, 2012).

Die grootste probleem is egter die monopolie van Telkom, die hoë internetgebruikersfooie in Suid-Afrika, asook die feit dat internet in Suid-Afrika nog relatief stadig is:

A perfect storm of coinciding crisis is killing some US newspapers and hurting many others, and the people within the South African press are getting nervous. It's right that they should. But our pre-broadband era provides some breathing space to avoid a similar fate. It depends on how we use the period (Berger, 2009).

The migration to online is not expected to impact significantly as long as broadband penetration is limited” (Shevel, 2009). Hierdie pre-breëband-era wat Berger beskryf is egter amper iets van die verlede vir Suid-Afrika. In Julie 2009 is die Seacom- ondersese kabel in werking gestel en volgens Arthur Goldstuck, ’n telekommunikasieontleider, sal hierdie kabel internetgebruik in Suid-Afrika drasties laat groei (Ferreira, 2009:3). Teen die einde van 2011 was die kapasiteit van die ondergrondse seekabel 2,69 terabytes per sekonde, World Wide Worx het voorspel dat hierdie kapasiteit/spoed teen die einde van 2012 tot 11,9 terabytes per sekonde sal vermeerder (*Number of South African internet users grow*, 2012).

Berger het seker reg as hy beweer dat dit nog lank sal duur voor die internet die gedrukte media in Suid-Afrika heeltemal vervang. Hy beklemtoon ook die belangrikheid dat hierdie oorgangstydperk wys gebruik moet word: “The imperative is fitness for transition to a time when South Africa does enjoy ubiquitous internet (on desktop computers or cellphones)” (Berger, 2009).

Morgan Robson het as ’n intern vir *US Investment Bank* in ’n media-analise bevind dat tieners nie die moeite sal doen om bladsye se teks te lees as die nuus en inligting wat hul verlang eerder opsommend verkrygbaar is op die internet of op televisie nie (Kollowe, 2009). Die jonger generasies is egter nie alleen te blameer vir die afname in die gedrukte media se sirkulasiesyfers nie. Volgens ’n verslag deur *The Pew Research Center* in Amerika, is die afname in leserstalle nie net ’n generasiegaping nie, want afnames word ook by ouer lesers bespeur (Dilling, 2009).

2.2.5 Herdefiniëring van die samelewing en gemeenskap as gevolg van die opkoms van die “nuwe media”

Die “nuwe media” het ’n algehele herdefiniëring van die samelewing en gemeenskap teweeggebring:

The logic of the Internet, a medium that is natively good at helping groups communicate at vanishingly low cost, is that the act of forming a public has become something the public is increasingly doing for itself, rather than needing to wait for a publication (note the root) to do it for them. More publics will form, they will be smaller, shorter-lived, and less geographically contiguous, and they will overlap more than the previous era’s larger, more rooted, more stable publics (Shirky, 2009).

Dis ook nie meer ’n redaksie wat besluite neem oor die inhoud wat op ’n webtuiste of blog gepubliseer word nie; met sosiale netwerke soos Twitter en Facebook is dit die gebruikers wat die inhoud bepaal (Shirky, 2009). Met ander woorde, die inhoud van tradisionele media (gedrukte media) is deur ’n betaalde professionele redaksie saamgestel; die internet gee nou die bepaalde beheer oor aan Jan Publiek om inligting self weer te gee en met andere te deel. Dit geskied nie noodwendig met die nodige integriteit of professionaliteit nie en die inhoud het ook nie noodwendig substansie nie.

Internetgebruikers bring al hoe meer tyd deur op sosiale netwerke (soos Facebook, MySpace en Twitter). Hierdie bestemmings “then offer advertisers an audience that is relatively stable. Contrast that proposition to erratic search-engine traffic which comes to online newspapers on a once-off basis (Berger, 2009).

Lionel Barber, redakteur van die *Financial Times*, waarsku dat die nuwe digitale media ‘n groot bedreiging is vir die bestaande nuusorganisasies. Volgens Barber sal die organisasies wat op spesialiskennis en -areas fokus, ‘n groter geleentheid hê om suksesvol te wees (Plunkett, 2009).

2.2.5.1 Herstrukturering binne die drukmedia

Koerante regoor die wêreld is reeds vir die afgelope paar jaar besig met drastiese herstrukturering van hul besighede. Ongelukkig beteken herstrukturering vir die meeste koerante die afdanking van personeel en joernaliste. Erica Smith hou tred met afdankings van joernaliste in die VSA op die webtuiste *Newspaperlayoffs.com*. In 2009 is 14 828 mense by verskillende koerante afgedank. Dit ten spyte van meer as 17 000 mense wat hul werk verloor het vanaf Junie 2007 tot Desember 2008. Vanaf 2010 tot 2012 het meer as 8 960 joernaliste die trekpas gekry (Smith, 2012).

Nichols en McChesney bekla die lot van joernalistiek in ‘n artikel wat in *The Nation* verskyn:

So this is where we stand: much of local and state government, whole federal departments and agencies, American activities around the world, the world itself – vast areas of great public concern – are either neglected or on the verge of neglect. Politicians and administrators will work increasingly without independent scrutiny and without public accountability. We are entering historically uncharted territory in America, a country that from its founding has valued the press not merely as a watchdog but as the essential nurturer of an informed citizenry. The collapse of journalism and the democratic infrastructure it sustains is not a development that anyone, except perhaps corrupt politicians and the interests they serve, looks forward to (Nichols, 2009).

Daar is ‘n besorgdheid dat die kostebesparings wat gemaak word net ‘n verdere spyker in die kis van die koerantwese en professionele joernalistiek sal wees. Die vraag is of koerante se vinnige herstrukturering en afdankings nie ‘n direkte impak op die kwaliteit van die produk het nie. Berger vra ook die volgende vrae: “Are gains in productivity (in terms of output per journalist) related to more stories being produced per employee? Or are there steps to raise productivity in terms of quality?” (Berger, 2009)

Koerante is egter ook ten sterkste beïnvloed deur die opkoms van die amateurskrywers, in die vorm van die blogger. John Plunkett berig in *The Guardian* dat *Financial Times*-uitgewer Lionel Barber sê:

Made a distinction between 'crafted' journalism and blogs 'largely based on opinion rather than established fact [and] becoming increasingly influential in setting the news agenda (2009).

Barber het ook gesê bloggers was reeds verskeie male eerste om stories aan die wêreld te breek en hulle sal voortgaan om 'n belangrike rol in die nuuswêreld te speel. Hy beklemtoon egter dat die meeste bloggers onervare joernaliste is en dat hulle nie dieselfde vakmanskap as professionele joernaliste het nie en nie noodwendig aspirasies het om die kuns van joernalistiek te bemeester nie. Bloggers se verslaggewing is gereeld gebaseer op hoor-sê en nie op feite nie. "They are rarely engaged in the pursuit of original news; their bread and butter is opinion and comment" (Plunkett, 2009).

2.3 Alternatiewe apparaat en die "nuwe media"

Die "nuwe media" sluit ook die gebruik van onder meer selfone in. Die sogenaamde "nuwe generasie"-fone, oftewel slimfone, verander ook die manier waarop mense nuusgebeure beleef en sien. En alhoewel dit blyk dat internetgebruikers nie bereid is om vir informasie en inhoud op die internet te betaal nie, is hulle tog bereid om te betaal vir informasie wat op hul selfone afgelewer word. iPhone het reeds 'n biljoendollar-besigheid rondom toepassings (*apps*) wat ekstra dienste lewer, gebou (Wolk, 2009).

In Suid-Afrika verkry meer as 7,9 miljoen gebruikers toegang tot die internet via hul selfone (*Number of South African internet users grow*, 2012).

Die toekoms van selfoonnuuslewering is opwindend en die voorspelling is dat gebruikers in die toekoms sal betaal vir gelokaliseerde inligting, maar nie vir nuus of inligting van die res van die wêreld nie.

What hyperlocal news subscribers would be paying for is having the information now where they are. Within a few years, the economics of mobile news could mean that you can find out what's happening on the other side of the world for free, but pay to understand what's happening just around the corner (Wolk, 2009).

Greta Daval, dosent in joernalistiek by *Berkeley's Graduate School of Journalism*, beweer die volgende:

We're finding that an increasing number of young people are getting their news from smartphones², and the more people use their phones to access information, the more they want to know what's happening where they are right now (Wolk, 2009).

² Afrikaans vir "Smartphones" is Slimfone en word gekategoriseer as "nuwe generasie"-selfone.

Die slimfone soos iPhone en Blackberry het internettoegang vergemaklik, en toegang tot webtuistes, blogs en sosiale netwerke is enige tyd enige plek beskikbaar (met toegang tot 'n netwerk of diensverskaffersein as voorvereiste).

Verskeie produkte is ook besig om die mark te verander en nuwe opwindende opsies aan gebruikers te bied. Amazon se Kindle is 'n "Wireless Reading Device". Hierdie baie gewilde en revolusionêre produk is ontwerp sodat gebruikers boeke, koerante en tydskrifte kan aflaai en op die elektroniese eenheid lees. 'n Kindle is groter as 'n selfoon, maar is baie kleiner as 'n skootrekenaar en kan in een hand vasgehou word. Verskeie top- Amerikaanse en internasionale koerante en tydskrifte is elektronies beskikbaar vir die Kindle-tegnologie en kan maklik afgelaai word deur Kindle-eienaars. Die publikasies sluit *The New York Times*, *Wall Street Journal*, *Washington Post*, *TIME Magazine*, *Forbes*, *Le Monde*, *Frankfurter Allgemeine Zeitung*, en *The Irish Times* in (*Kindle: Magazines*, 2013).

Apple se iPad bied nóg meer moontlikhede met interaktiewe toepassings (*apps*). Koerante, tydskrifte en boeke is beskikbaar gestel met kruisverwysende skakels na argiefmateriaal of ander internetbronne. Die boeke beskik ook oor 'n ingeboude woordeboek waar lesers maklik verklarings vir woorde kan verkry. Meer oor die iPad in hoofstuk 4.

Tegnologie soos Amazon se Kindle en Apple se tablet, die iPad, is dalk nog 'n lewenslyn vir publikasies, aangesien gebruikers inteken op die publikasies en tussen \$6 en \$14 per maand betaal om die publikasies op hul Kindle-toestelle af te laai (Wolk, 2009).

Microsoft het ook die moontlikheid van 'n "electronic newspaper transmitted onto foldable, touch-sensitive 'paper'" voorspel by 'n konferensie waar daar gespekuleer is oor die tegnologiese toekoms teen die jaar 2019 (Wolk, 2009). Daar is ook 'n maatskappy, Plastic Logic, wat in Januarie 2013 'n koerantspesifieke toestel bekend gestel het (Plastic Logic, 2013).

2.3.1 Internetgebruik in Suid-Afrika

Suid-Afrika se internetgebruik het volgens World Wide Worx gestyg van 2 400 000 in 2000 (5,5% van die bevolkingsyfers van daardie jaar) tot 5 300 000 gebruikers in 2009 (10,8% van die bevolkingsyfers van daardie jaar) (South African Internet Usage, 2012). In nege jaar het die verbruikertal dus verdubbel. Daar word voorspel dat die hoeveelheid internetgebruikers in 2014 tot die 9 miljoen-merk sal styg, hoofsaaklik as gevolg van vyf nuwe telekommunikasiekabels wat onder die see na Suid-Afrika aangelê sal word (Internet in South Africa, 2012).

Suid-Afrika se verbindingspoed is egter tans baie laer as die wêreldgemiddeld van 10 Mb/s (megagreep per sekonde). Suid-Afrika se spoed is gemiddeld 2,89 Mb/s (Muller, 2012).

Volgens die *South Africa Web*-webtuiste, het 1,4 miljoen Suid-Afrikane aktiewe sosiale netwerkprofiel. Daar is ongeveer 26 000 Suid-Afrikaanse blogs wat deur ongeveer 600 000 gebruikers gelees word (*Internet in South Africa*, 2011).

Die statistiek dui dus op 'n gesonde groei in gebruikers van die internet met 'n enorme potensiele gebruikersmark van nuwe media.

2.4 Die “nuwe media”

2.4.1 Webtuistes en die blogosfeer

2.4.1.1 Webtuistes

Die Wêreldwye Web (www) is in 1990 deur die fisikus Tim Berners-Lee geskep. Vandag word na die WWW verwys as die internet. Die internet bestaan uit verskillende webtuistes. Afhangend van 'n webtuiste se funksie, kan dit in verskillende kategorieë verdeel word wat persoonlike webtuistes, kommersiële webtuistes, regeringswebtuistes en nie-winsgewende webtuistes insluit.

Webtuistes word deur individue, besighede of organisasies geskep, en is gewoonlik ingestel op 'n spesifieke onderwerp of het 'n spesifieke doelwit.

Statiese webtuistes gebruik 'n formaat wat *HyperText Markup Language* (HTML) genoem word, en dit is moontlik vir enige individu om sy/haar eie webtuiste te skep met programme soos Microsoft se Publisher-program, Microsoft se Frontpage-program en Adobe Dreamweaver.

Webtuistes is interaktief en sluit soms hiperskakels (wat een webtuiste met 'n ander verbind), video, klank en ander multimedia-elemente in. Elke webtuiste het 'n *URL (Uniform Resource Locator)* wat die webadres genoem word en hierdie is 'n direkte skakel na die webadres.

Webtuistes vorm die basis waarop die blogosfeer en sosiale media gebou is.

Die mees populêre webtuistes in Suid-Afrika is Gumtree, News24, Standard Bank, ABSA Bank, First National Bank (FNB), Independent Online (IOL), Amazon en sosiale netwerke soos Facebook en Twitter (Saunders, 2011). In Suid-Afrika is nuus-, bank- en geklassifiseerde advertensie-webtuistes, dus die gewildste. Hierdie webtuistes is moontlik die gewildste omdat dit gebruikers in staat stel om sake buite vaste besigheidsure te doen, daaglikse nuus bied en dienste lewer wat andersins nie beskikbaar is nie.

Alhoewel die meeste van die webtuistes gratis toegang aan gebruikers verleen, is daar sommige van die webtuistes wat subskripsiefooi vereis alvorens toegang tot die inhoud van die webtuiste verkry kan word. Subskripsiewebtuistes sluit besigheidswebtuistes, nuuswebtuistes, akademiese

joernaal-webtuistes, webgebaseerde e-pos, sosiale netwerk–webtuistes, ensovoorts in (Wikipedia: Websites, 2011).³

2.4.1.2 Blogosfeer en blogs

Die eerste gepubliseerde of elektronies gepubliseerde blog wat op 17 Desember 1997 verskyn het, was deur Jorn Barger. Barger het 'n lys opgestel van webtuistes wat hy besoek het, en dit op die internet gepubliseer. Hierdie inskrywing is 'n "weblog" genoem (Wortham, 2007).

Die term *blog* is 'n verkorte vorm van die term "weblog". Peter Merholz het in 1999 op sy "weblog" die term geplaas as "we blog" op sy webtuiste: "For What It's Worth: I've decided to pronounce the word 'weblog' as wee'-blog. Or 'blog' for short" (Baker, 2008). 'n Blog is dus 'n persoonlike webtuiste waar persoonlike inskrywings en gedagtes geplaas word.

Die moderne blog⁴ kan in 'n paar kategorieë verdeel word, onder meer persoonlike blogs, korporatiewe en organisatoriese blogs, blogs per genre, mediatipe blogs, blogs wat gedefinieer word deur die toerusting wat gebruik word om dit mee te publiseer en *reverse* blogs (Wikipedia: Blog, 2012). Die blogtipes waarop hierdie studie sal fokus, is die persoonlike blog, die blogs per genre en *reverse* blogs.

Die persoonlike blog is individue se blogs waar die bloggers hul persoonlike opinies lug, inligting deurgee wat vir die blogger interessant is en persoonlike informasie oor hom-/haarself publiseer.

Die blogs per genre is 'n blog wat op 'n spesifieke onderwerp ingestel is. Voorbeelde van onderwerpe is politieke blogs, reisblogs, modeblogs, opvoedkundige blogs en die blogs wat op hierdie studie van toepassing is: teater- en kunsblogs.

Volgens 'n studie deur *The Nielsen Company* was daar meer as 156 miljoen publieke blogs op die internet op 16 Februarie 2011 beskikbaar (Lim, 2011). Agrigator het in 2010 bepaal dat Suid-Afrika 9 183 blogs gehad het (Sunday, 2010).

2.4.1.3 Sosiale Media

Elektroniese sosiale netwerke sluit in Facebook, YouTube, MySpace, Twitter en Google+. Dit integreer persoonlike netwerke van lede op die internet, en geregistreeerde gebruikers kan

³ Ek is bewus daarvan dat Wikipedia nie altyd as 'n geloofwaardige akademiese bron beskou kan word nie. Die snelveranderende aard van die "nuwe media" en tegnologie impliseer egter dat daar nie ander meer "geloofwaardige" bronne beskikbaar is nie. Die gebruik van hierdie tipe bron, word sover as moontlik in hierdie studie beperk.

⁴ Daar is geen alternatiewe Afrikaanse term vir "blog" nie en die term het in Afrikaans volksbesit geword.

byvoorbeeld kontak maak met “vriende van vriende”. Van hul eienskappe sluit in adresboeke en profiele, maar dit word grotendeels gebruik vir die deel van foto’s, musiek, dagboeke, boodskappe en video’s (Kung, 2008:69).

2.4.1.3.1 Facebook

“Facebook’s mission is to give people the power to share and make the world more open and connected” (Facebook, 2012).

Facebook is op 4 Februarie 2004 deur Mark Zuckerberg, Eduardo Saverin, Dustin Moskovitz en Chris Hughes gestig (Carlson, 2010). Teen Februarie 2012 het Facebook meer as 845 miljoen gebruikers gehad (Protalinski, 2012). Teen Augustus 2012 het Suid-Afrika meer as 5,33 miljoen gebruikers gehad (Social media 'breaking barriers' in SA, 2012).

Die Facebook-informasiebladsy beskryf Facebook as volg:

Millions of people use Facebook every day to keep up with friends, upload an unlimited number of photos, share links and videos, and learn more about the people they meet. ‘Like’ this page for ongoing updates on new products, announcements and stories (Facebook, 2012).

Facebook bied aan sy gebruiker verskeie funksies wat interaktiewe betrokkenheid stimuleer. Gebruikers kan hul status⁵ opdateer, hulle kan kommentaar lewer op hul eie of op ander gebruikers se status (ook deur middel van ‘n “hou van”-knoppie), hulle kan skakels deel op hul Facebook-profiel⁶, en hulle kan notas skryf (wat meer soos ‘n blog-inskrywing is). Gebruikers kan multimedia soos foto’s en video met die Facebook-gemeenskap deel, en hulle kan ander Facebook-gebruikers ook uitnooi na ‘n spesifieke geleentheid deur die skep van ‘n geleentheidsbladsy.

2.4.1.3.2 Twitter

Twitter se webtuiste beskryf die sosiale media as ‘n informasienetwerk wat die individu in kontak bring (connect) met die nuutste stories, opinies, idees en nuus. Deur die onderskeie profiele te volg van die mense of instansies wat ‘n gebruiker interessant vind, filtreer die gebruiker die informasie

⁵ Hier kan ‘n gebruiker enige gedagte of opmerking invul.

⁶ Elke gebruiker het sy eie “profiel” wat al sy informasie en gedeelte inligting vertoon.

wat hy/sy ontvang. *Twitter* stel die gebruiker in staat om met 140 karakters nuus, idees en opinies te deel óf te ontvang (Twitter, 2012).

Hierdie sosiale netwerk en mikro-blogging-diens is in Maart 2006 deur Jack Dorsey gestig en is in Julie 2006 van stapel gestuur. Teen 2011 het die netwerk meer as 300 miljoen gebruikers wêreldwyd gehad (Taylor, 2011).

Die netwerk het verskillende funksies wat die gebruiker toelaat om ander se twiets (opmerkings wat op die profiele gemaak word, word *tweets* genoem) op hul profiel met ander gebruikers te deel; die gebruiker word ook konstant op hoogte gehou van ander profielhouers se bydraes; skakels na ander webtuistes kan ook gepos of dan ge-twiet word.

2.4.1.3.3.YouTube

YouTube is 'n webtuiste wat in Februarie 2005 gestig is. Die webtuiste bied aan gebruikers 'n tuiste waar hulle video's kan kyk en nuwe oorspronklik-vervaardigde video's met ander kan deel.

YouTube provides a forum for people to connect, inform and inspire others across the globe, and acts as a distribution platform for original content creators and advertisers, large and small. (YouTube, 2012)

YouTube het elke maand meer as 800 000 000 unieke gebruikers, met 48 uur se video wat gemiddeld per uur opgelaaai word en 3 biljoen video's wat daagliks gekyk word. Die gemiddelde ouderdomsdemografie van YouTube is 18 – 56 (YouTube, 2012).

2.5 Ander ontwikkelinge wat tot die sukses van die “nuwe media” bydra

2.5.1 Slimfone (*Smartphones*)

Slimfone is “high-end mobile phones built on a mobile computing platform, with more advanced computing ability and connectivity than a feature phone” (Smartphone, 2012).

Die nuutste slimfone se funksies sluit in: mediaspelers, digitale kameras, video-funksies, GPS-navigasie-eenhede, toegang tot webtuistes, sosiale media, Wi-Fi-konneksie en mobiele-breedbandkonnektiwiteit. Die slimfoon het natuurlik ook die volle funksionaliteit van 'n selfoon met MMS (Multimedia Message System), SMS (Short Message System) en telefoonfasiliteite.

Volgens die Gartner-verslag is die wêreldmark teen einde Februarie 2011 oorheers deur vyf groot maatskappye: Symbian (Nokia), Android (Google), Research in Motion (Blackberry), iOS (Apple) en Microsoft (Schroeder, 2011).

Navorsing deur Ipsos *GmbH* in samewerking met *TNS Infratest* en die *Mobile Marketing Associate* wêreldwyd, het bepaal dat 35% van Suid-Afrikaanse gebruikers verkies om die internet eerder op hul slimfone as hul standaardrekenaar te gebruik, aangesien dit goedkoper is. Hierdie statistiek plaas Suid-Afrika derde op die ranglys van lande wat verkies om die internet op hul slimfone te

besoek (*Smartphone usage stats in SA*, 2011). Die navorsing het ook bepaal dat die gewildste slimfone in Suid-Afrika Blackberry-slimfone is met bykans 44% marktaandeel, gevolg deur Nokia, Samsung, HTC en Apple (Eybers, 2011).

2.5.2 Die tablet

Die tablet word soos volg deur die webtuiste Mashable gedefinieer:

A tablet computer, or a tablet, is a mobile computer, larger than a mobile phone or personal digital assistant, integrated into a flat touch screen and primarily operated by touching the screen rather than using a physical keyboard. It often uses an onscreen virtual keyboard, a passive stylus pen, or a digital pen (Tablet, 2012).

'n Voorbeeld van 'n tablet is Apple se iPad. In April 2012 is die iPad 3 vrygestel met 'n "retina display" en 'n paar ander aanpassings (Vermeulen, 2012). Teen die einde van 2012 is die iPad4 en die iPad Mini ook in Suid-Afrika bekendgestel (Vermeulen, 2012).

Die iPad2 word soos volg op die Apple-webtuiste beskryf:

Advanced Design. Thin. Light. Fully loaded.

When you pick up iPad 2, it becomes an extension of you. That's the idea behind its innovative design. Just 8,8 mm thin and weighing as little as 601 g, it features a dual-core A5 chip, two cameras for FaceTime and HD video recording, 10-hour battery life, plus iOS 5 and iCloud. You'll be amazed that something so thin can hold so much (Apple: iPad, 2012).

Die iPad is baie ligter en kleiner as selfs 'n mini-skootrekenaar, maar die iPad se skerm is baie groter as die slimfone (insluitend Apple se iPhone) wat op die mark beskikbaar is. Informasie en die internet is dus enige plek enige tyd beskikbaar en die iPad gee aan die gebruiker die vryheid om op enige stadium informasie te lees, te stuur en te ontvang.

Die iPad, soos slimfone en ander tablette, gee ook aan die gebruiker maklike toegang tot sosiale netwerke soos Twitter en Facebook, asook die geleentheid om enige plek, enige tyd te blog. Die gebruiker kan ook via die iPad multimedia soos foto's en video's oplaai.

2.5.3 Toepassingsprogramme (*Applications*) vir slimfone, tablette en rekenaars

Toepassingsprogramme (*Applications* of *Apps*) word beskryf as "computer software designed to help the user to perform specific tasks" (Wikipedia: Application, 2012). 'n *App* verwys gewoonlik na programmatuur wat gebruik word op slimfone en tablette (Campbell, 2011). Die woord "app" is in 2010 aangekondig as "Woord van die Jaar" deur die *American Dialect Society* (ADS, 2011). Die

benoeming bewys net hoe modieus en populêr die gebruik van die woord (en die produk) geraak het.

Daar is byvoorbeeld verskeie *apps* vir tydskrifte en koerante, soos byvoorbeeld *Time Magazine*, *Oprah Magazine* en *The New York Times*. Die betrokke *app* word afgelaai en verskyn as ikoon op die instrument (slimfoon of tablet) wat gebruik word. Hierdie ikoon gee direkte toegang tot 'n interaktiewe program wat die nuutste bygewerkte weergawe van die betrokke publikasie bevat. Dit is 'n elektroniese weergawe van die gepubliseerde weergawe. Die *apps* verleen dus onmiddellike toegang tot informasie en bevat ook multimedia-elemente soos onderhoude op video, of klankopnames van onderhoude en gebeure. Die gebruiker kan ook bydraes lewer in die vorm van kommentaar onderaan sekere aspekte van die verskillende *apps*. Alhoewel verskeie van hierdie *apps* gratis beskikbaar is, is daar ook meer gespesialiseerde *apps* wat te koop aangebied word.

Daar is ook verskeie teater-*apps* wat die lewe vir die teaterliefhebber vergemaklik: die *apps* verskaf vinnige inligting oor vertonings op die planke, dui beskikbare kaartjies en kaartjiepryse aan, verskaf padkaarte na die teater, maak dit moontlik om kaartjies onmiddellik te koop, verskaf skakels na teaters en produksies se sosiale netwerk-bladsye (soos Twitter, Facebook, en webtuistes) asook skakels na onderhoude en resensies. Voorbeelde van sulke *apps* is I♥NYTheatre, Broadwayworld.com, TKTS, NYC_Arts, Theatremania, At_the_Booth en iBroadway (*Tips on the most apt apps for theater*, 2011). Daar is ongelukkig nog geen soortgelyke *apps* beskikbaar vir die Suid-Afrikaanse mark nie.

2.6 Die toekoms van die “nuwe media”

Die “nuwe media” is 'n snelontwikkende bedryf en nuwe tegnologie word daaglik beskikbaar. Kenners het aan die einde van 2011 voorspellings oor die nuwe media, en meer spesifiek die sosiale media, gewaag. Lance Ulanoff voorspel dat Google+ 'n meer prominente rol as sosiale netwerk sal speel (2011).

Jim Spinello, Senior Visepresident van Bemarkingskommunikasie by rEvolution, is van mening dat as maatskappye nie gou sorg dat hul met hul produkte die sosiale media omarm nie, hulle agtergelaat sal word (Rice, 2011).

Ian Aronovic van *GovernmentAuctions.org* voorspel dat die sosiale media en tegnologie meer geïntegreer sal word (Rice, 2011).

Matt Roche van BO.LT het aan Brian Rice van Business2Community gesê:

With everyone able to play a part in content creation, the future of social media involves the continued triumph of immediately consumable short-form content and the birth of emerging forms of storytelling. It is in bringing all the little pieces together, creating powerful narratives from scraps of participation and content that are scattered throughout the various

social outlets. The future of social media is about sharing, discovering and relating through cohesive collections of short-form content (2011).

Die informasie wat daagliks deur (internet)gebruikers gelees en gekyk word, sal al hoe meer via die sosiale netwerke gebeur en ... in kort “more information will come from more sources delivered through fewer channels” (Roman in Rice, 2011).

Die nuwe media hervorm die mediaplatform en gee aan die individu meer invloed en mag as publiseerder, gebruiker en verbruiker. Met tradisionele media is menige individu deur die hekwagters verhoed om hul mening te lug. Soos bespreek in die eerste hoofstuk, is dié huidige situasie se impak op die tradisionele media enorm en ‘n nuwe era vir die medialandskap het aangebreek. Die herdefiniëring van nuus en vermaak geskied nou vinniger as ooit tevore.

2.6.1 Voordele van die “nuwe media”

Dié navorser glo dat die “nuwe media” aan die individu die volgende voordele bied:

- Die individu het makliker toegang tot informasie as voorheen; internettoegang en dus toegang tot ‘n hele netwerk van informasie is met die druk van ‘n knoppie op slimfone beskikbaar, of op ‘n tablet of skootrekenaar.
- Die individu kan deur middel van sosiale forums, soos Facebook, Twitter en blogs, eie opinies in ‘n openbare domein uitspreek. Die informasie word soos nuusflitse maklik aan ‘n hele netwerk van “vriende” en mense versprei. Die individu se opinie word dus met sosiale netwerke gesien en is nie net ‘n opinie in ‘n geslote kamer nie.
- Informasie is interaktief en met hiperskakels is dit moontlik om uitgebreide informasie oor ‘n onderwerp te ontvang. Dit is dus moontlik om, indien iemand nie seker is van die betekenis van ‘n woord nie of meer wil weet oor ‘n verwysing, hy/sy dit dadelik kan navors met die druk van ‘n knoppie.
- Informasie is as multimedia beskikbaar en kan as oudiovisuele materiaal ervaar en oorgedra word. Dit is dus ook maklik vir individue, wat nie noodwendig daarvan hou om te lees nie, om informasie maklik op ander maniere te bekom.
- Informasie is bykans enige plek, enige tyd beskikbaar – solank die gebruiker toegang tot die internet het.
- Die “nuwe media” bied die geleentheid vir die gebruiker om interaktief betrokke te wees in die vorm van kommentaar op dít wat elektronies gepubliseer word
- Informasie kan onmiddellik uitgeruil word tussen gebruikers. Die internetgebruikers is aanlyn in verbinding met mekaar en hoef nie, soos in die geval van byvoorbeeld koerante

of tydskrifte, eers 'n- epos of brief te stuur wat 'n paar dae later miskien gepubliseer word nie. Almal het die mag om onmiddellik hul opinie te lug.

- Die “nuwe media” skep 'n platform waar nuus onmiddellik beskikbaar is. Nuus word deesdae selfs vinniger op die sosiale netwerke as deur nuusnetwerke soos CNN en BBC versprei.
- Informasie is wêreldwyd beskikbaar en informasie wat in enige stad elektronies gepubliseer word op die internet bied onmiddellike toegang vir alle gebruikers.

2.6.2. Die nadele van die “nuwe media”

Indien die tradisionele media met die “nuwe media” vergelyk word, is daar elemente wat nadelig is.

Die tradisioneel gepubliseerde media word streng gereguleer ten einde hoë standaarde in die taalgebruik en formaat van alle gepubliseerde materiaal te verseker. Hierdie etiese riglyne word streng deur koerante en tydskrifte toegepas. Verskeie voorbeelde van hierdie riglyne is ook elektronies beskikbaar. Skakels na verskeie Suid-Afrikaanse publikasies se etiese kodes is beskikbaar op die Suid-Afrikaanse webtuiste Journalism.co.za (2012) en *The New York Times* se riglyne is ook beskikbaar op hulle webtuiste (New York Times Company Policy, 2012). Meeste van die koerante of tydskrifte wat tradisioneel gepubliseer word en ook aanlyn beskikbaar is, het ook etiese kodes wat spesifiek vir die elektroniese media opgestel is en toegepas word. Die situasie is egter van so 'n aard dat daar geen regulering met die private publisering van informasie op die internet is nie.

'n Etiek word gehandhaaf in die gerespekteerde tradisionele media waar hoofsaaklik professioneel-opgeleide joernaliste en redakteurs die inhoud hanteer. Met die “nuwe media” het die individu wat bydraes lewer nie noodwendig professionele opleiding nie.

Die tradisionele media handhaaf 'n mate van objektiwiteit in teenstelling met die bydraes van gebruikers van die “nuwe media” wat meestal subjektief en persoonlik blyk te wees. Dit is veral duidelik in kommentaar wat in van hierdie nuusblaaie gelewer word.

Die sosiale media promoveer kort, kragtige stellings wat in 'n beperkte aantal karakters gemaak moet word. Hierdie tendens het tot gevolg dat stellings meestal net gedagtes is wat nie deur die persoon wat dit publiseer gekwalifiseer, verduidelik of uitgebrei word nie.

2.7 Samevatting

Dit is dus duidelik dat die “nuwe media” 'n enorme impak op die tradisionele media, en spesifiek die gedrukte media, het. Die nuwe elektroniese uitdagings stel enorme eise aan die mediamagnate

en nuwe denke moet gestimuleer word om te kan besin oor hoe om hierdie nuwe mediums doeltreffend in die meer tradisionele media te gebruik en te inkorporeer.

Hoofstuk 3 sal spesifiek die eienskappe van 'n goeie resensent en 'n resensie belig. Die hoofstuk sal ook die vereistes en verwagtinge wat aan teaterresensente deur gehore/lesers, teaterpraktisyns en die professionele praktyk gestel word, ondersoek.

HOOFSTUK 3: Die begrening van die rol van die teaterresensent en die kriteria vir 'n goeie teaterresensie

Hierdie hoofstuk ondersoek die algemene verwagtinge wat van 'n goeie resensent gekoester word. Daar word meestal na resensente se skryfwerk rakende die resensiekuns gekyk om 'n lys eienskappe van 'n goeie resensie aan die einde van die hoofstuk saam te stel. Die toepaslikheid van hierdie kriteria, wat binne die konteks van die gepubliseerde media en die teaterbedryf geformuleer is, sal in latere hoofstukke toegepas word om resensies en teaterkritiek binne konteks van die “nuwe media” te bespreek.

3.1 Die eienskappe van 'n goeie teaterresensent

Stanislavski (1999:136) skryf in 1909 geskryf dat 'n goeie resensent oor verskeie eienskappe moet beskik. Die resensent moet onder meer 'n skrywer met ongewone talent wees, en oor 'n buitengewone geheue en sensitiwiteit beskik. Voorts moet hy/sy beskik oor 'n verbeelding wat kan begryp en kan uitbrei, asook 'n wye kennis en 'n deurtastende intelligensie hê wat die sielkunde van die gehoor met sekerheid kan ontleed en aanvoel.

The Guardian-resensent, Michael Billington, het in 'n blog-inskrywing getiteld “Can you do my job? Here's a checklist...” op *The Guardian*-webtuiste geskryf dat daar vier eienskappe is wat die ideale resensent definieer. Volgens hom is die eerste eienskap van 'n teaterresensent die vermoë om te kán skryf. Volgens Billington kan 'n persoon goed onderleg wees ten opsigte van teater, maar as hy/sy nie oor die nodige skryfvermoë beskik nie, sy/haar teaterkennis nie van veel waarde is nie. Voorts moet 'n resensent geweldig nuuskierig wees en beweer hy dat “a critic is someone who lives in the present, but entertains boundless hope for the future” (Billington, 2010). Volgens Billington is 'n opinie'n verdere voorvereiste vir die resensent. Hy is van mening dat 'n resensent nie net iemand met 'n notaboek is nie, maar ook iemand wat sy/haar politiese, estetiese en seksuele oortuigings by die werk betrek. Hy waarsku egter dat dit nie beteken dat 'n resensie 'n “ego trip” is nie, maar dat 'n resensent se private waardestelsel onafskeidbaar van sy artistieke oordeel is. Laastens glo Billington dat 'n resensent ook iemand is met stamina – 'n persoon met eindelose energie, en 'n dik vel (Billington, 2010).

Die Canadian Theatre Critics Association het ook 'n gedragskode waarvolgens resensente hulself moet handhaaf (Canadian Theatre Critics Association: Code of Ethics., 2012). Hierdie kode sluit in dat die resensent sover moontlik objektief moet wees om 'n gebalanseerde resensie te verseker; dat die resensent voorbereid vir 'n vertoning moet wees (deur hetsy die teks vooraf te lees of programnotas in verband met die produksie te bestudeer); dat die resensent die volle produksie sal kyk en nie voor die einde die vertoning sal verlaat nie; dat die resensent nie die aandag op hom-/haarself sal vestig by 'n vertoning nie; dat die resensent aandag sal skenk aan alle elemente van

die produksie (wat alle tegniese aspekte en alle betrokkenes insluit); dat die resesent nooit sy/haar posisie sal uitbuit om hom-/haarself te bevoordeel nie.

Die International Association of Theatre Critics (IATC) ondersteun ook hierdie basiese beginsels. In hul voorgestelde kode voeg hulle by dat die resesent as 'n hoofdoel ook debat en gesprek rondom die produksie moet probeer bevorder; dat die resesent in die beste fisieke en sielkundige toestand moontlik by 'n opvoering moet opdaag, en met aandag na die hele vertoning moet kyk en alle fasette evalueer (International Association of Theatre Critics: Code of Practice, 2010). Al hierdie aspekte wat tot dusver genoem is, dui op verskillende, maar ook ooreenstemmende, aspekte wat by die skryf van 'n resensie in gedagte gehou moet word. Van hierdie en ander aspekte van die resensie sal vervolgens in meer besonderhede behandel word.

3.2 Die basiese kriteria vir die inhoud en styl van 'n goeie teaterresensie

Die Suid-Afrikaanse resesent Brent Meersman (2009: 48) stem saam met Stanislavski se mening hierbo en voeg by dat die basiese funksie van 'n goeie resensie is om die leser in te lig, en om te verduidelik en te evalueer. Hy is van mening dat 'n goeie resensie aan die leser moet oordra waaroor die werk handel en wat hy/sy te wagte kan wees om op die verhoog te sien. Die resesent moet die toneelstuk binne die konteks van die teater bespreek, en ingeligte teaterkennis en -opinies oordra.

Meersman (2009: 50) bespreek ook in meer detail die kriteria van 'n goeie en 'n swak resensie. 'n Goeie resesent, volgens Meersman, verstaan die werk; beskryf vir die gehoor wat hulle kan verwag om te sien; staaf opinies en bied duidelike en oorwoë beoordeling; ken sy lesers; skryf bondig en beheers; is verstaanbaar en ondubbelsinnig; is akkuraat en getrou; toon verbeeldingryke vermoë om te visualiseer; maak gebruik van teaterterminologie (tegniese taalgebruik); is eg in die aanslag; en sien toe dat die resensie op sigself 'n interessante stuk skryfwerk is. In teenstelling hiermee, glo Meersman dat 'n swak resesent oningelig is; bevooroordeel is en sy/haar opinies op persoonlike smaak grond en nie professionele objektiewe evaluering nie; skryf nie streng volgens joernalistieke standaarde nie; verwar spelers met karakters; haak vas op onbenullighede; raak te veel aspekte aan; is uitgesproke en aanstellerig, skryf meer oor hom-/haarself as oor die werk; gebruik retoriese vrae; beskryf die gehoor; gebruik hoogdrawende en oordrewe taal; hou sy/haar opsies oop; en is beledigend of persoonlik.

Vyf kardinale riglyne vir die skryf van 'n goeie resensie word deur Elyse Sommer van die Curtain Up-webtuiste belig. Sy beskryf dit as die "Five C's", naamlik: "Be clear, correct, concise, comprehensive and compelling" (Sommer, 2012).

Michael Billington se resensie van 'n produksie *NSFW* is 'n voorbeeld van 'n goed geskrewe resensie, in ag genome die kriteria wat reeds hierbo beskryf is, (Billington, *NSFW* review: *The Guardian*, 2012).

Sy taalgebruik is bondig en kort. Die resensie lees maklik is en boeiend.

Selfs vir 'n leser van die resensie wat nie die produksie sal kan sien nie en moontlik ook nie die bekend is met die betrokke akteurs en/of regisseur nie, verskaf Billington genoeg inligting om steeds hom/haar ingelig te laat voel. Die eerste sin van die resensie lees soos volg: “Lucy Kirkwood’s new play is bright, sharp, funny and 80 minutes long”. In hierdie eerste sin lig die resensent dus die leser in dat dit 'n nuutgeskrewe toneelstuk is, dat dit volgens hom skerp en intelligent is, dat dit snaaks is en ook hoe lank 'n mens kan verwag die produksie sal wees. In die eerste paragraaf van die resensie (die volle paragraaf beslaan 60 woorde) het hy reeds die gevoel van die produksie beskryf, meer inligting verskaf en dan lewer hy ook kritiek op die teks, hier volg 'n aanhaling uit hierdie paragraaf:

I found myself craving more: I wanted to see Kirkwood, having deftly satirised media attitudes to sexuality, taking her argument even further and asking who creates the climate of commercial exploitation and privacy invasion in which we now live (Billington, 2012).

Die resensent maak dit ook duidelik dat die opinie wat hy lewer en verdere verwagting wat hy uitspreek, persoonlik is deur “I” te gebruik in stede van 'n veralgemeende term soos “One would want more” or “We wanted to”.

Die volgende paragraaf beskryf aan die leser baie bondig die betekenis van die titel (*NSFW*), die basiese storielyn, en aspekte van die milieu en ontwerp van die toneelstuk. Die leser is nou toegerus met prikkelende, basiese inligting wat nie te veel van die ontplooiing van die toneelstuk weggee nie.

Die resensent volg hierdie inligting op met bondige, maar insiggewende, kommentaar oor die teks. Hier is dit meer analities en nie persoonlik nie. Hy lig die positiewe aspekte uit (“Kirkwood hits several nails on the head”), maar brei uit op sy stelling in die openingsparagraaf van die resensie deur die volgende stelling:

All this is accurate and true, but there’s not much for an audience to disagree with: Aidan is clearly a scumbag and Miranda a patronising toff seeking out the physical flaws in female celebrities. And, while Kirkwood implies that editors and readers are similarly guilty in perpetuating a debased, voyeuristic culture, she never goes on to ask who owns the newspapers and magazines that help to set the tone of contemporary life (Billington, 2012).

Die resensent voel dus duidelik dat, alhoewel die teks waarde het, daar nog leemtes is wat gevul moet word. Die negatiewe kritiek word as opbouende gedagtes gelewer – 'n opinie van 'n individu.

Die laaste paragraaf van die resensie volg dan. Die openingsreël (“but the play is good as far as it goes”) lewer weer kommentaar op die teks, maar hy gee te kenne dat die vertoning steeds goed is. Hy lewer bondige kommentaar op elke aspek van die produksie en betrokke persoon, met die

gebruik van sterk beskrywende byvoeglike naamwoorde en werkwoorde. Die regisseur, ontwerp en akteurs word ingesluit.

Die navorser beskou hierdie resensie as 'n goeie resensie omdat die resesent duidelik voorbehoude het oor die teks en dat hy probleme ervaar met die produksie, maar alhoewel hy dit in die resensie stipuleer, verskuif hy tog die aandag na die positiewe aspekte van die produksie. Met die eerste lees van die resensie is 'n mens onder die indruk dat hy baie van die produksie en teks gehou het. Tog, hoe meer 'n mens dit lees en analiseer, hoe duideliker blyk dit dat, alhoewel dit nie vir hom 'n onaangename ervaring was nie, hy tog voorbehoude oor die produksie gehad het. Die resesent het egter gekies om op die positiewe aspekte te fokus. Die navorser het hierdie resensie as gebalanseerd, informatief, vermaaklik en bondig ervaar. Daar is sterk opinies gelewer, maar dit is elke keer gekwalifiseer.

Styl en inhoud is die basiese eienskappe van 'n goed geskrewe resensie, maar gehore, teaterpraktisyns en publikasies plaas hoë verwagtinge op die resesent.

3.3 Uitgebreide verantwoordelikhede en verwagtinge gestel aan 'n resesent en resensie

Resesente en teaterpraktisyns van regoor die wêreld het verskillende menings oor die uiteindelijke rol en funksie van die resesent. Hierdie studie dui op 'n verskeidenheid fasette en eienskappe wat 'n goeie resesent en resensie definieer. Die belangrikste eienskappe en kriteria word hieronder bespreek.

3.3.1 Die resesent as gehoorlid

Die resesent is eerstens 'n gehoorlid. Hy of sy is verkieslik 'n gehoorlid met meer insig in teater en 'n kyker met 'n groter verwysingsraamwerk as meeste van die ander gehoorlede.

Michael Coveney beskryf die resesent as “an appointed member of the audience who has the privilege of articulating a response in print and being paid for it” (Stefanova, 2000: 109). Coveney verwys natuurlik hier baie spesifiek na resesente wat wel “betaling” ontvang, hetsy deur 'n salaris of fooi van 'n publikasie, of miskien in die vorm van komplementekaartjies. Hy verwys nie noodwendig na die persoon wat dit óf vir die liefde van die saak óf as amateurblogger doen nie.

Volgens Coveney is die resesent dus “aangestel” as verteenwoordiger van die gehoor, en sy of haar betaalde opinie verskyn in die publieke en geskrewe domein. Die resesent het die verantwoordelikheid om aan 'n gehoor “verslag” te lewer oor 'n produksie. Tog is die professionele resesent nie 'n gemiddelde gehoorlid nie, maar ander akademiëci verskil egter van dié stelling.

Yun-Cheol Kim, president van die International Association of Theatre Critics (IATC) en 'n Suid-Koreaanse resesent, is van mening dat die resesent nie noodwendig die ideale gehoorlid is nie,

en dat, waar die gehoorlid 'n onmiddellike ervaring met die teaterpraktisyns en produksie het, die resesent ook 'n afstandelike, analitiese ervaring het. Die resesent moet ná hierdie ervaring 'n verdere analitiese proses ondergaan. Hierdie proses is verwyderd van die tyd en plek waarbinne die produksie plaasgevind het (Kim, 2011).

Die resesent is 'n gehoorlid, maar 'n gehoorlid met 'n verantwoordelikheid om ná die vertoning sy ervaring neer te pen en sy ervaring, met insig, te interpreteer. Die navorser stem saam met Kim (2011) dat die resesent as gehoorlid anders na vertonings kyk. Die resesent, wanneer hy of sy 'n produksie moet resenseer, sal meer krities en analities na 'n produksie kyk, omdat die einddoel van hul bywoning 'n geskrewe resensie moet wees. Hierdie verantwoordelikheid het 'n invloed op die resesent as gehoorlid. Die resesent moet as gehoorlid die produksie nie net vanuit persoonlike ervaring nie, maar vanuit die oogpunt van sy of haar lesersmark benader.

Mark Brown, 'n resesent vir die Skotse koerant *Sunday Herald*, skryf in 'n artikel vir die vaktydskrif *Critical Stages* dat “the critic is a privileged member of the audience” (Brown, 2010). Dié “bevoorregte gehoorlid” is 'n gehoorlid met 'n groot verantwoordelikheid teenoor die leser, die gehoor en die teaterpraktisyns.

Juis as gevolg van hierdie verantwoordelikheid is die resesent tóg 'n gehoorlid met 'n verskil, maar die resesent mag nooit sy of haar funksie as gehoorlid vergeet nie. Met ander woorde, die resesent moet nie die leser en die gehoor vergeet wanneer die resensie geskryf word nie.

3.3.2 Die resesent as interpreteerder van produksies en 'n skakel tussen die gehoor en die teaterpraktisyns

Die verwagting van lesers is dat professionele resesente produksies moet interpreteer en aan 'n breër gehoor indiepte-inligting moet bied.

Die verwagting wat aan 'n professionele resesent gestel word, is dat hy/sy die gemiddelde gehoorlid of leser van inligting moet voorsien om produksies binne 'n groter sosiale en teatrale konteks te kan beleef. Die verwagting is ook dat 'n resesent 'n persoonlike ervaring van 'n betrokke produksie neerpen. Die ideaal sou wees dat die resensie van so 'n aard moet wees dat 'n leser wat nie noodwendig die produksie sou kon sien nie, met die lees van die resensie die produksie kan beleef.

Ian Herbert, 'n Britse resesent, waarsku egter dat dit 'n fout sou wees om die resesent as skakel tussen gehoor en teaterpraktisyn te plaas, want die aanname dat die resesent die produksie vir die gehoor interpreteer, sal eenvoudig verwaand wees. Hy sien die resesent as een van die gehoorlede wat meer teatervertonings as die ander bywoon en daarom aan die mense wat nie daar was nie, 'n ingeligte opinie of vertelling van sy ervaring kan weergee (Stefanova, 2000: 113). Alhoewel verskeie lesers ook belese en ervare teatergangers sou wees, is dit juis die vertrouwe in

die kennis en ervaring van die resesent waarop die leser moet kan staat maak. 'n Belese lid van die gehoor kan dus ook sy/haar opinie teenoor dié opinie van 'n betroubare resesent evalueer.

'n Ervare resesent se funksie as gehoorlid is belangrik juis omdat hy of sy meer analities en met goeie teaterkennis na 'n toneelstuk kyk. Die resesent het die vermoë om aan 'n leser sekere elemente van 'n teks, of regie- en ontwerpkeuses te openbaar. Dit is moontlik dat 'n kleiner teatrale verwysingsveld nie hierdie keuses sou kon interpreteer nie. Die kennis wat oorgedra word, kan óf 'n openbaring vir die leser/gehoorlid wees óf tot 'n gesprek tussen meer ervare en belese gehoorlede kon lei. Die resesent bied aan die leser of gehoorlid die nodige inligting om 'n toneelstuk met meer insig en kennis te ervaar. Dit is dus volgens my 'n kardinale element van die resesent se funksie om as gehoorlid wél die toneelstuk te interpreteer.

Kim (2010) bespreek Eric Bentley se stelling dat die belangrikste eienskap van 'n goeie teaterresesent intellek, insig en kennis is. Kim glo die vermoë van 'n resesent om 'n produksie binne die relevante sosiale konteks van die tyd te kontekstualiseer en te interpreteer, is een van die belangrikste eienskappe van 'n goeie resensie.

Die resesent tree dus ook op as opvoeder van gehoorlede/lesers wat nie noodwendig oor die teaterervaring beskik of belese genoeg is om kennis te dra van spesifieke termonologie, teaterstyle of sekere kontekste van produksies nie. Die “opvoedingstaak” is egter nie die primêre doel of funksie van die resesent en sy/haar werk nie, maar dit kan as 'n ekstra toevoeging of gevolg gesien word.

3.3.3 'n Goeie resesent stimuleer debat

Die resesent kan sentraal staan in die bevordering van debat binne die teater. Wanneer 'n resensie, gesprek en debat tussen 'n resesent, die publiek en teaterpraktisyne ontstaan, word 'n belangrike funksie van die simbiose tussen resesent, die teaterbedryf en die gemeenskap vervul.

John Elsom (in Stefanova, 2000: 111) voer aan dat resensies en kritiek as katalisator vir publieke debat moet funksioneer waardeur waardes (sosiaal, polities en moreel) gevorm kan word. Irving Wardle skryf dat teater kan voortbestaan sonder die resesent, maar dat dit aansienlik armer sal wees en dat 'n resesent “ventilate theatrical debate beyond the play-going community, and strengthen the life inside it” (1992: 7). Die Britse resesent Michael Billington sê dat “criticism (...) is not the last word: simply part of a permanent debate about the nature of the ideal theatre” (1993: xi).

3.3.4 Die resesent as raadgewer

Even while the theatre critic aspires to bridge the gap between a performance and the audience, many theatre critics, including myself, hope to engage the artistes in some sort of dialogue. This exchange is what forms the essential link between theory and practice.

(Manyara, 2011)

Die resesent as evalueerder en ingeligte en ervare gehoorlid lewer ook insig aan teaterpraktisyns (nie net aan die leser nie). 'n Gerespekteerde resesent se mening kan belangrike terugvoer aan teaterpraktisyns bied. 'n Gerespekteerde resesent kan met eerlike en insiggewende terugvoer wat in 'n resensie verskyn, die teaterpraktisyn tot verdere selfondersoek noop, en hom/haar noop om die resesent se opinie te evalueer en moontlik selfs in die produksie te inkorporeer.

Dié resesent dra die verantwoordelikheid om 'n spieël te wees vir die teater, net soos dieteater 'n spieël vir die samelewing is (Wardle, 1992: 3). Nie net word die gehoor gelei nie, maar die resesent sou ook teaterpraktisyns kon inspireer, aldus Dennis Cunningham (Stefanova, 2000: 59). Hierdie is egter 'n bysaak en dit is nie noodwendig die funksie van 'n resesent om as mentor of dosent op te tree nie. Die primêre funksie van die resesent bly dié van waarnemer en kommentator.

Die legendariese regisseur Peter Brook het die volgende te sê oor die resesent se rol as "raadgewer": "A critic is always serving the theatre when he is hounding out incompetence. If he spends most of his time grumbling, he is almost always right." En die akteur Dustin Hoffman reageer soos volg oor filmresesente: "I'd rather have a critic jump on me than praise me. When a critic says a movie is great, he's just building up importance of his job. Critics do to movies what plant lovers do to plants. They water them until they die. It's called assassination by adoration" (Kim, 2010).

Die navorser glo die resesent se eerlike terugvoer en kommentaar aan teaterpraktisyns kan wel belangrike groei en self-evaluering in die teater stimuleer.

3.3.5 Die teaterkritikus as historikus

Die resesent word ook historikus. In Irving Wardle se boek *Theatre Criticism* (1992) beskryf hy die resesent as 'n mens wat verskeurd is om terselfdertyd vir sowel vandag se teatergangers as môre se teatergeskiedenis te skryf.

There is another reader, though, with whom the critic is on firm ground, even though he buys no newspapers and sends no letters of appreciation. This, of course, is the future reader whose knowledge of what it was like on the first night of Brook's *King Lear* or

Olivier's *Oedipus* depends almost exclusively on what the reviewers made of it (Wardle, 1992: 10).

Hy beskou die taak van die resesent as 'n geheue vir die samelewing, sodat "performances can be preserved" (Wardle, 1992: 11). Bertolt Brecht het die kritikus se rol as historikus hoër geag as dié van meningsvormer; hy was van mening dat resesente meer moet beskryf as wat hulle 'n oordeel moet fel:

What they say about my plays doesn't matter, my plays will survive the critics, but what they say about my productions matters very much, because what they write, is all that posterity will know of the subject (Wardle, 1992: 12-13).

Michael Handelzalts, 'n gerekende Israeliese resesent, beskryf die resesent as 'n "chronicler". Hy glo dat die resesent 'n ooggetuie word.

This role is existential, significant and, perhaps, one of the reasons that members of the human race choose to live as couples: Even those who have the most unshakable self-confidence occasionally need witnesses to attest to their existence. This is certainly true in theater, which is inherently artificial and fleeting. Yes, there is an audience and they applaud, and that feels great. But when the curtain comes down, newspaper reviews provide one written proof that the show indeed took place... (Handelzalts, 2007).

Die primêre fokus van 'n resensie is nie dié van geskiedskrywing nie, maar van meningsvorming, evaluering, kommentaarlewing en waarneming van die onmiddellike impak wat die resesent ervaar. Deesdae word verskeie teaterproduksies verfilm en is daar 'n digitale nalatenskap van die volle produksie. Die National Theatre in Londen beskik byvoorbeeld oor teaterproduksies wat opgeneem en as films regoor die wêreld uitgesaai word. In die verlede was dit egter nie die geval nie, en resensies, foto's en programme was die enigste oorblywende inligting van 'n produksie. Die resensie is egter steeds van die enigste dokumentasie van 'n onmiddellike ervaring in die "lewendige" opvoering van 'n produksie. Daar is dus steeds die verantwoordelikheid van 'n teaterresesent om 'n goeie resensie te skryf wat tog later deel word van 'n historiese – en akademiese – nalatenskap en verwysing van 'n produksie.

3.3.6 Die teaterkritikus as joernalis

Die teaterkritikus is ook 'n joernalis. Teaterproduksies is dikwels nuuswaardige en relevante gebeurtenisse. In teaterresensies word feite, persoonlike menings en kommentaar egter vermeng (Wardle, 1992: 4). Colin Harris gee weereens hier krediet aan William Hazlitt, 'n resesent in die 1900's in Brittanje, en meen dat hy met goeie joernalistieke skryfwerk die resensie verhef het van 'n skinderrubriek wat arbitrêre sosiale kommentaar oor teater gelewer het tot iets met joernalistieke waarde (Harris, 1994: 11).

Harris voer ook aan dat die meriete van 'n toneelstuk of byvoorbeeld 'n nuwe akteur se vertolking aanknopingspunte was vir gesprek in die negentiende eeu. Die resesent se taak was dus om die publiek op hoogte te hou van gebeure; dit was nuus. "One way in which public exhibitions contribute to refine and humanise mankind, is by supplying them with ideas and subjects of conversation and interest in common." (Harris, 1994: 12)

Alhoewel die resesent steeds volgens objektiewe joernalistieke etiek moet werk (sover 'n "objektiwiteit" bereik kan word, omdat die persoonlike opinie en gevoelens veral in resensies kan deurskemer), is verantwoordelike interpretasie en meningsvorming steeds belangrike eienskappe van 'n goeie resensie.

3.3.7 Die teaterkritikus as meningsvormer

As joernalis moet die resesent sy opinie kan kwalifiseer, soos Hazlitt in die negentiende eeu, maar 'n opinie is ook 'n belangrike aspek van die resesent se plig. As professionele joernalis moet die resesent egter 'n onafhanklike opinie kan vorm. Die Kanadese resesent, Martin Morrow (2010), stel dit duidelik dat dit uiters gevaarlik is vir 'n resesent om 'n resensie te skryf wanneer hy of sy té betrokke is by 'n produksie en die geselskap. Volgens Morrow (2010) skryf die resesent nie vir die teatergemeenskap nie, maar vir potensieële gehoorlede. Nog 'n Kanadese resesent, Alvina Ruprecht, voeg by dat dit geweldig belangrik is vir 'n resesent om geloofwaardigheid te behou. Hierdie geloofwaardigheid is ten sterkste gegrond op die resesent se objektiwiteit (Ruprecht, 2007). Dit is egter moeilik vir resesente om objektief te bly, en soos die resesent Michael Handelzalts (2009) te kenne gee, is hy skaam dat hy soms optredes evalueer volgens 'n skaal geskoei op sy eie smaak en voorkeure. John Elsom glo egter dat die resesent partydig moet wees.

In some way, a critic is an advocate or an attorney, but never the presiding judge. He has either to accuse or to defend. No one expects the attorney to be completely fair, because his function is either to accuse or to defend. The virtue of fairness is not one of the virtues of the critic (Elsom, 2001: 95).

Die resesent het 'n verantwoordelikheid om menings te vorm, en:

[i]t is a matter of satisfaction to artists and public alike when a reviewer really hits the nail on the head: publicly articulating opinions that have been privately drifting around in a half-formed state (Wardle, 1992: 7).

Yun-Cheol Kim (2011) glo dat daar 'n groot verantwoordelikheid by die resesent lê ten opsigte van teater as geheel. Hy voer aan dat, alhoewel hy saamstem met die *Telegraph*-resesent Charles Spencer wat glo dat die kritikus se enigste lojaliteit teenoor sy leser moet wees, hy die

teaterpraktisyn ook in die katogorie van leser plaas. Kim argumenteer verder dat teaterpraktisyns die mees gekonsentreerde en gefokuste leserskorps van resensies is.

By die IATC se colloquium in Amsterdam in Junie 2009, is die resesent se verantwoordelikheid teenoor die sukkelende teaterbedryf bespreek. Die vraag is gestel of elemente soos beperkte begrotings en moeilike omstandighede in ag geneem moet word wanneer kritiek gelewer word. Aan die een kant is resesente van mening dat standarde gehandhaaf word deur almal oor dieselfde kam te skeer. Ander het egter gevoel dat kleiner, onafhanklike produksiehuise met kleiner begrotings (as byvoorbeeld staatsgesubsidieerde of goed befondsde teaters) tog baat by resesente wat simpatiek teenoor hul finansiële posisie staan.

Hierdie is 'n komplekse debat. Die navorser se mening is dat resesente die kwaliteit en waarde van produksies oor 'n gelyke kam moet skeer. Resesente sou kon kwalifiseer dat 'n sekere produksie nie noodwendig die finansiële ondersteuning van sekere ander bevoorregte produksies het nie en sodoende byvoorbeeld die potensiaal van meer befonding vir so 'n produksie kon skep, maar uiteindelik moet alle produksies volgens 'n eenvormige standaard geëvalueer word.

3.3.8 Die resesent as publisiteitsbeampte

Die resesent is voorts 'n belangrike skakel in die publisiteitsaspek van teater en kan dus nie hier net as meningsvormer, historikus en gehoorlid bespreek word nie. Het die resesent 'n verantwoordelikheid teenoor die finansiële welstand en welvarendheid van die bedryf? Is die resesent ook 'n publisiteitsbeampte wat lesers moet aanmoedig om kaartjies te koop? Volgens 'n teaterimpresario in Amerika, Sol Hurok, is 'n teaterresesent se werk om kaartjies te help verkoop (Stefanova, 2000: 57). Lionel Bart, bekende komponis en skrywer, omskryf 'n goeie resensie soos volg: "It's a good show, go see it; it's a dodgy show, don't go see it.' Everything else is padding" (Wardle, 1992: 5).

Wardle (1992: 5) merk ook op dat kunstenaars en bestuursrade resensies as gratis advertensies sien. Brent Meersman verskil ten sterkste met Hurok: "Resesente is nie daar om jou vertoning te bemark nie" (Meersman, 2009: 47).

Criticism influences theatre; not vice versa – at least not through immediate interaction. It is mutual only in the broad sense, in the long term. In the short term, many practitioners are suspicious that the critics will distort the spectators' understanding by misreading and judging the productions unfairly. This is a great fear, because a poor review can have a negative effect on the spectators' opinions, and then on the box office receipts (Kim, 2011).

'n Goeie resensie vorm ongetwyfeld deel van enige produksie se bemarkingsveldtog en enige positiewe kommentaar van 'n resesent kan deur vervaardigers gebruik word as advertensie om meer gehoorlede na die vertoning te lok.

Dit is egter bysaak, en die resesent kan en mag nooit aan hierdie aspek dink wanneer hy of sy 'n resensie skryf nie. Die resesent het geen verantwoordelikheid om te sorg dat kaartjies verkoop nie; hy/sy het wel 'n verantwoordelikheid om 'n eerlike, deurdagte en waardige opinie te lewer, hetsy positief of negatief.

3.3.9 Die vermaaklikheidsaspek van die resensie

Volgens Andrew Dickson, redakteur van *The Guardian* se kunswebblad, sal 'n goeie resensie ook oor literêre waarde beskik en moet 'n goedgeskrewe resensie soos 'n goeie stuk prosa kan lees (*Theatre Criticism*, Diskoers: Royal Holloway University, 2010). Die resesent, Ian Herbert, is ook van mening dat resesente gehore moet vermaak met hul skryfwerk (2009). Die groot kritikus Kenneth Tynan skryf:

Critics are consumers of one art, drama, and producers of another, criticism. What counts is not their opinion, but the art with which it is expressed ... The best informed man will be a bad critic if his style is bad (Gill, 2007).

Hierdie navorser wil tog met Tynan verskil. Die resesent se opinie is belangrik en maak saak. 'n Waardevolle opinie wat nie goed uitgedruk word nie, het nie veel waarde nie.

Kenneth Tynan se werk word deur Michael Billington geprys: "Vibrant prose that made his column compulsory reading and had a galvanising effect on our theatre" (Billington, 2001).

Volgens die gerekende Afrikaanse resesent, Gabriël Botma, moet die kwaliteit van die skryfwerk van so 'n aard wees dat lesers terugkeer na die kunsblad om die resesent se werk te lees (Persoonlike onderhoud, 2009). Tynan reken dat lesers die resesent se werk sal aanhang indien "he writes clearly and gaily and truly – if he regards himself as a specially treated mirror, recording a unique and unrepeatabe event" (Tynan, 2007).

Die kommentaar wat resesente lewer en die styl waarmee die resesent hom- of haarself verwoord, is deel van die aantrekkingskrag van 'n goeie resensie of die rede waarom die resensies gelees word. Ian Wardle is ook van mening dat wanneer resesente met 'n goeie skryfstyl die mes slyp, die vermaaklikheidsaspek van die resensie verhoog word en sodoende kan die lesers se mees basiese behoeftes hul plesier verskaf (Wardle, 1992: 4).

That is the brutal face of criticism; which gratifies the same appetite that once attracted crowds to public whippings and executions. It is an ugly thing and there is no point in denying that writers and readers of criticism often enter into a complicity of Schadenfreude (Wardle, 1992: 9).

Wardle se opmerking is ongelooflik belangrik. Die integriteit van 'n resesent is gesetel in gekwalifiseerde en goed geskrewe opinies. Hierdie opinies kan en mag nie in beledigende of afbrekende sensasie ontaard nie. 'n Negatiewe opinie moet versigtig hanteer word en goed gekwalifiseer word.

3.4 Uitdagings wat die resesent in die gesig staar

Die resesent het verskillende uitdagings binne 'n veranderende samelewing, en die verwagtinge wat van teaterresesente gekoester word, is hoog. Kritici word nie net gekonfronteer met 'n veranderende en sukkelende teaterbedryf nie, maar word ook ten sterkste uitgedaag deur die veranderende mediabedryf.

Critics are there to spread the word. They are there to keep the good word. They're there to see, to have a vision, to recognise, to find out before the public, to discern. (...) The senses of a good critic are to amplify the experience, to give it air, to give it enthusiasm. Because we can't live without theatre. (...) The critic must be a messenger, he must give out. He must attack when it really is detrimental, but without cruelty (Steven Berkoff in Stefanova, 2000: 120).

Die gepubliseerde resensie is ook blywend en as bysaak word die resesent ook gekonfronteer met verwagtinge dat hy of sy die geskiedenis van teater skryf en dat hy/sy ook 'n bydrae lewer tot die bedryf as geheel.

A.A. Gill skryf: "Every room in the culture needs strong criticism; it needs committed critics to keep the form strong and innovative." Hy beweer ook verder dat kritiek nie noodwendig altyd goed vir die individu of die produksie is nie, maar dit is altyd goed vir die genre (Gill, 2007).

Gill verwys tong-in-die-kies na resesente as "the keepers of the flame of theatre, the referee of the muse" (Gill, 2007). En Wardle skryf dat resesente ook as diewe en parasiete gesien word (Wardle, 1992: 3). Dus, vir wie skryf die "diewe" en "parasiete"?

Ian Herbert erken dat hy nie seker is wie sy lesersmark is nie. So ook nie die Suid-Afrikaanse resesent Robert Greig nie. Greig is wel van mening dat dit belangriker is vir die resesent om te weet vir wie hy of sy skryf as wie die resensie lees (2009). 'n Gedagte wat Wardle soos volg verduidelik:

The newspaper reviewer plies his trade thanks to several interested parties which would like to monopolise his services. The parties in question are his newspaper, his readers, theatrical managements and theatre artists. Between these, the writer makes his own choices of priorities (Wardle, 1992: 3).

Daar is dus verskillende verwagtinge van die resesent. Lesers wil ingelig én vermaak word; teaterbesture wil kaartjies verkoop; kunstenaars wil verkieslik op die skouer geklop word;

publikasies wil inlig, vermaak én verkoopsyfers opstoot. Die resesent kan nie altyd aan al hierdie verwagtinge voldoen nie.

Resesente het meesal 300 – 400 woorde om hul mening te lug en hul ervaring en ondervinding te beskryf (Botma, 2009). Wardle omskryf die resesent se uitdaging soos volg:

Journalistically speaking, notices⁷ are a hybrid form, merging the usually segregated categories of fact and comment; a procedure not always appreciated by sub-editors into whose hands the copy falls in the dead of night. Reviewers soon learn to write to length, knowing that if they overwrite, it is their opinions that will be cut, while all the plottery will be left intact (Wardle, 1992: 4).

Niemand het nog ooit 'n standbeeld vir 'n resesent opgerig nie, skryf Michael Billington in 'n artikel oor Kenneth Tynan (Billington, 2001). Dat resesente nie noodwendig gewild is nie, blyk duidelik uit die stories wat resesente self vertel. In gesprek met verskeie resesente, het dit geblyk dat die meeste al fisiek deur ontstoke teaterpraktisyns aangeval is. Diesulke teaterpraktisyns was van mening dat hulle deur die resesent verontreg is en dat hulle reputasie as kunstenaars skade berokken is. Daar is selfs al toneelstukke geskryf waar die teaterresesent afgemaai word (Garrett, 2002). Die dramaturg David Mamet (Proust Questionnaire: David Mamet, 2008) het in 'n onderhoud met *Vanity Fair* gesê dat dit hom geweldig gelukkig sal maak as alle resesente sterf.

Koerantresensies en teaterkritiek bly egter 'n belangrike aspek van die teaterbestel, en teaterresensies ontvang kulturele status in eie reg (Logan, 2007). Die goeie teaterresensie is nie net geskrewe kommentaar op 'n produksie nie; dit is ook, onafhanklik van die produksie waaroor kommentaar gelewer is, 'n stuk literêre skryfwerk in eie reg. Die hoofdoel van 'n resensie is egter kritieklewing. Kritiese kommentaar is 'n ongelooflik belangrike aspek in die ontwikkeling van ons kultuur (Gardner, 2007).

Hoë verwagtinge word aan teaterresesente gestel deur sowel teaterpraktisyns as die publiek. Benewens 'n goeie joernalis, moet die goeie resesent 'n uitstekende skrywer wees, belese wees en oor 'n uitgebreide teaterverwysingsveld beskik. Die resesent moet 'n objektiewe, dog sterk opinie lewer en terselfdertyd word daar verwag dat die skryfwerk op die koop toe vermaaklik moet wees.

Die eienskappe van 'n goeie resesent en die hoofkriteria vir 'n goeie resensie wat in hierdie hoofstuk bespreek is, is kardinaal tot die evaluering en gesprek oor die definiëring of herdefiniëring van die rol van die resesent binne konteks van die “nuwe media”.

⁷ Binne konteks van Wardle se gesprek verwys die woord “notices” na resensies.

HOOFSTUK 4: DIE HEDENDAAGSE TOEPASSING VAN TEATERKRITIEK IN DIE ERA VAN “NUWE MEDIA”

4.1. Inleiding

“Nuwe media” is ’n term wat in teenstelling met die “ou media” gebruik word, waar laasgenoemde na die tradisionele drukmedia verwys. Soos reeds bespreek, verwys “ou media” na die wêreld van gedrukte koerante en tydskrifte, en “nuwe media” na die elektroniese wêreld, meer spesifiek die internet. Gedurende die afgelope 15 jaar het kommunikasie- en bemakingstrukture drasties verander. Internettoegang stel die gebruiker in staat om sy/haar eie opinies, gevoelens, voorkeure en afkeure wêreldwyd te laat hoor.

Volgens Paul Levinson (2009: 1) sluit die term “nuwe media” alleenlik elektroniese pos en webtuistes in, en stel hy voor dat’n addisionele term, “nuwe nuwe media”, gebruik word om blogs, YouTube, Wikipedia, Digg, MySpace, Facebook, Twitter, Second Life en *podcasts*⁸ in te sluit.

Levinson sels van definiërende kwaliteite van die “nuwe nuwe media” sien soos volg daar uit:

- Almal kan ’n bydrae lewer en betrokke raak.
- Bydraes kan enige tyd van die dag of nag gelewer word en meestal teen geen finansiële vergoeding nie.
- Vir elke individu is daar ’n medium beskikbaar wat by sy of haar sterkste kwaliteite kan pas. Dit sluit klankmediums (“podcasts”), visuele mediums (video’s/foto’s/prente) en teksmediums in.
- Die media is gratis aan die gebruiker en in meeste gevalle ook aan die vervaardiger of verskaffer, beskikbaar gestel.
- Dis kompetierend, maar terselfdertyd komplementêrend en interaktief met ander vergelykbare media. (Alhoewel Skype, Facebook en Twitter om dieselfde mark meeding, is hulle ook interaktief met mekaar geskakel.)

(Levinson 2009: 1-3)

Hierdie navorser het egter besluit om die oorkoepelende term “nuwe media” in die studie te gebruik as ’n term wat ook Levinson se definisie van “nuwe nuwe media” insluit. Dus sluit die term “nuwe media” alle elektroniese formate van koerante, tydskrifte, asook alle vorme van elektroniese kommunikasie, nuus en sosiale media, in.

⁸ Podcasts word soms potgooie genoem in Afrikaans. Ek verkies die term podcast en sal dit daarom gebruik.

In dié hoofstuk word gefokus op die gebruike van die “nuwe media” (meer spesifiek webtuistes, blogs, YouTube, Facebook, Twitter en “podcasting”), asook die voor- en nadele daarvan met betrekking tot teaterkritiek.

4.2. Webtuistes as media

Webtuistes is informasiebladsye wat op die internet verskyn. Soos reeds verduidelik, kan enigiemand met toegang tot die internet ’n webbladsy publiseer. Dit word gewoonlik gebruik as die tuistes vir maatskappye, individue en organisasies waar die publiek meer inligting oor die betrokke persoon, organisasie of die produkte wat hulle bied, kan bekom.

4.2.1. Webtuistes van internasionale koerante en tydskrifte

Internasionale koerante en tydskrifte het ook webtuistes wat interaktief met hul tradisioneel gedrukte eweknieë saamwerk. Die internetweergawes van die koerante en tydskrifte bevat artikels en foto’s wat gewoonlik reeds in die gepubliseerde weergawes verskyn het. Die elektroniese formaat bied dus aan lesers toegang tot die gepubliseerde weergawes. Hiperskakels word gebruik om die lesers na ander verwante artikels of bronne, wat ondersteunende informasie bied, te lei. Verder word klankopnames, video’s en foto’s ook ingespan om aan die leser meer ondersteunende visuele en oudiovisuele materiaal te bied.

Die webtuiste www.onlinenewspapers.com (Online Newspapers, 2012) het duisende elektroniese koerante wêreldwyd op sy titellys. Volgens die maatskappy, comScore, is die gewildste aanlyn-koerant die *Mail Online* wat 45,3 miljoen mense teen Desember 2011 bereik het. *The New York Times* se aanlyn-weergawe het 44,8 miljoen mense bereik. *USA Today*, die Amerikaanse *Tribune* en die Britse *The Guardian* is kort op hulle hakke (Greenslade, 2012).

Vir die doeleindes van hierdie studie daar gefokus op die teaterafdelings van *The New York Times* (*The New York Times: Theatre*) in Amerika en *The Guardian* (*The Guardian: Stage*) in Engeland. Beide hierdie aanlyn-koerante het uitgebreide kuns- en teaterafdelings. Hierdie webtuistes is uiters doeltreffende kunswebtuistes en ideaal om as voorbeelde in dié hoofstuk te gebruik. Die twee koerante en die aanlyn-weergawes het van die mees gerespekteerde en ervare teaterresensente in Brittanje en Amerika in hulle diens en bied dus ook ’n uitstekende standaard waaraan teaterkritiek gemeet kan word.

4.2.1.1. Die elektroniese teaterafdeling van *The New York Times*

The New York Times bied aan sy aanlyn-gebruikers maklike en eenvoudige toegang tot die jongste inligting oor teater. Resensies is hoofsaaklik op produksies in die New York-gebied (Broadway, Off-Broadway en Off-Off Broadway) gefokus (*The New York Times: Theatre*).

Die teaterwebblad is uiters gebruikersvriendelik en is gerat sodat gebruikers inligting maklik en vinnig kan bekom. 'n Soekfunksie maak dit maklik om met 'n sleutelwoord, spesifieke inligting oor 'n produksie, teaterpersoonlikheid of -resensent te vind.

Die webtuiste het onderafdelings wat die gebruiker direk kan lei na spesifieke kategorieë. Dit sluit die volgende skakels in: "Broadway", "Off & Off Broadway", "Plays", "Musicals", "Family Friendly", "Recently Opened" en "Last Chance". Indien die gebruiker op een van hierdie skakels klik, sal die gebruiker na 'n lys van produksies gelei word.

Elke produksie het 'n produksie-webblad waar die gebruiker 'n oorsig oor die produksie kan lees (insluitend 'n beskrywing en die rolverdeling), meer kan uitvind oor kaartjiepryse, vertoningstye en die venue waar die produksie speel. Die produksie se webblad (op die koerant se webtuiste) bied ook 'n skakel na die amptelike *The New York Times*-resensie, asook 'n skakel na amateurrensies wat deur die algemene publiek geskryf en vrywillig geplaas is.

Die amptelike aanlyn *New York Times*-resensie van 'n produksie, word geskryf deur 'n professionele resensent wat permanent by *The New York Times* aangestel is. Die senior teaterresensente by *The New York Times* is Ben Brantley en Charles Isherwood (*The New York Times: Theatre*). Die amptelike resensie bevat ook hiperskakels in gevalle waar daar verdere inligting oor 'n term, persoon of verwysing is. Lesers het ook die opsie om met hiperskakels na verwante *New York Times*-artikels te gaan of om ander skakels en inhoud, wat byvoorbeeld onderhoude en artikels wat reeds verskyn het oor die produksie, te besoek. Daar is ook 'n multimedia-kategorie waar daar onder meer videomateriaal van die produksie beskikbaar is. Op die musiekblyspel *The Book of Mormon* se webblad, is daar 'n multimedia-funksie waar gebruikers die kostuumontwerpsketse kan sien. Daar is ook 'n klankfunksie waar die ontwerper, Ann Roth, uitwei oor die agtergrond en inspirasie van elke ontwerp (*The Fabric of Book of Mormon*, 2011). Die multimedia-funksies sluit ook video-onderhoude met dramaturge, akteurs, regisseurs en ander betrokkenes in.

Die webblad bied egter ook 'n geleentheid aan lesers om hul eie opinies en resensies te plaas onder 'n afdeling genaamd "Reader's Reviews". Hierdie opsie is beskikbaar indien lesers op *The New York Times*-webtuiste geregistreer is. Registrasie is gratis.

Die leser kan 'n mening lug deur byvoorbeeld net aan te dui of hy/sy dink die produksie is swak, bevredigend, goed, baie goed of uitstekend. Die opsies word deur 'n stergradering van 1 – 5 aangedui, waarvan een die swakste en vyf die beste is. Die leser hoef slegs te klik om te stem. Die uiteindelijke ster-toekennings van die produksie is die gemiddelde van al die stemme.

Lesers word ook aangemoedig om 'n resensie te skryf, en onder die onderafdeling "Write a review of" is daar 'n aanlynblokkie waarbinne die leser sy of haar resensie kan plaas. Die resensie word egter beperk tot 2 000 karakters. Al die kommentaar van lesers word onder mekaar gelys en is beskikbaar vir almal om te lees. Elke resensie word ook vergesel van 'n ster-toekenning vir die

produksie. Die webtuiste bied verder aan lesers die geleentheid om met die “Recommend Comment”-knoppie ander lesers se kommentaar aan te beveel; hierdie aanbevelings word dan afsonderlik in orde van gewildheid gelys.

The New York Times se teaterblad het ook ’n aktiewe Facebook-profiel of “fan page” (Facebook: Theatre/The New York Times). Die webtuiste is ook gebruikersvriendelik en dit is eenvoudig om die spesifieke skakels na ’n spesifieke artikel of resensie te “deel”⁹ op die leser se eie sosiale netwerk-profiel.

Die webtuiste bied ook aan lesers ’n interaktiewe “vertoningvinder” (*show finder*) genaamd “Show Tuner”. Die funksie word op die webtuiste omskryf as: “Get suggested shows from our critics, by adjusting your preferences below” (*The New York Times: Theatre*, 2012). Die kategorieë is stemming (komedie tot drama), gehoor (kinders tot volwassenes) en styl (tradisioneel tot eksperimenteel). Afhangende van die keuse wat die leser maak, word vertonings deur die webtuistes aangedui.

In 2011 is daar enkele verbeteringe aan hierdie webtuiste aangebring wat die vertoningvinder en die direkte kaartjieverkope-skakel insluit. Die kultuurredakteur van *The New York Times*, Jonathan Landman, het in ’n persverklaring soos volg oor die veranderinge uitgelaat:

We’ve tried to make the Theater section a more useful and appealing place for readers.

We’ve learned over the years that people use our reviews, articles and multimedia to guide their ticket-buying choices (Stoeffel, 2011).

The New York Times het gesiene en gesoute resensente wat bydraes lewer. Die resensies is professioneel en van hoogstaande gehalte. Die multimedia-funksies is ondersteunende en insiggewende materiaal tot die resensies, en dit verryk die leser se ervaring en verwysingsveld. Die ander funksies skep ’n een-stop-webtuiste om die teaterbedryf van New York te ondersteun. *The New York Times* se teaterblad is ’n uitstekende voorbeeld van die potensiaal wat die “nuwe media” vir teaterresensies en die teater as geheel bied.

4.2.1.2 *The Guardian* in Engeland

The Guardian se webtuiste (*The Guardian: Stage*) het ook ’n uitgebreide kultuurafdeling wat hoofskakels na die volgende kategorieë bied: teaterblog, resensies, nuus, teater, dans, komedie, musiekblyspele, opera, video, ’n alfabetiese afdeling, asook ’n afdeling wat *The Guardian* “You review: open journalism” noem.

⁹ Deel is die Afrikaanse term van die Engelse “sharing”. Informasie kan op ’n persoon se persoonlike Facebook- of Twitter-rekening gedeel word met ander lesers. Dus kan die hiperskakel na ’n spesifieke resensie of artikel op iemand se persoonlike Facebook-bladsy geplaas word met die druk van ’n knoppie.

Alle resensies, artikels, onderhoude, video's, blogs en enigiets wat op die spesifieke gekose genre fokus, is dan bymekaar – uiters gebruikersvriendelik. Op hierdie bladsy kan die leser duidelik sien watter inligting oor 'n spesifieke produksie in 'n betrokke genre beskikbaar is.

Die webbladsy is ook só uitgelê om die inligting selfs nóg meer gebruikersvriendelik aan te bied. Die bladsy word in subafdelings verdeel met hiperskakels na die gepaste bydraes. Die subafdelings sluit die volgende in: die hoofstorie, mees onlangse bydraes, mees onlangse video's, teaterblog-bydraes, ander relevante onderwerpe, en die mees onlangse resensies.

The Guardian-webtuiste se multimedia-bydraes word onder 'n aparte afdeling, nl. "Video", aangebied (*The Guardian: Video*). Die multimedia sluit video-uittreksels van produksies, video-onderhoude met teaterpraktisyns, foto's en klankopnames in.

Die "A-Z"-kategorie bevat alle inligting wat op die teaterblad verskyn (*The Guardian: A-Z*). Produksies, teaterpraktisyns, onderwerpe en resensente verskyn op 'n omvattende alfabeties lys ten einde toegang tot inligting verder te vergemaklik.

Die teaterblog-kategorie bestaan uit bydraes deur die resensente en joernaliste van *The Guardian*. Die blogs fokus op spesifieke onderwerpe in die kunste wat politiek, befondsing, sosiale kwessies en die ontwikkeling van teater bespreek.

Die resensie-kategorie is egter die belangrikste vir die doeleindes van hierdie studie. *The Guardian* se resensiespan word deur Michael Billington en Lyn Gardner gelei – beide ervare en gerespekteerde resensente in die bedryf. Hulle resensies is gebalanseerd, deeglik en omvattend.

Die aanlyn-resensies word ook met hiperskakels in die resensie aangebied (net soos met *The New York Times* se internet-resensies). As voorbeeld verwys ek na Michael Billington se resensie van *King Lear*. Die produksie is in die Tobacco Factory in Bristol, Engeland (Billington, 2012) opgevoer. Billington skryf in die resensie: "But, in spite of a strong central performance from John Shrapnel, Andrew Hilton's plain-text production at this much-praised venue leaves me craving the delights of an interpretative idea."

Hierdie verwysing na "this much-praised venue" verwys na die Tobacco Factory. Hierdie frase word dan as 'n hiperskakel aangedui wat die leser direk na die Tobacco Factory se webtuiste kan neem as daarop geklik sou word. Onmiddellik word die teater ook in 'n breër konteks vir die leser geplaas en het die leser'n verdere verwysingsveld en agtergrond van die teater waar die produksie opgevoer word. Verder skryf Billington:

Where are we? And who – as the lady says in the Ayckbourn play – are all these people?
To judge by Harriet de Winton's costumes, we seem to be in a Jacobean world, which is fair enough (Billington, 2012).

Hier word 'n hiperskakel gebruik vir die frase “as the lady says in the Ayckbourn play” wat die leser direk lei na 'n artikel wat deur Laurie Taylor op die *New Statesman*-webtuiste gepubliseer is (Taylor, 2000). Hierdie hiperskakel bied aan die leser 'n konteks vir die resensie se verwysing.

It reminded me of a scene from Alan Ayckbourn's *Bedroom Farce*, in which an elderly couple are lying side by side in bed. The man is reading intently and, after a few moments, his wife shows a cursory interest in his book. “It's *Tom Brown's Schooldays*,” he tells her. “It's very good. Would you like to hear a bit?” She nods unenthusiastically, and he proceeds to read out a lengthy passage about the time when Jenkins minor came into the dormitory and found Ellis major talking to Tomkins about how Sturridge had let everyone down on the cricket field. His wife listens with growing exasperation. Eventually she intervenes. “Who are all these people?” she asks with wonderful indignation (Taylor, 2000).

Indien die leser nie die toneelstuk geken het nie, is die leser nou danksy die hiperskakel vertrouwd met die presiese scenario en verwysing. Die leser weet ook nou dat die resensie na Alan Ayckbourn se *Bedroom Farce* verwys en wat die presiese gebeure is waarna daar verwys word in Billington se *King Lear*-resensie.

Billington se resensie verwys verder soos volg na die openingstoneel:

When Lear savagely rejects his youngest daughter and banishes his most loyal follower in the opening scene, it causes scarcely a ripple of consternation among his courtiers (Billington, 2012).

Die hiperskakel, in die geval, is 'n skakel na 'n internetweergawe van die teks en neem die leser na die volle Bedryf 1 Toneel 1 van William Shakespeare se toneelstuk (*King Lear*, 2012). Die leser het dus nou ook toegang tot die teks ter sprake.

Daar is drie hiperskakels in die resensie se laaste paragraaf. Die onderstreepte sinsnedes is die hiperskakels:

But, in the absence of any governing idea, I found myself dwelling on the notion that came up in a panel debate I was on in Oxford last week, that Shakespeare was an advocate of political honesty. To Shakespeare, dissimulation was clearly a vice. But so, too, was a lack of political guile. Witness the havoc caused by the “honourable” Brutus, the recklessly unhypercritical Coriolanus and, in this play, the gormless Cordelia (as the critic James Agate once called her), whose unswerving dedication to truth precipitates a cosmic tragedy.

Met die verwysing na die debat in Oxford word daar na die program van die besprekings- en debatreks geskakel. Ongelukkig bied hierdie skakel geen werklike verdere inhoud van wat in die debat bespreek is nie, maar bied slegs besonderhede oor nuwe gesprekke wat aangebied word. 'n Hiperskakel is ook gebruik om die leser te neem na *The Guardian* se resensie van Ralph Fiennes se film-weergawe van Shakespeare se *Coriolanus* (French, 2012). Die resensie bied aan die leser

meer informasie oor Coriolanus, en is natuurlik 'n verdere bewusmaking vir die leser dat die film tans draai, en verwys ook die leser na verdere leesstof op *The Guardian*-webtuiste. Die laaste hiperskakel is 'n skakel na 'n webblad met aanhalings van die resesent James Agate (*James Agate quotes*). Ek vermoed die “gormless Cordelia”-verwysing is uit 'n resensie wat Agate geskryf het. Die webblad het tien Agate-aanhalings, maar nie een van die aanhalings het betrekking op Cordelia nie. Vermoedelik is die skakel geplaas vir die leser se genot om ook ander aanhalings van Agate te lees, wat wees die leser se verwysingsveld uitbrei en die bestaande materiaal verryk.

Hierdie is 'n baie goeie voorbeeld van die positiewe elemente wat die “nuwe media” aan die resensiewese bied. Die intertekstualiteit wat binne die goeie skryfwerk van 'n resesent teenwoordig behoort te wees, kan op die internet onmiddellik uitgebrei en verduidelik word met ondersteunende materiaal. Nie net word die leser verder ingelig nie, maar die resensie word ook meer gebruikersvriendelik. Die resensie is interaktief nie alleen binne konteks van die teater nie, maar met vele ander fasette van die samelewing. Die resesent kan dus, sonder om te veel oor die konteks van 'n stelling uit te brei, die uitgebreide informasie op 'n ander webblad vir die leser beskikbaar te stel.

Die resensie – eintlike enigiets wat op *The Guardian* se teaterblad geplaas word – het ook 'n kommentaar-funksie. Hierdie funksie bied aan lesers die geleentheid om ook 'n mening te lug en in debat te tree met die resesent en ander lesers oor die artikels, blogs en resensies. Die interaktiewe funksie ondersteun en bevorder debat. Die opinies is ongelukkig soms banaal en persoonlik (veral omdat die kommentaar anoniem geplaas kan word), soos byvoorbeeld die kommentaar op Michael Billington se *King Lear*-resensie deur een van die lesers wie se aanlyn-naam Pouncer is: “Methinks you spent too long on the train...” (Billington, 2012). In reaksie op 'n relatief positiewe resensie deur Lynn Gardner oor die toneelstuk *Two* (Gardner, 2012), het 'n leser met die skuilnaam *mbrierly46* gereageer met sy of haar eie uitgebreide en deurdagte opinie wat drasties verskil met dié van Lynn Gardner (2012). Daar is ook voorbeelde waar die resesente verder kommentaar lewer wanneer hulle dit nodig ag.

'n Wonderlike funksie op *The Guardian*-webblad, is 'n soek-funksie. Lesers kan byvoorbeeld 'n resesent se naam intik en sodoende 'n skakel kry na 'n bladsy waar al die artikels, onderhoude, blogs en resensies wat dié resesent vir *The Guardian* geskryf het, gelys word en beskikbaar is om te lees. Dit vorm dus nie nét 'n elektroniese argief (of dan naslaanbron) vir die teaterproduksies en betrokkenes nie maar ook vir die resesent se bydrae tot die teater.

The Guardian se kunswebblad is professioneel en gebruikersvriendelik. Alle inligting is maklik bekombaar. Die redaksie is professioneel en die resensies van voortreflike gehalte. Die kunswebblad is ook in 'n uitstekende formaat wat die funksies wat die “nuwe media” bied, ten volle inkorporeer.

The Guardian se webtuiste is opwindend, juis omdat dit in resensies kruisverwys na verskillende bronne op die internet. As 'n persoon wat nie in Engeland woonagtig is nie en vir wie dit haas onmoontlik is om die produksies by te woon, vind hierdie navorser die resensies uiters interessant en insiggewend. Die hiperskakels lei die gebruiker na al die bronne waar verdere inligting oor die produksiehuise, teaters, toneelstukke, skrywers, akteurs en onderhoude beskikbaar is. Dis eenvoudig en maklik om te gebruik.

4.3.2 Webtuistes van geselekteerde koerante en tydskrifte – 'n bestekopname

In Suid-Afrika, en meer spesifiek gedrukte koerante in die Wes-Kaap, is publikasies soos *Die Burger*, *Cape Times*, *Cape Argus* en *Mail & Guardian*¹⁰ goeie voorbeelde van tradisionele media met ook 'n sterk internetteenwoordigheid. Al vier hierdie gedrukte publikasies het ook elektroniese weergawes: *Die Burger* kan aanlyn gevind word by www.dieburger.com, die *Mail & Guardian* by www.mg.co.za, *Cape Times* by www.capetimes.co.za en *Cape Argus* by www.capeargus.co.za. Die *Cape Times* en *Cape Argus* is koerante in dieselfde mediagroep, naamlik Independent Media. Beide hierdie koerante se aanlyn-weergawes is beskikbaar op die Independent Media-webtuiste, www.iol.co.za. 'n Vermaak- en kultuurbylaag wat as deel van die *Cape Times* en ook die *Pretoria News* in Gauteng verskyn, die *Tonight*, se elektroniese suster kan gevind word by www.iol.co.za/tonight. Independent se nasionale Sondagkoerant, *The Sunday Independent*, is ook aanlyn beskikbaar (www.iol.co.za/sundayindependent).

Die ander twee groot nasionale Sondagkoerante is *Rapport* (soos *Die Burger*, 'n Media24-publikasie) en die *Sunday Times*. Beide het ook internetteenwoordigheid (www.rapport.co.za; www.timeslive.co.za).

4.3.2.1 Cape Argus, Cape Times en Sunday Independent

Independent Media se Wes-Kaapse dagblaai se aanlyn-weergawes is teleurstellend op sowel inhouds- as tegnologiese vlak (*Cape Times*; *Cape Argus*). Die inligting is beperk, en die uitleg en kategorisering gebruikersonvriendelik. Indien die leser 'n elektroniese intekenaar is, is die gepubliseerde koerant beskikbaar as 'n elektroniese koerant. Met ander woorde, die gepubliseerde koerant is met sy presiese uitleg en voorkoms beskikbaar as 'n e-koerant. Die enigste interaktiewe elemente van hierdie formaat, is dat alle artikels ook as klankopnames beskikbaar is en dat 'n e-posadres of webtuiste hiperskakels is.

Cape Times het wel in sy hoofskakels 'n "Arts"-kategorie (*Cape Times: Arts*). Hierdie hoofskakel lei die leser na nog 'n gebruikersonvriendelike bladsy waar artikels, resensies en onderhoude – wat

¹⁰ Hierdie is 'n weeklikse koerant wat nasionaal beskikbaar is, maar gedeeltes van die kunsblaai is streekspesifiek.

kos, film, teater en musiek insluit – ongekategoriseer as hiperskakels gelys word. Daar is geen werklike aanduiding of die gelyste artikelopskrifte 'n resensie, onderhoud of artikel is nie. Die kunsblaaie het ook geen multimedia-elemente geïnkorporeer nie. Daar is wel 'n multimedia-skakel in die hoofkieslys, maar geen van hierdie video's het betrekking op die kunsblaaie nie. Elke artikel kan wel per e-pos, Facebook, Twitter, Google, Yahoo!, Reddit en del.icio.us gedeel word. Daar is ook 'n funksie by die artikel waarmee lesers verdere kommentaar kan lewer.

Die ander Independent-koerante en bylaes soos die *Cape Argus*, *Sunday Independent*, *Tonight* en *Life* bied aan die gebruikers basies presies dieselfde tipe informasie. Die inligting is uiters moeilik om te vind en die artikels is bloot 'n herhaling van die artikels en resensies wat in die gepubliseerde weergawes verskyn het – geen verdere inhoudsverryking vind plaas nie.

4.3.2.2 Die Afrikaanse koerante: *Die Burger* en *Rapport*

*Die Burger*¹¹ (*Die Burger*) se elektroniese weergawe is meer gebruikersvriendelik as dié van die Independent-koerante. Sodra die gebruiker die tuisblad oopmaak, is daar duidelike kategorieë (en subkategorieë). Vermaak en Kuns val onder die Nuus-afdeling en van die kunsartikels verskyn reeds op die tuisblad. Sodra die leser na die vermaakblad gaan (*Die Burger: Vermaak*), word die verskillende artikels duidelik uiteengesit met klein foto's daarby. Hierdie artikels dien as hiperskakels na die artikels. Ongelukkig is daar geen aanduiding of die item 'n resensie, artikel of onderhoud is nie.

Die resensies wat op die webblad verskyn, is resensies wat reeds in die gepubliseerde weergawe van *Die Burger* verskyn het (*Die Burger: Vermaak*). Multimedia-funksies behels onder meer video-opsies wat onderhoude en insetsels oor produksies op YouTube beskikbaar stel (*Die Burger Web*) en ook spesifiek fokus op feeste (*Die Burger Fees*). Die resensies verskyn sonder enige hiperskakels en is slegs elektroniese dokumentasie van die gepubliseerde weergawes. Daar is wel 'n funksie waar kommentaar deur lesers gelewer kan word. Die resensie kan ook per e-pos gedeel word, asook op Facebook, Yahoo, Google, Digg, del.icio.us en Twitter (*Die Burger: Vermaak*).

Media24 se nasionale Sondagkoerant, *Rapport*, het wel elektroniese nuus-inhoud, maar nóg die gepubliseerde nóg die elektroniese weergawe van die koerant bevat teaterresensies nie (*Rapport*).

¹¹ *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* is drie dagblaaie van Media24 wat verskillende streke in Suid-Afrika dien, maar struktureel funksioneer al drie hierdie dagblaaie op presies dieselfde manier, ook in hul elektroniese formaat. Artikels en ander materiaal word gereeld uitgeruil.

4.3.2.3 Mail & Guardian Online

In vergelyking met *The New York Times* of *The Guardian* se kunswebblaaie, is die *Mail & Guardian Online* se kunswebblad (*Mail&Guardian: Arts & Culture*) nie naastenby so tegnologies gevorderd, gebruikersvriendelik, interaktief of informatief nie. Maar die *Mail & Guardian* se kunswebblad neem beslis die voortou in vergelyking met die res van die koerante in die Wes-Kaap wat ook elektroniese weergawes publiseer.

Die kunsblad kan maklik gevind word op *Mail & Guardian Online* se tuisblad. Daar is 'n kategorie, "Arts & Culture", as deel van die hoofkieslys. Hierdie hiperskakel neem die leser direk na 'n bladsy met die nuutste kunsartikels, en dis gebruikersvriendelik uitgelê. Daar is ook kategorieë vir musiek, film, teater, kuns en ontwerp, en boeke. Die teaterskakel neem die leser na 'n netjies geordende lys van artikels wat duidelik aangedui word as artikels oor dans of teater. Die hiperskakel na byvoorbeeld teater bestaan uit die artikel- of resensie-opskrif en 'n inleidende sin wat meer inligting oor die inhoud verskaf (*Mail&Guardian:Theatre*). Die artikels en resensies is die presiese weergawes wat in die gedrukte weergawe verskyn het. Weereens is geen verdere inhoudsverryking beskikbaar nie.

4.3.2.4 The Next 48 Hours

The Next 48 Hours, 'n gratis vermaaklikheidsgids wat weekliks in Kaapstad verskyn, is 'n relatief nuwe publikasie wat onafhanklik gepubliseer word. Die inhoud bestaan hoofsaaklik uit alle vorme van vermaak wat gedurende die week in die stad plaasvind. 'n Hiperskakel is ook beskikbaar vir teater-inhoud. Behalwe vir die gepubliseerde weergawe wat in die stad versprei word, kan dit ook as 'n e-koerant in 'n PDF-formaat op die webtuiste afgelaai word (*The Next 48 Hours*).

Artikels, resensies, onderhoude en 'n dagboek van die week se vertonings in die stad is ook in blog-formaat op die webtuiste beskikbaar. Die soek-funksie is gebruikersvriendelik en laat die gebruiker ook toe om na ouer resensies in die argief te soek.

Die hoofresensent van *48 Hours* is Peter Tromp. Indien 'n mens sy resensies evalueer volgens die riglyne bespreek in hoofstuk 2, is sy resensies deurdag en professioneel.

4.4 Ander webtuistes met teaterresensies

Daar is ook 'n hele paar webtuistes wat nie tradisioneel gepubliseerde weergawes het nie, maar wat slegs op die internet gevind kan word. Voorbeelde van Suid-Afrikaanse webtuistes wat as deel van hul inhoud gereeld teaterresensies van Wes-Kaapse produksies plaas, is LitNet ('n Afrikaans en Engelse literêre webtuiste), Artslink ('n kuns- en vermaak webtuiste), SLiP ('n Engelse literêre en akademiese webtuiste) en die Fleur du Cap-toekennings se webtuiste.

4.4.1 LitNet

LitNet (*LitNet*) is 'n internet-publikasie met 'n literêre- en kunsfokus. Die redakteur is die bekende en bekroonde skrywer Etienne van Heerden en word uit Stellenbosch in die Wes-Kaap, Suid-Afrika, bedryf. Hier is wel 'n platform waar resensies van produksies, onderhoude met betrokkenes by produksies en indiepte-artikels oor teater geplaas word. Volgens Naomi Bruwer (2010), senior inhoudsbestuurder by LitNet, is die bydraes meestal onbetaald, behalwe wanneer een van die redaksielede (hulle is 'n span van ses wat die hele webtuiste bestuur) self 'n resensie skryf. Op navraag of dit noodwendig ervare resensente is, is die antwoord dat dit gewoonlik ervare joernaliste is, maar nie noodwendig professionele resensente nie.

Die teaterimpresario, Albert Maritz, het 'n gereelde rubriek *Baba met die badwater* op LitNet (Maritz, 2013). Hy ontvang geen vergoeding vir die rubriek nie. Sy rubriek is meestal verwant aan teater en bevat resensies van skole-, amateur- en professionele produksies. Dit word egter in rubriek-formaat gepubliseer, en die resensies is heel dikwels verweef met sosiale onderwerpe soos rugby en persoonlike staaltjies. Die resensies word uit 'n opmerklik persoonlike perspektief geskryf. Maritz het die rubriek begin skryf as 'n bydrae tot teater. Sy gevoel was dat die gedrukte media nie genoeg aandag skenk aan kleiner en nie-professionele produksies nie en hy wou met die rubriek meer blootstelling aan hierdie produksies bied (Maritz, 2007).

4.4.2. Artslink

Artslink (*Artslink*) is 'n webtuiste wat deur die redakteur, T.J. de Klerk, beskryf word as 'n bemerkingsnetwerk vir die vermaaklikheidsbedryf (De Klerk, 2011). Die webtuiste bestaan meestal uit persverklarings oor speelvakke van produksies of gebeure in en rondom die vermaakbedryf in Suid-Afrika. 'n Jaarlikse registrasiefooi is betaalbaar deur organisasies of individue wat van hierdie platform gebruik wil maak om hul produksies te bemark. Die geregistreerdes kan dan via die netwerk soveel persvystellings en bydraes lewer soos dit hul behaag. Ongeregistreerde individue of organisasies kan ook per bydrae betaal. Die persverklarings en bydraes word dan gratis per e-pos na 'n netwerk van media en belangstellendes gestuur. Die netwerk bestaan uit individue en organisasies wat gratis registreer om die nuutste nuus per e-pos te ontvang. Alle bydraes is ook op die webtuiste beskikbaar vir enigiemand wat dit wil besoek.

Alhoewel die webtuiste nie spesifiek daarop ingestel is nie, is daar tog resensies wat op die webtuiste gepubliseer word. Resensies en menings kan maklik gevind word in die hoofkieslys van die webtuiste onder *Artspoken & Reviews*. Die bydraes is onbetaald en vrywillig. Hier is, met ander woorde, nie noodwendig 'n professionele stem betrokke nie. Geen hekwagter waak oor die inhoud nie. Gereelde resensies word deur Peter Feldman gepubliseer. Hy is reeds 45 jaar 'n resensent en was vir 35 jaar resensent van *The Star* in Johannesburg (Artslink, 2012). Sy resensies is

insiggewend en omvattend. Die resensies is egter meestal van produksies in Gauteng en bitter min resensies word oor Wes-Kaapse produksies gepubliseer (Artslink, 2012).

4.4.3 Fleur du Cap-webblad

In 2007 het die Distell-stigting as deel van hul jaarlikse teatertoekenningsereemonie, die Fleur du Cap-toekennings, 'n webtuiste vir teater in die Wes-Kaap begin. Hierdie webblad is www.fdcawards.co.za. Die webtuiste was meestal 'n teaterkalender vir die Wes-Kaap. Daar het wel 'n paar resensies en onderhoude met teatermense verskyn. Dit was egter meestal resensies wat in gepubliseerde koerante verskyn het. Die webtuiste is sedert 2010 nie meer aktief nie en word nie opgedateer nie, maar volgens die Distell-stigting se kuns- en kultuurorganiseerder, Irma Albers, is dit net tydelik en word die webtuiste tans meer gebruikersvriendelik gemaak. Die webblad sal beter gestruktureer word om alle kulturele gebeure, ook gemeenskapswerk, by die webblad te inkorporeer. Hulle beplan ook om professionele resensies as deel van die nuwe webtuiste aan te bied. Die nuwe webtuiste se adres sal ook verander na www.capetheatre.co.za (Albers, 2011).

4.4.4 Teater- en ander webtuistes

Ander prominente webtuistes met betrekking tot teater in die Wes-Kaap is die teaterkomplekse se webtuistes en onafhanklike produksiehuise se webtuistes.

Teaterwebtuistes in die Wes-Kaap behels onder meer die Kunstekaap (www.artscape.co.za), die Fugard-teater (www.thefugard.com), die Baxter-teaterkompleks (www.baxter.co.za), Theatre on the Bay (www.theatreonthebay.com), asook kleiner teaters soos die Kalkbaai-teater (www.kbt.co.za) en die Klein Libertas Teater (www.kleinlibertasteater.co.za).

Onafhanklike produksiehuise met webtuistes sluit in The Pink Couch (www.thepinkcouch.co.za), The Mechanicals (www.themechanicals.co.za), FTH:K (www.fthk.co.za) en TEATERteater (www.teaterteater.com).

Hierdie webtuistes publiseer slegs resensies wat reeds in ander publikasies verskyn het. Die webtuistes se hoofdoel is om inligting oor spesifieke produksies oor te dra en om die vertonings te bemark. Alhoewel die webtuistes nie 'n bydrae tot nuwe resensies lewer nie, word die bestaande resensies aangehaal of in sommige gevalle ten volle op die webtuiste geplaas. Aanhalinge uit die resensies word gewoonlik met 'n hiperskakel na die blog, webtuiste of aanlyn-koerant geskakel waar die resensies oorspronklik verskyn het. Nie net bemark dié webtuistes van die teater- en produksiehuise hul eie vertonings nie, maar onbewustelik word lesers ook aan resensente en blogs wat bydraes lewer, bekendgestel.

Hierdie webtuistes plaas uit die aard van die saak alleenlik positiewe resensies, aangesien hulle dit as bemerking beskou; nie alle resensies wat oor 'n produksie verskyn, word noodwendig op die webtuiste geplaas nie. Verder word enige positiewe opinie geplaas; die produksiehuise voel geen verantwoordelikheid om die resensies wat nié noodwendig deur 'n ingeligte of waardige resensent gepubliseer is, bo amateur-bydraes uit te sonder nie.

As die webtuistes in oënskou geneem en geëvalueer word, is daar 'n paar aspekte wat duidelik na vore tree.

Buitelandse koerante soos *The New York Times* en *The Guardian* se webtuistes publiseer nie net die resensies wat in die gedrukte weergawes verskyn nie, maar hulle publiseer ook nuwe resensies wat nêrens elders nie as op die webblad verskyn. Op hul webtuistes Wes-Kaapse koerante verskyn alleenlik resensies wat alreeds in die gedrukte weergawes van die koerante gepubliseer is. Geen nuwe materiaal is dus op die webblaaie beskikbaar nie.

Die Suid-Afrikaanse webtuistes van koerante ontgin nie die volle potensiaal van wat die internet aan aanlyn-resensies bied nie. Die internasionale weergawes inkorporeer kruistekstuele verwysings met die gebruik van hiperskakels en multimedia om die resensies interaktief en meer insiggewend te maak.

Die Wes-Kaapse teaterbydraes wat nuut op aanlyn-kunswebtuistes verskyn, geskied sonder vergoeding vir die skrywers van daardie bydraes. Hierdie bydraes, wat deur vrywilligers gelewer word, is ook ongereeld en ongeredigeer.

Hieronder volg die voordele van webtuistes vir teaterresensies:

Teaterinstansies en produksiehuise se webtuistes vestig die aandag op spesifieke resensies. Met die herpublisering, en met behulp van hiperskakels, word lesers se aandag op webtuistes gevestig waar resensies verskyn én op resensente wat bydraes tot die teaterbedryf lewer. Alhoewel die webtuistes die resensies gebruik om hul eie produksies te bemark, bevorder dit in der waarheid ook die webtuistes waar die resensies oorspronklik verskyn het.

Die koerante se webtuistes, asook die webtuistes van die produksiehuise en teaterinstansies, word 'n argief vir resensies. Hierdie argief is toeganklik vir 'n breër publiek en te alle tye beskikbaar. Die soekenjins, soos byvoorbeeld Google en Yahoo!, en die soekfunksies van die koerantwebtuistes en sekere van die kunswebtuistes, soos byvoorbeeld Artslink, vergemaklik die opspoor van resensies deur spesifieke resensente of spesifieke produksies.

4.4.4.1 Blog-gemeenskap

Blogs is webtuistes en is op inligtingverspreiding en opinies gebaseer. Levinson (2009: 17) beskryf bloggers (enigiemand wat bydraes tot 'n blog maak) soos volg:

Bloggers are often referred to as “Citizen Journalists”, to underline the fact that a blogger need not be a professional journalist to write and publish about the news. But the adjective “citizen” is still insufficient to convey the scope of liberation that blogging – and all new new media – has bestowed upon us. The truth is that one need not be a citizen of this or any particular country, one need not be an adult, one need not have any other attribute other than being able to read and write in order to blog (Levinson, 2009: 17).

Dit impliseer dat 'n blogger geen riglyne het waarvolgens hy of sy hoef te skryf nie. Daar is (nie noodwendig) enige hekwagterproses waar 'n redakteur of subredakteur die werk teen bepaalde taalkundige of inhoudelike kriteria evalueer alvorens dit gepubliseer word nie. Dit is die grootste gevaar vir joernalistiek en dan spesifiek met betrekking tot die gesprek oor resensies. Die vrye internet het geen hekwagter of afdwingbare evalueringstelsel vir gehalte en etiese waardes nie. Vervolgens word gefokus op die gebruike en funksie, van die blogs en spesifiek blogs wat van toepassing is op teaterkritiek in die Wes-Kaap.

4.4.4.2 Teater-blogs met 'n Wes-Kaapse fokus

Daar is 'n hele paar blogs wat op teater in die Wes-Kaap ingestel is, asook 'n hele paar wat grotendeels resensies plaas. Daar is egter nie een spesifieke Afrikaanse teater-blog wat die navorser kon opspoor nie.

Daar is verskeie professionele Kaapse teaterresensente wat resensies op persoonlike blogs publiseer.

Brent Meersman, 'n kos- en teaterresesent vir die *Mail & Guardian*, plaas op ongereelde basis resensies op sy blog, *The Real Review* (Meersman, 2009). Hierdie blog gee aan hom die vryheid om resensies te plaas van produksies waarvoor hy graag wil skryf en nie noodwendig resensies soos bepaal deur die riglyne van 'n koerant en 'n subredakteur nie. Hy word ook nie geïnhibeer deur enige van die beperkings wat die koerant op hom plaas soos lengte van kopie en welke toneelstuk hy moet resenseer nie (Meersman, 2009). Meersman is 'n ervare resesent met meer as tien jaar se ervaring. Sy resensies is professioneel. Meersman ontvang geen betaling vir die bydraes wat op sy persoonlike blog verskyn nie. Sy professionele werkslading laat hom nie altyd toe om bydraes te publiseer nie en daarom verskyn die inskrywings ongereeld. Ten tyde van die navorser se laaste besoek aan dié webtuiste op 28 Februarie 2012 was die laaste resensie wat gepubliseer is, die Broadway-produksie *A Number* wat in die Fugard-teater op die planke was; dit is op 7 Oktober 2011 gepubliseer. Die resensie wat hy voor dié van *A Number* gepubliseer het, was op 17 April 2011 oor Arthur Miller se *Broken Glass* (ook in die Fugard-teater). Maande kan dus verbygaan tussen blog-inskrywings. Dis egter ook belangrik om te noem dat Meersman nie

alleenlik resensies van Wes-Kaapse produksies publiseer nie, maar ook van produksies wat hy elders in die wêreld mag sien. Die blog beslaan ook algemene artikels en onderhoude met betrekking tot die teaterbedryf oor die algemeen.

Marina Griebenow is 'n bekende Afrikaanse vryskutresensent vir die dagblad *Die Burger*. Sy is reeds sedert 1999 'n resensent. In 2011 het sy 'n blog begin, genaamd *From the Marina* (www.letterdash.com/fromthemarina). Haar resensies op hierdie blog is in Engels, omdat sy ook as Engelse resensent wil werk en nie net in Afrikaans nie. Die blog gee vir Griebenow die geleentheid om, soos Meersman, nie gebonde te wees aan 'n spesifieke aantal woorde nie – 'n beperking wat wel by koerante van toepassing is. Sy voel dat sy meer agtergrond oor toneelstukke en skrywers kan bied, meer inligting en konteks oor die akteurs en die regisseurs kan deurgee. Sodoende kan daar aan die leser 'n meer geronde, interessante en gebalanseerde resensie gebied word. (Griebenow, 2012)

'n Goeie voorbeeld is haar resensie van die produksie *Die rebellie van Lafras Verwey* wat deur die teatergroep The Mechanicals in Kaapstad opgevoer is (Griebenow, 2011). Hier kon sy 'n indiepte-agtergrond skets van die teks se geskiedenis as radiodrama, asook inligting en brokkies oor vorige produksies en hoe die teks voorheen aangepak is, deurgee. Griebenow noem ook dat die blog haar die geleentheid bied om hiperskakels te gebruik om sodoende die leser na verdere leesstof, informasie of definisies te verwys. Griebenow se blog het egter dieselfde tekortkoming as Meersman se blog en dit is dat resensies sporadies verskyn, omdat die skryf van die blog in hul vrye tyd geskied en dit nie deel van hul betaalde werk vorm nie. Griebenow sê ook dat sy graag 'n resensie oor elke produksie wat sy sien, sou wou publiseer, maar dit is tydrowend en ongelukkig is daar soms nie die tyd of energie om 'n blog te skryf nie (Griebenow, 2011).

'n Blog van 'n ander aard is *SLiP* (www.slipnet.co.za) wat deur die Departement Engels aan die Universiteit Stellenbosch bestuur word. Hierdie blog is meer akademies van aard, en die bydraes word gratis deur akademici en skrywers gemaak. Die skrywers van die resensies is dikwels akademici, eerder as professionele resensente, en die styl is meer akademies. Die blog fokus op die literêre aspekte van produksies.

Daar is ook verskeie amateur-teaterblogs op die web beskikbaar. In die Wes-Kaap is daar 'n paar bloggers wat resensies plaas en gereeld teaterkommentaar lewer.

Voorbeelde van sulke blogs is: *Megan's Head* (www.meganshead.co.za), *The PonyRoach Theatre Reviews* (www.ponyroachtheatrereviews.wordpress.com), The Writer Studio (www.writerstudio.co.za) en The Monday Missile (www.mondaymissile.co.za).

PonyRoach Theatre Reviews (2012) se aanslag is aweregs en meer in die lyn met van die amateur-bloggers van Londen. Dié blogger(s) is ook anoniem en noem hulself Stal Gayheart en 3 Way Stop. Ten spyte van die informele struktuur van die blog, word daar meestal voldoen aan die kriteria van resensies wat in hoofstuk 2 bespreek is. Die resensies is egter gevul met verwysings

wat net teaterpraktisyns in die Kaap sal verstaan. Die resensies is subjektief, of dan meer subjektief as wat van “ou media”-publikasies verwag sou word, maar dis uiters vermaaklik en insiggewend. Die blog maak ook gebruik van ’n stergradering. Met ander woorde ’n puntestelsel uit vyf sterre. Hul “sterre” word egter tsars genoem – wat hul satiriese styl verder ondersteun. (PonyRoach Theatre Reviews, 2012)

Megan’s Head (Choritz, 2012) is ’n blog van Megan Choritz, ’n teatermaker wat veral bekend is in Kaapstad vir *Theatre Sports*. Sy publiseer gereeld resensies van produksies, maar baie van die inskrywings handel ook oor haar persoonlike lewe of haar teaterprosesse by die skep van nuwe werk. Choritz se resensies (en dié wat sy ook vir vriende vra om te skryf) is minder analities en meer persoonlik.

In 2008 het teaterpraktisyns Fred Abrahamse en Marcel Meyer, in daardie stadium die bestuurders van die New Space-teater in Kaapstad, Choritz gekritiseer oor haar persoonlike en bitsige aanmerkings in haar resensies. Choritz het die e-pos wat aan haar gestuur is, op haar blog gepubliseer. Een-en-dertig lesers het kommentaar gelewer. Al hierdie lesers het Choritz ondersteun en beskerm (Choritz, 2008b). In reaksie op die e-pos, het Choritz in ’n ope brief op haar blog aan Abrahamse en Meyer geskryf: “I remain independent, unaffiliated, un-objective and uncompromising. I will see and write about the shows I am invited to, and those I choose to pay for and see” (Choritz, 2008a).

Haar blog het verskeie spelfoute, onkeurige taalgebruik en uiters persoonlike op- en aanmerkings. Uit ’n joernalistieke oogpunt is hierdie resensies partydig en subjektief. Maar sy gee nie voor om objektief te wees nie, en sy skryf die resensies met persoonlike verwysings na haarself en haar man. Sy lewer haar onafhanklike opinie in ’n rubriekformaat en probeer nie voorgee dat haar resensies nie emosioneel of persoonlik is nie.

Die blogosfeer is egter nie ’n plek waar professionele joernalistieke maatstawwe gehandhaaf word nie. Die blogosfeer bly persoonlike dagboekinskrywings waar mense persoonlike gedagtes noteer en met ander deel. Die informele aard van hierdie blog-inskrywings is egter die element wat die tradisionele standaarde en etiese kodes van die professionele resensiebedryf bedreig.

Hierdie blogs het ook een ander belangrike element met mekaar gemeen. In teenstelling met tradisionele publikasies, kry lesers of besoekers die geleentheid om onderaan ’n resensie kommentaar te lewer. Lesers kan selfs ’n klein resensie plaas. Hierdie funksie is ’n groot pluspunt, omdat dit onmiddellik gesprek kan stimuleer en moontlik maak. Hierdie kommentaar is ook vir almal beskikbaar wat toegang tot die blog sou hê.

4.4.5 Sosiale netwerke

Elektroniese sosiale netwerke integreer persoonlike netwerke van lede op 'n aanlyn-omgewing en laat geregistreerde gebruikers toe om kontak te maak met “vriende van vriende”. Elektroniese sosiale netwerke sluit Facebook, YouTube, MySpace en Twitter in. Van hul funksies sluit adresboeke en profiele in, maar word grotendeels ook gebruik vir die deel van foto's, musiek, dagboeke, boodskappe en video's (Wilkens, 2009: 69).

4.4.5.1 Facebook

Facebook bied aan gebruikers die geleentheid om 'n netwerk van “vriende” op te bou, volgelinge as't ware. Gebruikers het ook die keuse om hul profiel publiek (met ander woorde waar almal toegang het tot die informasie op die persoon se profiel) of privaat (waar alleenlik vriende of vriende van vriende die informasie kan lees) te maak.

Die netwerk bied die geleentheid om mikro-*blogging* te beoefen. Mikro-*blogging* word gebruik binne die opset van Facebook en Twitter waar gebruikers 'n beperkte aantal karakters het om menings, gevoelens, skakels en ander informasie op hul profiel te pos. In die geval van Twitter is dit 140 karakters. Hierdie opdatering word 'n status genoem. Informasie kan ook met ander gedeeltes word deur skakels op die gebruiker se eie profiel en ook na vriende se profiele te pos.

Met al hierdie funksies bied Facebook 'n toegepaste funksie waar gebruikers kommentaar kan lewer of 'n “hou van”-knoppie kan druk om te wys dat hul saamstem of daarvan hou.

Notas is 'n ander funksie op Facebook wat gebruikers die moontlikheid bied om meer informasie as in 'n status te skryf. Notas kan dan gebruik word om meer as net hul 140 karakters te tik, waar artikels, dagboekinskrywings, of dan resensies, ook geplaas word. Facebook is interaktief en volgelinge het die vermoë om aanlyn in gesprek of debat te tree met ander gebruikers se inligting wat gepos is.

Daar is menige voorbeelde van gebruikers van Facebook wat dit gebruik om 'n opinie oor teater te lug. Dit behels onder andere professionele teaterresensente, teaterpraktisyns en teatergangers.

Marina Griebenow (Persoonlike kommunikasie, 2011) sê Facebook (en ook Twitter) bied haar die geleentheid om onmiddellik publieke aandag op produksies te vestig waarvan sy gehou het. Die produksie het egter soms kort speelvakke en sy sal nie noodwendig betyds 'n resensie in 'n koerant gepubliseer kry nie. As vryskutresensent is sy ook nie noodwendig die aangewese resensent vir 'n produksie nie. Alhoewel sy byvoorbeeld in haar private hoedanigheid 'n blog publiseer, het sy nie noodwendig altyd die tyd om 'n resensie te skryf nie. Sosiale media bied aan haar die geleentheid om kort, bondige opinies te lewer. Dit is egter nie resensies nie, maar alleenlik bondige opinies wat binne die bestek van 140 karakters haar opsommende gevoelens jeens 'n produksie met die res van die sosiale netwerke deel. Dit is dus gelykstaande aan 'n

aanhaling uit 'n resensie wat so dikwels gebruik word om produksies te adverteer. Voorbeelde uit Griebenow se profiel is die volgende:

Just saw the most amazing puppet show at the Out the Box Festival – *Punch and Judy in Afghanistan* by Dutch puppeteer Neville Tranter. You can still catch it on Sunday at 14:00 or 17:00 at the Little Theatre. Masterful! (*Facebook: Marina Griebenow*, 9 September 2011)

You have only three nights left to see Tom Stoppard's *The Real Inspector Hound* by The Mechanicals and then only next week to see the other English-language play in their repertory season, namely *A Lie of the Mind* by Sam Shepard. From 9 August we'll see their first Afrikaans production, *Die rebellie van Lafras Verwey*. What a talented troupe of thespians they are! Book at Computicket. (*Facebook: Marina Griebenow*, 21 Julie 2011)

Go and see it! (Met 'n hiperskakel na 'n resensie van *The History Boys*) (*Facebook: Marina Griebenow*, 15 Julie 2011).

Be sure not to miss *Purgatorio* in The Flipside at the Baxter. Great script and brilliant acting (Terry Norton and Dawid Minnaar). Mesmerising take on how, in our closest relationships, we wound and damage each other, and the possibility of healing and redemption (*Facebook: Marina Griebenow*, 10 Julie 2011).

Ander Kaapse resensente gebruik Facebook op dieselfde manier, soos byvoorbeeld Marianne Thamm, *Sunday Times*-resensent (*Facebook: Marianne Thamm*), Brent Meersman, *Mail & Guardian*-resensent (*Facebook: Brent Meersman*) en Astrid Stark, *Sunday Independent*-resensent (*Facebook: Astrid Stark*).

Albert Maritz, rubriekskrywer vir LitNet, gebruik sy Facebook-bladsy op dieselfde wyse (*Facebook: Albert Maritz*, 2012). Maritz gebruik ook die Notas-funksie om meer indiepte-inskrywings oor teaterproduksies te maak en in der waarheid 'n volwaardige resensie te plaas. 'n Voorbeeld is 'n resensie wat hy van 'n klein onafhanklike produksie, *Ont-*, op sy Facebook-bladsy geplaas het (Maritz, 2011).

Opinies word ook deur ander teatergangers geplaas; hetsy as kommentaar op 'n persoon wat betrokke was by 'n produksie se profiel, of kommentaar op die betrokke produksie/produksiehuis se groep- of "Fan"-bladsy. Hier is voorbeelde wat op die teatergroep The Mechanicals se Facebook-profiel (*Facebook: The Mechanicals*, 2012) verskyn het:

Sarah Lambert: 'Amazing, amazing show last night guys. Loved every magical second!' (*Facebook: The Mechanicals*, 1 September 2011).

Alida Theron: 'And loved the lighting and sound design. Use of the stage. Rhythm and climax. Retrospective visuals. Loved it. Thank you!' (*Facebook: The Mechanicals*, 12 August 2011)

Facebook word ook gebruik as medium om aandag op elektronies gepubliseerde resensies te plaas. Soos met ander webtuistes, plaas gebruikers hiperskakels na waar die resensies oorspronklik aanlyn gepubliseer is en sodoende word lesers van 'n resensie bewus gemaak. Hierdie gebruik vestig ook gebruikers se aandag op blogs wat resensies publiseer en dit is dus 'n maklike metode (ook vir amateur- of nuwe amateurresensente) om hul eie blogs of opinies te bemark.

Die positiewe aspekte van Facebook is dat die platform as bemarkingsvoertuig gebruik kan word. Teaterpraktisyns bemark hul eie produksies op die sosiale netwerk. Aan die ander kant bemark resensente hulself en hul resensies wat op ander webtuistes of blogs verskyn, en met die notas-funksie kan nuwe resensies ook geplaas word.

Facebook is egter 'n sosiale netwerk wat ontwikkel is om sosiale interaksie te bevorder en nie noodwendig om 'n bydrae te lewer tot die joernalistiek, akademie, teaterbedryf óf die resensiewese nie. Die werklike omvang van die invloed van sosiale netwerke op die resensiewese sal alleenlik deur die verloop van tyd bepaal kan word. Die vermoede bestaan dat een van die nagevolge – as gevolg van iets soos Facebook se status-funksie wat meestal uit kort, opsommende emosies, uiters persoonlike en soms oningeligte opinies bestaan – 'n vervlakkende effek op teaterkritiek sou kon wees. Professionele resensente sal twee keer dink voordat hulle 'n opinie op 'n sosiale netwerk, waar die meeste ander gebruikers net emosionele “slagspreuke” uiter, sou lug. Taalkundig is die bydraes op sosiale netwerke ook onversorg, en spelling en taal is nie altyd op standaard nie.

'n Mens sou kon argumenteer dat dit tog positief is om ook die openbare mening te kan lees, maar hoe betroubaar is hierdie opinies? Is dit nie net vriende wat vriende ondersteun nie? 'n Professionele resensent word aanspreeklik gehou vir sy of haar opinie, maar die meerderheid sosiale netwerke se gebruikers is gefokus op sosiale persepsie en emosionele uiting, nie noodwendig professionele integriteit nie. Hierdie is egter nie noodwendig 'n nuwe probleem wat ontstaan het met die “nuwe media” nie; die integriteit van die resensent word ook soms in gedrukte media in twyfel getrek. Hier is die kunstefeekoerante in Suid-Afrika 'n voorbeeld waar die aangestelde resensente weens gebrek aan ervaring of swak styl, se integriteit in twyfel getrek word. Dus word die waarde of integriteit van 'n opinie oor teater, of dit nou in resensieformaat of as 'n kort opsommende opinie op 'n sosiale netwerk gelewer word, bepaal deur die lesers of gebruikers.

4.4.5.2 Twitter

Twitter is die mees onlangse byvoegsel tot die wêreld van sosiale netwerke. Twitter verskil van Facebook in een belangrike opsig, en dit is dat Twitter se status-opdaterings slegs met perk van 140 karakters funksioneer. Daar is geen funksie op Twitter wat die gebruiker toelaat om

uitgebreide kommentaar te lewer nie. Kommentaar kan gelewer word deur met die @-funksie na 'n ander volgeling of iemand wat gevolg word, te verwys of om met die #-funksie kommentaar op 'n spesifieke geleentheid te lewer. Die #-funksie kategoriseer “gesprekke” en kommentaar sodat die gebruiker na 'n spesifieke geleentheid kan verwys of kommentaar lewer. Een gebruiker kan ook iemand anders se twiet, her-twiet. (*Die Burger* gebruik dié term vir die Engelse weergawe wat *tweet* heet.)

Twitter se bydrae tot teaterkritiek is dus beperk. Dit voed die idee van kort en bondige kommentaar. Twitter se mees doeltreffende bydrae is ook maar om gebruikers na resensies te verwys, of om uit 'n resensie aan te haal.

Twitter funksioneer wel om 'n gebruiker se opinie, hetsy positief of negatief, oor 'n vertoning bekend te maak. Die dramaturg, Mike van Graan, het byvoorbeeld oor 'n studente-produksie *Woza Andries?* getwiet:

Mike van Graan: 'Saw Woza Andries last night. Refreshing to have robust, contemporary political commentary from young theatre makers. At last!!' (Twitter: Mike van Graan, 1 Augustus 2010).

Van Graan is 'n gesiene figuur in die teaterwêreld. Die studente kon dus die twiet gebruik as 'n aanhaling (soos 'n resensie) om die produksie te bemark – juis omdat die opinie komende is van 'n persoon met statuur.

Soos met Facebook, sal die toekoms die werklike impak van 'n sosiale netwerk, soos Twitter, op die resensiewese bepaal. Hierdie sosiale netwerke skep egter 'n kultuur van kort, bondige kommentaar wat nie noodwendig styl, taal of insiggewende denke bevorder nie, maar volgens hierdie navorser, eerder 'n vervlakking teweeg bring. Weereens moet die oorspronklike funksie van die sosiale netwerke egter wel in ag geneem word. Die publikasie van resensies van teaterproduksies was nooit die oorspronklike doel of funksie van die sosiale netwerke nie. Dit is alleen wanneer die netwerke (met hul onderskeie beperkings) vir hierdie doeleindes gebruik word, dat hierdie vervlakking na vore kan tree.

4.4.5.3 YouTube

YouTube is 'n visuele medium wat as advertensie en bemarking deur professionele en amateursangers, filmmakers en uitvoerende kunstenaars gebruik word. Die netwerk bied ook aan gebruikers die geleentheid om oudiovisuele dagboeke, protes, nuusgebeure en satire te genereer.

YouTube-gebruikers het ook begin om video's op te laai waarin hulle kommentaar (en dus resensies) oor teaterproduksies lewer. Internasionale voorbeelde van YouTube-gebruikers wat die platform vir oudio-resensies gebruik, is wel beskikbaar, maar 'n soektog na voorbeelde op YouTube wat spesifiek betrekking het op Suid-Afrikaanse teater, het niks opgelewer nie.

In stede van gepubliseerde resensies word YouTube dus ingespan om oudiovisuele resensies in 'n video-formaat op te laai.

Charles Gross en Lesley Blake het 'n YouTube-kanaal¹² waar hulle video-resensies laai, wat hulle *Two on the Aisle* noem (Gross & Goodman). Die video's is in 'n gespreksformaat waarin dié twee Broadway-resensente gesels oor produksies wat hulle gesien het. Hulle gesprekke word ondersteun deur geredigeerde visuele materiaal van die produksies wat die gesprekke ondersteun. Die resensies en opinies is informele gesprekke en as gevolg hiervan, uiters persoonlik en natuurlik ongeredigeerd. Anders as 'n geskrewe resensie, waar die resensent meer deurdag met woorde en gedagtes kan omgaan en self vooraf redigeer, blyk dit in hierdie geval dat daar nie noodwendig 'n deurdagte redigeringsproses plaasvind voordat die oudiovisuele resensies opgeneem en gepubliseer word nie. Die inhoud van die video word wel deur middel van videoredigering versorg en gemanipuleer. Die gesprekke is analities en insiggewend. Die resensente handhaaf nie noodwendig dieselfde opinies nie. Juis hierdie aspek stimuleer onmiddellike debat en bied ook aan die kyker verskillende opinies oor dieselfde produksie. Dit is 'n goeie voorbeeld waar die "nuwe media" 'n uiters positiewe en interaktiewe bydrae tot die resensiewese lewer. YouTube het ook 'n kommentaar-funksie aan die onderkant van al die video's, waar die kyker of gebruiker kommentaar kan lewer. In die geval van hierdie resensie-video's kan 'n opinie ook gelewer word oor die inhoud van die resensie, asook 'n eie opinie oor die produksie wat bespreek word.

'n Ander voorbeeld van opinievideo's op YouTube, is 'n jong amateurresensent wat sy resensie-video's onder die gebruikersnaam BenGoldsmith90 publiseer (Goldsmith, 2012). Sy bydraes sluit 'n verskeidenheid onderwerpe in, waaronder 'n paar teaterresensies. Sy resensies is 'n webkamera-opname in sy huis waar hy oor 'n produksie gesels. Sy styl is informeel, maar die inhoud is 'n poging tot professionele, ingeligte analise. Daar is geen video-redigering nie en geen ondersteunende visuele materiaal nie. Die gesprek is effens ongestruktureerd, maar die inhoud is interessant en insiggewend. Goldsmith bied inligting oor die betrokkenes by die produksie en basiese agtergrond oor die storielyn en inhoud van die produksie, maar hy analiseer ook verskillende aspekte van die produksie (soos byvoorbeeld teks, regie, spel, ontwerp en choreografie). Die bydraes is gemiddeld tien minute lank. Soms is sy spraak onduidelik, en die opnames het 'n sterk amateurkwaliteit (met Goldsmith wat byvoorbeeld selfoon-boodskappe lees tydens die video-opname) (*The Kitchen Review at The National Theatre, by Ben Goldsmith – Youtube, 2012*).

Opinievideo's kan 'n uitstekende platform wees indien die medium meer professioneel hanteer word. Goeie redigering en deurdagte inhoud en struktuur kan 'n enorme bydrae tot die

¹² 'n YouTube-kanaal is soos 'n spesifieke profiel waar een persoon, groep of maatskappy hul video's kan oplaai en besoekers kan direk daarheen gaan om na die nuutste, of die ouer, opnames te kyk.

resensiewese en die teaterbedryf lewer. Dit sal nie die tradisionele, geskrewe of gedrukte resensies wees nie, maar 'n verbale en visuele resensie. Nie net kan hierdie video's die formaat aanneem van een "resensent" wat sy of haar opinie en mening lewer nie, maar dit kan ook 'n gesprek tussen twee persone wees. Die medium bied ook die geleentheid om visuele insetsels ter ondersteuning van die opinies in te sluit. Teater is 'n visuele medium en die gebruik van foto's en beeldmateriaal kan aan die kyker 'n baie duideliker beeld bied oor die produksie wat geresenseer word.

YouTube is 'n gebruikersvriendelike netwerk waarvan die fokus die oplaai en kyk van video's is. Sosiale netwerke soos Facebook, Twitter, webtuistes en blogs het ook video-funksies en gebruikers sou ook hierdie platforms kon gebruik om video-resensies op te laai.

Hierdie aanlyn-videoplatforms bied enorme potensiaal vir die uitbou en ondersteuning van die resensiewese. Daar is geen lengtebeperking nie, wat beteken dat opinies nie ingekort hoef te word nie. Ongelukkig kan hierdie aspek ook 'n negatiewe een wees, omdat daar soms geen redigeringsproses met betrekking tot inhoud is nie. Die resensie kan visueel ondersteun word, deur middel van interessante visuele redigering, of die gebruik van foto's en beeldmateriaal – dus algemene inhoudsverryking. Indien die video-resensent die resensie soos 'n nuusberig lees en in der waarheid 'n "pratende kop" is, kan die persoon wat die resensie lewer, tog 'n gehoor vasvang met stem en aanbieding, soos 'n goeie aanbieder op televisie. Indien geen ondersteunende visuele materiaal geïnkorporeer word nie, is *podcasts* dalk 'n beter formaat van "nuwe media" om te gebruik.

4.4.6 Podcasts/Potgooie

Podcasts is afgelei van Apple se draagbare musiekspeler, die iPod, en ook die Engelse woord vir uitsaai (soos op radio), "broadcast". *Podcasts* is klankopnames wat gratis op die internet, of teen 'n fooi op webtuistes soos iTunes (en selfs radiostasies soos RSG), beskikbaar gestel word.

Podcasts kan die vorm van lesings, radiodramas, onderhoude, radioprogramme of selfs net die klank van aktualiteitsprogramme op televisie, aanneem.

Goeie voorbeelde van oudio-resensies of resensie-*podcasts* is *OC Theatre Review* (*Podcasts: OC Theatre Review*), *Freddie Starr Ate My Theatre* (*Podcasts: Freddie Starr Ate My Theatre, 2012*), BBC Radio 4 se *The Saturday Review* (*Podcasts: The Saturday Review*) en *The Fourth Walsh Theatre Review* (*Podcasts: The Fourth Walsh Theatre Review*).

Al hierdie resensie-*podcasts* maak gebruik van 'n paneel van twee of drie persone wat die produksies bespreek en ontleed. Die *OC Theatre Review* gesels oor produksies in die Orange County-gebied in die V.S.A. Die resensente is betrokkenes by professionele teater en by universiteite. Hul het diepte-besprekings oor elke aspek van die produksie wat bespreek word; die

inhoud word deur een persoon gelei; die aanslag is lig, maar professioneel. *Freddie Starr Ate My Theatre* is 'n paneel van twee amateurs wat produksies bespreek. Die aanslag is satiries en lig, maar ongelukkig is die opinies ongeformuleer en word dit onderbreek met ligsinnige grappies. Hierdie *podcast* is meer ingestel op die gebruikers as op die produksies.

The Fourth Walsh Theatre Review is 'n resensie-*podcast* wat weekliks deur Katy Walsh opgedateer word en vorm deel van 'n webtuiste genaamd *The Fourth Walsh*. Die resensies word soos 'n geskrewe resensie voorberei en voorgelees deur Katy Walsh. Dis professioneel en insiggewend. BBC Radio 4 se *Saturday Theatre Review* is 'n radioprogram, aangebied deur omroeper Tom Sutcliffe; dit is ook beskikbaar op iTunes as 'n *podcast*. Aangesien die programme op nasionale Britse radio uitgesaai word, is die kwaliteit van hoogstaande gehalte. Kenners bespreek produksies en lewer deurdagte en insiggewende kommentaar. Die inhoud is analities en kom objektief oor. Ook uit 'n tegniese oogpunt is die klankkwaliteit uitstekend en die algemene versorging netjies. Hierdie program was, volgens die navorser, die suksesvolste van al die *podcasts*. Die omroeper het 'n ontspanne dog goeie styl en praat met gesag. Sy stem is gemaklik op die oor, en die taalgebruik toeganklik en korrek. Die inhoud is deurdag en interessant. Die gesprekke en resensies word met insig en etiese waardigheid hanteer. Word dié professionele program vergelyk met die ander *podcasts* wat bespreek is, is die verskil in die gehalte opvallend. Die voordeel van *podcasts* is dieselfde wat YouTube en video's bied, net sonder die visuele element. Dit is wel moontlik om oudio-opnames in te kleur met klankgrepe van die produksie of onderhoudinsetsels. Soos met 'n geskrewe resensie, kan die visuele element beskryf word.

4.5 Invloed van die “nuwe media” op teaterkritiek

Die “nuwe media” se invloed op teaterkritiek en die resensiewese, sal alleenlik oor 'n paar jaar werklik geëvalueer kan word, maar 'n mens kan dit waag om reeds 'n paar noemenswaardige aspekte aan te roer.

Die “nuwe media” bied aan die breë publiek die geleentheid om ook die kuns van teaterkritiek te beoefen en hul resensies beskikbaar te stel vir ander om te lees, luister of kyk.

Suid-Afrikaanse koerante se resensies verskyn 'n hele paar dae ná die openingsaand. In die hedendaagse teaterbedryf is die speelvakke van teaterproduksies egter baie kort, wat beteken dat hierdie resensies dan te “laat” vir die produksies is. Die “nuwe media” bied 'n geleentheid om resensies aan die publiek beskikbaar te stel enkele ure ná die eerste vertoning. Hierdie element impliseer dus dat 'n teaterresensie nuuswaardig word in sy onmiddellikheid.

'n Uiteraars belangrike aspek is dat debat en gesprek gestimuleer word. Gebruikers kan onmiddellike kommentaar lewer op meeste van die bydraes wat in die “nuwe media” gelewer word. Almal kan

maklik 'n mening lug of selfs 'n eie resensie onderaan die oorspronklike resensie plaas. Binne sekondes kan gebruikers kwessies oor 'n produksie of 'n resensie bespreek.

Anders as in gepubliseerde koerante, is daar geen beperking op die aantal woorde nie. Resensente kan dus uitgebreide bydraes lewer. Dit het egter ook 'n negatiewe kant, aangesien die gedagtes wat deur die aanlyn-resensente gelewer word, nie noodwendig deurgrond is en versorg word nie.

Kruisverwysings, definisies en verdere leesstof kan maklik met hiperskakels aangedui word en na skakels in en by 'n resensie. Hierdie aspek het die potensiaal om lesers te verryk en selfs op te voed. Intertekstuele skakels bied die leser meer informasie en agtergrond oor die spelers en ander betrokkenes, meer inligting oor die produksie, en definisies van terminologie of style wat op hul beurt die teaterervaring van 'n gehoorlid kan verryk.

Die nuwe medium se formaat vorm onmiddellik 'n argief vir produksies en teater wat, vir solank as wat dit op die internet behoue bly, toeganklik sal wees vir die nageslag.

Die "nuwe media" bied ook die vryheid om met nuwe formate en style rondom teaterresensies te eksperimenteer. Die rigiede reëls en regulasies wat tradisionele media vereis, is nie hier ter sprake nie. Lesers kan dit egter as sowel 'n voor- as 'n nadeel ervaar.

Die sosiale netwerke, soos Twitter, kondisioneer gebruikers tot opsommende opinies (wat in 140 karakters kan inpas), eerder as wat analities deurdagte denke gestimuleer word.

Daar is geen hekwagter op diens by "nuwe media"-resensies nie. Die "nuwe media" moedig ongesensureerde vryheid van spraak, opinie en styl aan. Alhoewel hierdie aspek 'n uiters negatiewe invloed op die kwaliteit en standaard van die resensiewese kan hê, kan die nuwe vryheid 'n nodige inspuiting vir die bedryf wees en aan resensies 'n nuwe baadjie gee. Miskien is dit juis die gebruikers wat nou die hekwagters of redakteurs word en self besluit wat hulle na waarde ag.

Die navorser is steeds van mening dat, indien die riglyne wat in hoofstuk 2 uiteengesit is wel toegepas word in die "nuwe media", dit die perfekte balans vir die bedryf sal skep. Die aanlyn-strukture en -style is egter informeel en die aanlyn-bydraes volg reeds 'n ander paadjie. Dié nuwe paadjie wat gevolg word, is ook meer geskik vir die medium waarbinne hulle hulself bevind en gebruik nie noodwendig dieselfde kriteria as die ou mediums nie.

'n Goeie resensent lewer sy/haar opinie uit 'n objektiewe perspektief, maar die "nuwe media" is eintlik 'n subjektiewe medium. Hierdie kontras is een van die aspekte wat die resensiewese ten sterkste sal beïnvloed. Aanlyn-resensies, veral binne die medium van die sosiale media, is meestal subjektief en persoonlik. Normaalweg word een resensie per koerant geplaas en in 'n stad soos Kaapstad verskyn daar miskien vier verskillende resensies van 'n produksie (een in elk van die hoofkoerante). Voor die koms van die "nuwe media" was daar dus slegs vier verskillende menings

wat gepubliseer is. Met die “nuwe media” is die potensiaal vir die hoeveelheid resensies eindeloos. Met die potensiaal dat daar baie meer resensies geplaas kan word en dat enige gebruiker onmiddellik aanlyn daarop kan reageer, sou ’n mens kon redeneer dat objektiwiteit as kriterium vir resensies moontlik nie meer relevant is nie, en dat resensies daarom kan bekostig om meer subjektief te wees.

Die feit dat resensente anonieme bydraes kan lewer in die “nuwe media”, is uiters problematies. Resensies kan subjektief wees, maar dis belangrik dat die skrywer aanspreeklik gehou kan word vir wat hy of sy publiseer. Die ergste implikasie hiervan is dat ’n persoon wat byvoorbeeld regstreeks by ’n produksie betrokke is, self ’n resensie oor sy of haar eie produksie kan publiseer. Dit is egter belangrik om die resensent te kan identifiseer ten einde te weet uit watter perspektief hy of sy skryf.

In die laaste hoofstuk word daar samevattend gekyk na die tradisionele riglyne, eienskappe en etiese waardes van die resensent en die resensie binne konteks van die tradisionele media. Daar word ook gevra of teaterkritiek ’n waardige plek in die vrye landskap van die “nuwe media” kan vind.

HOOFSTUK 5: 'N VOORGESTELDE MODEL VIR 'N TEATERWEBTUISTE VIR DIE WES-KAAP

Die “nuwe media” bied ’n hele nuwe platform vir joernalistiek en indien hierdie nuwe tegnologiese en elektroniese verwickelinge op ’n gekontroleerde en dinamiese wyse ingespan kan word, behoort dit ’n enorme bydrae tot onder meer die resensiewese te kan lewer. ’n Model word derhalwe voorgestel wat die “nuwe media” as platform kan gebruik om die behoud, ontwikkeling en bevordering van teater, en spesifiek teaterkritiek, te bewerkstellig.

’n Webtuiste van so ’n aard sal egter alleenlik ontwikkel kan word met borgskappe en die finansiële ondersteuning van korporatiewe organisasies. Die webtuiste sal ’n gefokuste en baie spesifieke besoekerskorps kan genereer wat stelselmatig die webtuiste aantreklik sal maak vir adverteerders wat spesifiek hierdie mark wil bereik.

5.1 Webadres

Die webtuiste se webadres (URL) moet versigtig gekies word. Dis baie belangrik om ’n bemerkbare webadres te kies en ’n webadres wat maklik onthou sal word.

Dis nie ’n goeie idee om ’n korporatiewe maatskappy se naam deel van die webadres te maak nie, want die webadres moet neutraal en onafhanklik wees. Dit moet kort en bondig moet wees, maar nie ’n afkorting nie; dit moet presies beskryf wat die internetgebruiker op hierdie webtuiste sal vind. Die webadres moet ook geen leestekens bevat nie; leestekens in ’n webadres kan baie maklik verwarring by gebruikers skep.

Voorstelle vir so ’n webadres sou wees: www.theatrereviewcapetown.co.za of www.capetowntheatre.co.za.

5.2 Redaksionele personeel

Daar is reeds genoem dat so ’n webtuiste alleenlik met behulp van korporatiewe ondersteuning en borgskappe werklik sou kon funksioneer. Professionele personeel moet aangestel word om die webtuiste doeltreffend en professioneel te bestuur. Hierdie personeel moet voorts betaal word. Die ideaal sou wees om ’n redakteur, subredakteur, produksiebestuurder en ten minste ’n paar resensente met vaste salarisse aan te stel, of wat desnoods op ’n ad hoc-basis betaal word. ’n Redakteur vir so ’n webtuiste is van kardinale belang. Hierdie persoon sal verantwoordelik wees om die standaard, kwaliteit en professionaliteit van die webtuiste te handhaaf. Alhoewel ’n redakteur ook die bedryfsaspekte van die webtuiste en taalkundige versorging sou kon hanteer, sou dit die webtuiste baat om ’n produksiebestuurder en ’n subredakteur aan te stel om hierdie funksies te vervul. Hoe meer permanente personeel aangestel kan word, hoe meer doeltreffend sal die webtuiste wees. Die taalversorging en produksiebestuur kan moontlik ook op vryskutbasis geskied. Die belangrikste aspek is egter dat goeie resensente gekies word om bydraes tot die webtuiste te lewer – verkieslik een of twee permanente resensente met ’n verskeidenheid van vryskutresensente wat ook bydraes lewer.

5.3 Inhoud

5.3.1 Nuus

Die webtuiste moet nuus bevat van alle nuwe vertonings of beoogde projekte in die spesifieke streek, maar ook moontlik die belangrikste en interessantste hooftrekke van teaternuus van die res van die land en elders in die wêreld. Dis belangrik dat die webtuiste daaglik aktief is met nuwe inligting wat besoekers sal prikkel en sal noop om elke dag na die webtuiste terug te keer.

5.3.2 Opvoedkundig

Artikels oor verskillende teaterstyle, -skrywers en -bewegings moet ook deel vorm van die inhoud. Onderhoude met teaterbetrokkes moet ook op die webtuiste gepubliseer word. Indien die webtuiste konstante, insiggewende inligting bied, sal dit die lesers inlig en sodoende ook moontlik meer ingeligte gehoorlede kweek.

5.3.3 Resensies

Resensies/indrukke van alle projekte en produksies moet deur kenners gelewer word, maar daar moet ook geleentheid vir die publiek gebied word om bydraes te lewer.

5.4 Ontwerp

Die ontwerp van die webtuiste moet visueel stimulerend en kreatief wees. Dit is veral nodig omdat die onderwerp van hierdie webtuiste 'n kreatiewe veld is. 'n Webtuiste wat visueel stimuleer en 'n impak op die besoeker maak, sal herbesoeke stimuleer.

5.5 Gebruikersvriendelik

Die webtuiste se uitleg moet duidelik wees, sodat die gebruiker onmiddellik kan weet watter informasie hy/sy waar kan kry. Dit is van die uiterste belang dat die webtuiste gebruikersvriendelik moet wees en dat informasie baie maklik bekombaar is.

5.6 Tegnologies vooruitstrewend en interaktief

Die webtuiste moet ten opsigte van ontwerp, uitleg en funksionering tegnologies op die hoogte wees met alle aspekte wat voortdurend ontwikkel word, en dit as deel van die webtuiste se funksies inkorporeer. Die inkorporering van sosiale media soos Facebook en Twitter en YouTube dien as voorbeeld.

Die besoeker moet interaktief betrokke kan wees by alle aspekte van die inhoud op die webtuiste. Hy/sy moet dus ook 'n bydrae tot die webtuiste kan lewer. Dit kan geskied deur middel van kommentaar wat direk op die webtuiste gelewer word of via sosiale profiele van die webtuiste op

Twitter, Facebook en YouTube. Die internetgebruiker kan dus haar/sy kommentaar via sy sosiale netwerkprofiel lewer.

5.7 Bemarking

Die webtuiste moet op alle platforms wat beskikbaar is in die “nuwe media”, asook in die tradisionele media, bemark word. Dis baie belangrik vir internetgebruikers om te weet dat die webtuiste bestaan en wat die webtuiste bied. Die internetbemarking van die webadres moet alle sosiale netwerke betrek, en moontlik ook ander webtuistes wat by die teaterbedryf betrokke is. As voorbeeld kan daar verwys word na teaterwebtuistes, produksiehuise se webtuistes of borge wat by die kunste betrokke is. Wedersydse skakels tussen bestaande teaterwebtuistes van produksiehuise, teaters, ander kunsverwante webtuistes en persoonlike webtuistes van teaterpraktisyns is vir al die partye voordelig en sal wedersyds besoekers na die verskillende webtuistes stuur. Hierdie samewerking tussen betrokkenes by die teaterbedryf is van kardinale belang vir die bou van ‘n sterk internet gebaseerde groep belangstellendes in die teater – praktisyns en gehore.

5.8 Professionaliteit, integriteit en kwaliteit

Die webtuiste moet professioneel bedryf word en enigiets wat op die webtuiste gepubliseer word, moet aan die standaarde, riglyne en algemene verwagtinge van ‘n professionele publikasie voldoen.

Die leserskommentaar moet ook gereguleer word en, alhoewel opinies nie gesensor behoort te word nie, moet sekere riglyne neergelê word waarvolgens kommentaar gelewer mag word. (Soos byvoorbeeld dat geen kras woorde gebruik mag word en dat geen aanvalle op individue se persoon gemaak mag word nie). Enige kommentaar wat nie die riglyne volg nie, sal van die webtuiste verwyder word.

5.9 Intekenare

Besoekers moet aangemoedig word om op die webtuiste te registreer om sodoende in kennis gestel te word van nuwe opdatings op die webtuiste, nuus, en so meer. Lede moet meer gebied word as ‘n gewone besoeker. Lede kan byvoorbeeld gratis kaartjies wen, eksklusiewe praatjies bywoon, spesiale aanbiedings na vertonings ontvang, asook uitnodigings na openings- en toekenningsgeleenthede.

Hierdie databasis van intekenare is geweldig belangrik en wel om verskeie redes. Indien ‘n groot databasis van permanente besoekers opgebou kan word, is dit ‘n belangrike kommoditeit vir moontlike adverteerders en verdere finansiële ondersteuning. Die borge en adverteerders kan hierdie databasis ook regstreeks vir hul eie bemarking gebruik. ‘n Databasis van intekenare bied

ook die geleentheid om 'n deeglike profiel van die besoekers aan die webtuiste op te stel en 'n duideliker prentjie te verskaf van die mark en belangstellendes in so 'n webtuiste. Die webtuiste kan ook op gereelde basis in kontak met die intekenare wees en deur middel van gereelde nuusbriewe en sodoende die intekenare teruglok na die webtuiste. Dit verseker konstante besoekers aan die webtuiste.

5.10 Adverteerders

Die webtuiste moet aantreklik wees vir adverteerders en finansiële ondersteuners om by so 'n tuiste betrokke te wees. Dié webtuiste sal 'n spesifieke mark kan identifiseer waarin spesifieke adverteerders en borge belangstel. Die intekenare van so 'n blad sal die profiel van die mark duidelik identifiseer, wat weer aangewend kan word om mark-spesifieke bemerking deur middel van advertensies van stapel te stuur.

5.10 Eksklusiwiteit

Dis belangrik dat eksklusiewe onderhoude, nuus en goeie resensies op hierdie webtuiste moet verskyn wat nie op ander plekke gevind kan word nie ten einde sodoende die internetgebruiker na die tuiste terug te lok. Die professionele personeel van die webtuiste sal vir hierdie aspekte verantwoordelik wees.

5.11 Inkorporering van alle aspekte van die bedryf

Die webtuiste moet blootstelling en resensies van alle aspekte van die teaterbedryf verskaf. Dit sluit gemeenskapsteater, amateurteater, ruimtespesifieke teater, *happenings* en formele teater in. Die webtuiste word dus 'n tuiste waar verskillende fasette van die bedryf byeengebring word. Dit is 'n webtuiste wat aan gebruikers bekend moet wees as die tuiste vir alle teater in die Wes-Kaap en waar alle nodige inligting oor teater in die Wes-Kaap, gevind kan word.

5.12 Resensies

Die hoofokus van die webtuiste moet egter die bevordering en behoud van professionele resensies wees.

'n Resensie van 'n professionele vryskutresensent of 'n permanente resensent wat deel is van die personeel, word dan vir elke produksie gepubliseer. Hierdie resensie verskyn eksklusief op hierdie webtuiste. Die resensent het die vryheid (binne die professionele riglyne van goeie resensiepraktyk) om 'n resensie te skryf wat nie gebonde is aan beperkte ruimte of inhoud nie. Die

redakteur sal verantwoordelik wees om te sorg dat die resensie voldoen aan die bedryfstandaarde en dat die resensie taalkundig versorg is.

Indien 'n mens byvoorbeeld 'n webtuiste sou skep wat op teater in die Wes-Kaap fokus, is die voorstel dat dit binne die volgende voorgestelde raamwerk sal wees:

5.13.1 Bemarking

Die vervaardigers van 'n nuwe produksie sal self verantwoordelik wees om basiese bemerkingsmateriaal aan die redaksie van die webbladsy te verskaf. Dit sluit materiaal in soos persverklarings, foto's en videomateriaal. Die nodige inligting wat verskaf moet word vir 'n nuwe produksie, sal op 'n gestandaardiseerde aanlyn-vorm ingevul kan word. Hierdie informasie word met die aanloop tot die opening of speelvak van 'n produksie op die webtuiste gepubliseer; dit voorsien lesers met basiese inligting oor 'n produksie en dit dien ook as bemerkingsforum vir die produksie. Interaktiewe skakels na die produksie se eie webtuiste, Facebook-groep, Twitter-rekening of enige ander aanlyn-skakels wat daar mag wees, kan ook op die webblad en inskrywing van 'n spesifieke produksie geplaas word. Dit impliseer voorts dat, wanneer 'n resensie vir die webtuiste geskryf word, die resensent nie veel aandag hoef te skenk aan die beskrywing van die inhoud van byvoorbeeld die storielyn nie. Die resensent sou kon kruisverwys (deur middel van die gebruik van hiperskakels) na die inligting wat reeds op die webtuiste verskyn het.

Onder aan die eksklusiewe resensie wat hierbo bespreek word, sal ook skakels geplaas word van alle ander resensies van professionele resensente (indien toestemming verkry word) wat in koerante of persoonlike blogs verskyn het. Indien die resensie aanlyn gepubliseer is, moet 'n skakel direk na die betrokke weergawe geplaas word. Indien dit slegs in gedrukte vorm verskyn het, sou 'n elektroniese weergawe ook op die webtuiste geplaas kon word. Aangesien so veel van die gedrukte media deesdae elektroniese weergawes het, behoort hierdie aspek nie 'n probleem te wees nie. Toestemming sou egter van die betrokke publikasie verkry moet word.

5.13.2 Opvoedkundige element

Die vervaardigers en redakteurs kan ook kruisverwysende skakels publiseer wat meer inligting oor die betrokkenes, die produksie of die werk verskaf. Met ander woorde, die leser sou byvoorbeeld meer inligting oor vorige produksies van 'n betrokke toneelstuk op ander webtuistes kon naslaan of, indien 'n produksie in 'n spesifieke teaterstyl (soos teater van die absurde, klug, fisieke teater, en so meer) aangebied word, sou die leser met hiperskakels na artikels op ander webtuistes kruisverwys kon word vir verdere inligting oor die styl. Hiperskakels kan ook gebruik word om meer inligting oor die regisseurs, spelers, skrywers en ontwerpers te bekom. Hierdie kruisverwysende skakels kan die lesers ook na inligtingstukke, nuusberigte of artikels verwys wat byvoorbeeld as navorsing of inspirasie vir die produksie gedien het. Op hierdie wyse kan gehore hulleself bemagtig om meer ingelig na 'n produksie te gaan kyk of, as nabetraging, meer inligting te bekom.

Die model stel ook voor dat 'n jong resesent of 'n belangstellende amateurresesent deur die redakteur aangewys word om ook 'n resensie vir die webtuiste te skryf. Hierdie resensie moet egter onder mentorskap van die redakteur of 'n aangewysde persoon geskied. Die jong of amateurresesent is in diens van die webtuiste. Hy/sy ontvang nie betaling nie, maar word wel deur die mentor opgelei en doen waardevolle ervaring op. Hierdie resensie word dan naas die professionele resesent se bydrae gepubliseer.

Dit sou die lesers ook baat indien die webtuiste aandui dat hierdie bydrae onder mentorskap geskryf is. Sodoende word daar 'n nuwe geslag resesente opgelei.

5.13.2.1 Amateurresensies

Resensies van bloggers en ander aspirantresesente (wat nie noodwendig onder mentorskap van die redaksie geskryf word nie) sou op dieselfde wyse as resensies in 14.4.3. hanteer word. Die voorstel sal egter wees om dit onder 'n duidelike hofie "Onafhanklike/Amateurresensies" te plaas, ten einde onderskeid te tref tussen die professionele bydraes en die amateurbydraes. Dit skakel ook by die volgende punt aan.

5.13.2.2 Ander publieke bydraes

Die webblad moet ook aan die publiek die geleentheid bied om bydraes te lewer. 'n Opsie sou kon wees dat enigiemand hul eie resensie direk na die webbladsy kan stuur. Dit kan per e-pos geskied of 'n aanlyn-formaat kan beskikbaar gestel word. Dit is egter belangrik dat riglyne vir die skryf van 'n resensie op die webtuiste beskikbaar gestel word vir die algemene bydraes. Hierdie riglyne sal beskikbaar wees vir alle besoekers om te lees en dit dien dus 'n algemene opvoedkundige funksie wat aan lesers en aspirantresesente inligting verskaf oor die funksie, aard, struikelblokke en riglyne van resensies.

'n Opsie vir die publiek om kommentaar te lewer onderaan die resensies, is ook 'n moontlike funksie wat ingespan kan word. Hierdie funksie kan gesprek en debat stimuleer, en bied ook aan lesers die geleentheid om tog kortliks hul mening te lug.

5.14. Samevatting

Die voordele van 'n stelsel soos hierdie vir teaterkritiek, is dat voorbeelde van professionele en ervare resesente direk teenoor amateur- en onervare resesente geplaas word. Dit bied aan die leser 'n vergelykende stelsel waar hy/sy hopelik self die waarde van professionele, goedgeskrewe kritiek kan evalueer, maar dit skep ook 'n ruimte waar die *vox populi* in ag geneem kan word. Dit bied ook aan die amateurresesent die geleentheid om sy/haar bydrae teenoor professionele voorbeelde te evalueer.

Hierdie stelsel sal ook werk verskaf aan professionele resesente. Nuwe en goeie resesente word ook opgelei vir die toekoms en 'n onmiddellike platform word vir hul resensies geskep. Die geleentheid bied ook aan die jong resesent die geleentheid om 'n lesersmark op te bou.

Dit is ook moontlik om professionele resensies van 'n produksie wat geopen het, gouer aan die publiek beskikbaar te stel, veral omdat resensies in Suid-Afrika eers 'n dag of twee ná die openingsaand verskyn.

Die webtuiste sou ook nie eensydig wees nie en die leser kan op die een webtuiste verskillende resensies met verskillende opinies en menings lees.

Die webtuiste word ook 'n belangrike navorsingsbron en kan 'n enorme bydrae tot die historiese waarde (soos reeds bespreek) lewer. Die webtuiste sou 'n argief vir die teatergeskiedenis kon word waar alle informasie en verskillende resensies oor 'n produksie vir altyd beskikbaar is. Alle produksies en resensies kan na 'n argief van die webtuiste verskuif word. Die argief sal mettertyd 'n belangrike en gesogte navorsingsbron en inligtingsmekka wees wat die studieveld van die Suid-Afrikaanse teater kan voed en reeds bestaande argiefbronne kan aanvul.

Die belangrikste element van hierdie model is egter dat dit vir ten minste 3 – 5 jaar finansiële ondersteuning van 'n maatskappy of maatskappye sal moet ontvang vir die ontwikkeling en bemarking van die webtuiste. Gedurende hierdie tydperk behoort die webtuiste 'n stewige groei in besoekers en geregistreerde gebruikers te kan toon, wat weer die webtuiste al hoe meer aanloklik sal maak vir adverteerders. Die ideaal sou wees om so 'n webtuiste uiteindelik op eie bene te laat staan en dat dit as 'n selfstandige besigheidsentiteit kan funksioneer.

HOOFSTUK 6: SAMEVATTING EN AFLEIDINGS

Hierdie studie het die rol en funksie van die teaterresensent ondersoek, en ook die verwagtinge en kriteria van 'n goeie teaterresensie geëvalueer. Die veranderende tegnologiese landskap van die media bied aan teaterkritiek en teaterkritici nuwe en groot uitdagings, en die tradisionele rol, funksie en kriteria van teaterkritiek moet her-evalueer word om by hierdie nuwe uitdagings aan te pas. Teaterresensies en die rol van die teaterresensent is in 'n oorgangsfase. Dis van kardinale belang vir die resensiebedryf om die nuwe era van media te omarm en te inkorporeer om dié professie se behoud en voortbestaan te verseker.

Die teaterresensie speel 'n belangrike rol in die simbiose tussen teaterpraktisyns en teatergangers. Hoë verwagtinge word aan die teaterkritikus gestel en die vaardigheid van 'n resensent kan alleenlik deur ervaring en 'n spesiale aanleg geslyp word.

Die kriteria vir 'n goeie teaterresensent en resensie wat bespreek is, is die volgende: Die resensent moet ingelig wees oor teater ten einde insiggewende kritiek te kan lewer en gevolgtrekkings te maak. 'n Resensent moet vertrouwe en geloofwaardigheid as gerespekteerde kritikus by gehore en teaterpraktisyns opbou en as't ware as 'n brug tussen die twee groepe dien. 'n Resensent moet ook met sy resensies debat tussen hierdie groepe kan stimuleer. Goeie debat kan gestimuleer word deur ingeligte vrae te stel of stellings te maak wat moontlik verskillende menings kan uitlok. Die resensent moet ook leiding verskaf aan gehore en deur sy/haar ingeligte opinie en teaterkennis die gehore ook vrae laat vrae, hetsy hulle met die resensent saamstem of nie. Hierdie aspek vorm ook deel van die debat wat vroeër genoem is. Die resensent is ook 'n (toevallige) historikus in die sin dat daar deesdae bitter min tasbare dokumente of artefakte van produksies oorbly; daarom is die resensie 'n bewys van die opvoering van 'n betrokke produksie. Die resensie moet relevant en onmiddellik wees om die vervlietende aard van, veral die Suid-Afrikaanse teater, te probeer vasvang. Die resensent moenie huiwer om kritiek te lewer nie, anders word die resensie 'n bloot 'n persverklaring en dien slegs as blootstelling vir die betrokke produksie. Die resensent is nie 'n bemarker nie en alhoewel resensies blootstelling aan produksies gee, behoort dit nooit die primêre doel van die resensie te wees nie. Goeie taalkundige vaardigheid is 'n belangrike aspek van die resensent, gepaardgaande met 'n aanleg vir skryf en die vermoë om 'n resensie met 'n genotlike en toeganklike aanslag te benader.

Die teaterresensent word egter gekonfronteer met verskeie uitdagings. Elke publikasie het sy eie riglyne vir die styl waarin die resensies (artikels) geskryf moet word. Die resensent het reeds 'n beperkte aantal woorde om nie alleen die gehoor in te lig oor die basiese informasie van 'n produksie nie, maar ook 'n opinie te lug en waardige kritiek lewer. Marianne Thamm het as voorbeeld genoem dat daar van haar verwag word om vir sekere publikasies sekere teaterterminologie (soos byvoorbeeld "repertory theatre") te definieer, en dat hierdie verwagting haar ruimte opneem met definisies eerder as opinies (Thamm, 2011).

Die herstrukturering van die gedrukte media binne die konteks van dalende verkoopsyfers van koerante en tydskrifte veroorsaak 'n groeiende krisis vir teaterresensente. Die werkslading en verwagting bly dieselfde vir die oorblywende resensente en die druk op hierdie resensente neem toe. Hierdie aspek mag moontlik 'n invloed op die gehalte van gepubliseerde resensies hê.

6.1 Afleidings

Die “nuwe media”, of dan die elektroniese media, bied nuwe geleenthede aan die medialandskap, maar ook verskeie uitdagings. Die mediamagnate probeer om 'n brug tussen die kwynende tradisionele media en die potensiaal van die elektroniese media te bou. Hul grootste probleem is om steeds betalende intekenare te bou. Hulle stry egter teen 'n nuwe kultuur waar nuus vryelik op die internet beskikbaar is. Kwaliteit, betroubaarheid, integriteit en professionaliteit is die kwaliteite wat die mediabase steeds aan aanlyn-lesers probeer verkoop.

Hierdie navorser glo teaterkritiek se voortbestaan en behoud kan binne die raamwerk van die “nuwe media” floreer, mits materiaal steeds gekontroleer word. Verskeie probleme en frustrasies wat die resensent binne die raamwerk van die tradisioneel gepubliseerde media ervaar, het oplossings binne die “nuwe media”.

Die voordele van webtuistes en blogs is dat daar geen woordbeperkings hoef te wees nie, want spasie is nie 'n probleem soos by die gedrukte media nie. Die resensies kan ook meer nuuswaardig (onmiddellik) wees, omdat die moontlikheid bestaan dat resensies selfs op 'n produksie se openingsaand vir die publiek beskikbaar kan wees (in teenstelling met die gedrukte media in Suid-Afrika waar dit ten minste twee dae neem voor die resensie verskyn). Die internet bied ook die geleentheid om 'n webtuiste of blog te skep wat spesifiek op teater ingestel is. Dit skep die geleentheid om meer spesifiek met die teaterbedryf om te gaan en ook spesifiek met teatergehoore te kan kommunikeer. Die resensente word dus ook nie aan bande gelê met algemene koerantriglyne wat ook van toepassing is op sport, leefstyl, rubrieke en harde nuus nie. Die inligting en resensies is ook te alle tye en op enige plek (waar jy 'n internetkonneksie kan bekom) beskikbaar.

Die grootste bedreiging vir die resensiebedryf binne konteks van die “nuwe media”, is dat enigiemand nou kan resenseer en publiseer, sonder enige gehaltebeheer of ervaring. Dit is die grootste uitdaging wat die joernalistiek, teaterkritiek en potensiële gehoorlede in die gesig staar. Hoe kan die professionele aspekte van teaterkritiek behou word en standaard gehandhaaf word binne die “nuwe media”? Hoe kan teaterkritiek steeds as loopbaan beoefen word met die dreigende gevare van die gratis media? Hierdie is kwessies wat die teaterresensente raak. My voorstelle is uiteengesit in die model vir 'n teaterwebblad met resensies wat deur aangestelde hekwagters gekontroleer word. So 'n webtuiste kan as maatstaf vir gehore en lesers dien.

Sosiale netwerke bied ander uitdagings en binne 'n "140-karakter-kultuur", glo ek in-diepte, deurdagte, ingeligte en goedgeskrewe resensies van meer as 400 woorde is steeds die beste wapen teen die dreigende kort-en-kragtige-opiniekultuur.

6.2 Verdere navorsingsmoontlikhede

Hierdie studie raak aan verskeie aspekte van joernalistiek, advertensie-inkomste, mediawese, teaterbedryf en meer tegniese aspekte soos die internet. Vir hierdie studie is daar meestal geraak aan die hooftrekke van die verskillende aspekte om die oorkoepelende gedagtes na te vors.

Die vinnige pas waarteen nuwe tegnologie ontwikkel en beskikbaar gestel word, veroorsaak dat selfs die nuutste nagevorsde informasie in hierdie studie heel moontlik verouderd sal wees teen die tyd dat iemand dit lees.

Die volgende verdere navorsingsaspekte word voorgestel:

6.2.1 Gedrukte media versus die nuwe media

Die toekoms van die tradisionele media en die verhouding met die nuwe media moet verder ondersoek word. Sal die "nuwe media" in die nabye toekoms werklik die tradisionele, gedrukte media vervang?

6.2.2 Kunsteblaaie in die tradisionele media

Wat is die toekomsvooruitsigte van die kunsteblaaie in die tradisioneel gedrukte media? Sal die bladsyruimte wat tans toegestaan word, verder verminder word, of kan oplossings gevind word om dié afdeling van die koerant juis uit te brei? Kan die tradisionele media aan reeds praktiserende teaterresensente en ook aan jong aspirerende teaterresensente genoegsame werkseleenthede verseker om die bedryf te ondersteun en stimuleer?

6.2.3 Opleiding

In Suid-Afrika is daar 'n hele paar instansies wat 'n joernalistiekkursus aanbied en selfs modules in teaterjoernalistiek. Die ideaal is seker om gespesialiseerde joernaliste met 'n spesifieke fokus op teaterjoernalistiek ook binne hierdie opleidingsgeleenthede op te lei. Is daar die moontlikheid dat meer gespesialiseerde opleiding op tersiêre vlak aangebied word?

6.2.4 Nuwe tegnologie en apps

Is daar spesifieke tegnologie wat ontwikkel kan word wat die resensiebedryf kan ondersteun? Wat is die tegnologiese vooruitsigte, en hoe kan die nuwe tegnologiese toerusting en byvoegings (slimfone, tablette) die resensiewese baat?

6.2.5 Regeringsondersteuning

Het die Suid-Afrikaanse regering 'n verantwoordelikheid in die ondersteuning en ontwikkeling van die teaterresensiebedryf? Hierdie is 'n groter navorsingsvraag wat aansluit by die vraag: Wat is die verantwoordelikheid en watter rol is die Suid-Afrikaanse regering veronderstel om te speel in die kunste?

6.2.6 Landwye situasie en oplossing

Hierdie studie het uitsluitlik op een streek in Suid-Afrika gekonsentreer, naamlik die Wes-Kaap. Dit is belangrik om die studie uit te brei na die situasie in die res van die land en om landwyd oplossings te probeer vind vir die probleme wat ondervind word in die teaterresensiebedryf in Suid-Afrika.

6.3 Verdere voorstelle

Verskeie organisasies is wêreldwyd gestig om die gemeenskap van teaterkritici byeen te bring, soos byvoorbeeld *The International Association of Theatre Critics*, asook spesifieke organisasies vir spesifieke lande soos die *Canadian Theatre Critics Organisation*. Alhoewel 'n resensent soos Brent Meersman en 'n akademikus soos prof. Temple Hauptfleisch wel betrokke is en byeenkomste van die internasionale organisasies bywoon, is daar nie 'n organisasie in Suid-Afrika wat spesifiek die teaterresensente wat in Suid-Afrika aktief is, byeenbring nie. So 'n organisasie kan help om die teaterresensente te verenig en 'n meer gefokuste aksieplan vir die bevordering en beskerming van professionele, etiese en waardevolle teaterkritiek in Suid-Afrika daar te stel. Die vraag ontstaan dan of daar genoeg resensente in Suid-Afrika is om so 'n organisasie te regverdig? Dis ook belangrik vir die resensent om nie geïsoleerd te werk nie, maar op hierdie wyse ook gereelde kontak te maak met nasionale en internasionale resensente.

6.4 Ten slotte

Teaterkritiek en die resensent speel 'n kardinale rol in die teaterbedryf. Die resensiewese se behoud en ontwikkeling is belangrik as klankbord vir teaterpraktisyns en vorm 'n belangrike simbiose tussen gehore en teaterpraktisyns.

Daar is eindelose uitdagings wat hierdie bedryf moet trotseer, maar indien die probleme so gou moontlik geëvalueer en aangespreek word en die resensiepraktyk aangepas word om nuwe tegnologie en die “nuwe media” te inkorporeer, behoort daar vir die resensiebedryf 'n bloeitydperk in die vooruitsig te wees.

BRONNELYS

Albers, I. 2011. Persoonlike onderhoud. 15 Februarie, Stellenbosch.

Andrews, A. 2009. New York Times to charge for online content. Beskikbaar:
<http://www.telegraph.co.uk/finance/newsbysector/mediatechnologyandtelecoms/digital-media/5788345/New-York-Times-to-charge-for-online-content.html> [2013, 8 Januarie]

Annette. 2008. *Die Toekoms van Koerante*. Beskikbaar:
<http://www.kletskerk.co.za/viewtopic.php?f=1&t=7129&view=print> [2013, 20 Januarie]

“App” voted 2011 word of the year by the American Dialect Society. 2011. Beskikbaar:
<http://www.americandialect.org/app-voted-2010-word-of-the-year-by-the-american-dialect-society-updated> [2012, 15 Junie]

Application. Wikipedia. 2013. Beskikbaar: http://en.wikipedia.org/wiki/Application_software [2013, 20 Februarie]

Artslink. Beskikbaar: www.artslink.co.za [2011, 20 Februarie]

Baker, P. 2002. Play with your words. Beskikbaar: <http://www.peterme.com/archives/00000205.html> [2010, 28 Februarie]

BBM. Beskikbaar: <http://www.techopedia.com/definition/27161/blackberry-messenger-bbm> [2013, 10 Maart]

Belê nou in gehalte met oog op die toekoms. *Die Burger*. 2008. Beskikbaar:
<http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2008/12/19/SK/15/ombudsman19des.html> [2013, 20 Januarie]

Berger, G. 2009. How SA newspapers should ride the storm. Beskikbaar:
www.mg.co.za/article/2009-05-28-how-sa-newspapers-should-ride-the-storm [2010, 8 Julie]

Billington, M. 2012. King Lear - review. *The Guardian*. Beskikbaar:
<http://www.guardian.co.uk/stage/2012/feb/16/king-lear-review> [2012, 12 Junie]

Billington, M. 2010. Michael Billington on what you need to be a theatre critic. Beskikbaar:
<http://www.guardian.co.uk/culture/2010/feb/17/critics-notebook-michael-billington> [2012, Maart 5].

Billington, M. 2012. NSFW – review. *The Guardian*. Beskikbaar:
<http://www.guardian.co.uk/stage/2012/nov/01/nsfw-review>. [2012, 18 November]

Billington, M. 1993. *One Night Stands*. London: NHB.

Billington, M. 2001. Tynan's gift was to make criticism glamorous and sexy. *The Guardian*,
Beskikbaar: <http://arts.guardian.co.uk/critic/feature/0,,567652,00.html>. [2012, 8 November]

Billington, M. 2007. Who needs reviews?. *The Guardian*. Beskikbaar:
<http://www.guardian.co.uk/stage/theatreblog/2007/sep/17/whoneedsreviews> [2013, 20 Januarie]

- Blogs. Wikipedia. 2013. Beskikbaar: <http://en.wikipedia.org/wiki/Blogs> [2013, 20 Februarie]
- Botha, D. 2007. *Oordadige komediespel onverwags*. Beskikbaar: <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2007/04/19/SK/14/DBstorm.html> [2009, 19 September]
- Botma, G. 2009. Persoonlike onderhoud. 10 Augustus, Stellenbosch.
- Brown, M. 2010. Twenty-one Asides on Theatre Criticism. *Critical Stages: The IATC Webjournal* (2). Beskikbaar: <http://www.criticalstages.org/criticalstages2/entry/21-Asides-to-Theatre-Criticism?category=9> [2012, 18 November]
- Brümmer, W. 2011. *Sewe dae by die Silbersteins... of so iets*. Beskikbaar: <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2011/04/09/BJ/6/Sewedae-BY.html> [2012, 26 Februarie]
- Bruwer, N. 2010. Telefoniese gesprek. 14 Maart.
- Burger, K. 2004. Kunstejoernalistiek is besig om 'n stille dood te sterf. *LitNet*. Beskikbaar: <http://www.oulitnet.co.za/teaterindaba/kobus.asp> [2013, 16 Januarie]
- Burger, K. 2009. O, and please bury the critics. Beskikbaar: <https://www.facebook.com/notes/kobus-burger/oh-and-please-bury-the-critics/53605701905> [2013, 16 Januarie]
- Campbell, A. 2011. *What the Heck is an "App"?* Beskikbaar: <http://smallbiztrends.com/2011/03/what-is-an-app.html> [2012, 20 Desember]
- Canadian Theatre Critics Association: *Code of Ethics*. Beskikbaar: <http://www.canadiantheatrecritics.ca/history.html> [2012, Maart 5].
- Cape Argus. Beskikbaar: <http://www.iol.co.za/capeargus> [2012, 12 Junie]
- Cape Times. Beskikbaar: <http://www.iol.co.za/capetimes> [2012, 12 Junie]
- Cape Times: Arts. Beskikbaar: <http://www.iol.co.za/capetimes/arts> [2012, 12 Junie]
- Carlson, N. 2010. At Last – The Full Story Of How Facebook Was Founded. *Business Insider*. Beskikbaar: <http://www.businessinsider.com/how-facebook-was-founded-2010-3#we-can-talk-about-that-after-i-get-all-the-basic-functionality-up-tomorrow-night-1> [2011, 20 September]
- Choritz, M. Blog: Megan's Head. Beskikbaar: www.meganshead.co.za [2012, 20 Februarie]
- Choritz, M. 2008a. Open letter to Fred Abrahamse and Marcel Meyer. Beskikbaar: <http://www.meganshead.co.za/open-letter-to-fred-abrahamse-and-marcel-meyer/> [2012, 20 Februarie]
- Choritz, M. 2008b. The letter I received from Fred Abrahamse and Marcel Meyer today. Beskikbaar: <http://www.meganshead.co.za/the-letter-i-received-from-fred-abrahamse-and-marcel-meyer-today/> [2012, 20 Februarie]

- Clark, A. 2009. Rupert Murdoch plans charge for all news websites by next summer. <http://www.guardian.co.uk/media/2009/aug/06/rupert-murdoch-website-charges> [2010, 8 Julie]
- Codes of Ethics. Beskikbaar: <http://www.journalism.co.za/index.php/reporters-resources/ethics57.html> [2013, 20 Februarie]
- Coetzee, H. 2008. Belê nou in gehalte op soek na toekoms. *Die Burger*. Beskikbaar: <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2008/12/19/SK/15/ombudsman19des.html> [2013, 10 Julie]
- De Klerk, T.J. 2011. Telefoniese onderhoud. 20 Februarie.
- Die Burger. Beskikbaar: <http://www.dieburger.com> [2012, 12 Junie]
- Die Burger Fees. *YouTube*. Beskikbaar: <http://www.youtube.com/channel/UC7jh697T8z9cSUah5Nisljw?feature=plcp> [2013, 3 Maart]
- Die Burger: Vermaak. Beskikbaar: <http://www.dieburger.com/Vermaak> [2012, 12 Junie].
- Die Burger Web. *YouTube*. Beskikbaar: <http://www.youtube.com/user/DieBurgerWeb> [2013, 12 Januarie]
- Dilling, E. 2009. Study: Newspaper readership down, despite online increase. Beskikbaar: http://www.sfnblog.com/circulation_and_readership/2009/03/study_newspaper_readership_down_despite.php [2013, 8 Januarie]
- Elsom, John. 2001. *The Social role of the theatre critic*. New York: Peter Lang Publications.
- Eybers, J. 2011. Dít laat BlackBerry plaaslik koning kraai. *Rapport*. Beskikbaar: <http://www.rapport.co.za/Suid-Afrika/Nuus/Dit-laait-BlackBerry-plaaslik-koning-kraai-20111119> [2012, 10 Desember]
- Facebook: Theatre/The New York Times. Beskikbaar: <http://www.facebook.com/nytimestheater?fref=ts> [2012, 13 Junie]
- Facebook: Albert Maritz*. Beskikbaar: www.facebook.com/albert.maritz [2012, 6 November]
- Facebook: Astrid Stark*. Beskikbaar: www.facebook.com/astrid.stark [2012, 6 November]
- Facebook: Brent Meersman*. Beskikbaar: www.facebook.com/brent.meersman [2012, 6 November]
- Facebook: Marianne Thamm*. Beskikbaar: www.facebook.com/marianne.thamm [2012, 6 November]
- Facebook: Marina Griebenow*. Beskikbaar: www.facebook.com/tiertjie [2012, 6 November]
- Facebook: The Mechanicals*. Beskikbaar: www.facebook.com/themechanicalsrep [2012, 6 November]

- Ferreira, Thinus. 2009. Mens Health kry 'n SA suster. *Beeld*. Beskikbaar: <http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Mens-Health-kry-n-SA-suster-20100617> [2010, 8 Julie]
- Flamm, M. 2009. WSJ publisher calls Google 'digital vampire'. Beskikbaar: <http://www.crainsnewyork.com/article/20090624/FREE/906249985> [2011, 5 Augustus]
- French, P. 2012. Coriolanus – review. *The Guardian*. Beskikbaar: <http://www.guardian.co.uk/film/2012/jan/22/coriolanus-film-review-ralph-fiennes> [2012, 12 Junie]
- Fung, L. 2009. Theatre Critics in L.A. – a dying breed. *L.A. Weekly: Culture MonsterMonstor*. Beskikbaar: <http://latimesblogs.latimes.com/culturemonster/2009/01/theater-critics.html> [2013, 16 Januarie]
- Gardner, L. 2012. Two – review. *The Guardian*. Beskikbaar: <http://www.guardian.co.uk/stage/2012/jan/26/two-review> [2012, 12 Junie]
- Gardner, L. 2007. Blogging saved critics from extinction. *The Guardian*. Beskikbaar: http://blogs.Guardian.co.uk/theatre/2007/09/blogging_saved_critics.html. [2011, 27 Februarie]
- Garrett, D. 2002 Review: Who killed Agatha Christie? Beskikbaar: http://www.bbc.co.uk/wiltshire/going_out/theatre/whokilled.shtml [2010, 15 November]
- Gill, A.A. 2007. It's Curtains for the Critics. *The Sunday Times*. Beskikbaar: <http://www.thesundaytimes.co.uk/sto/culture/arts/theatre/article66701.ece> [2009, 20 Februarie]
- Global Entertainment and Media Outlook*. 2009. Beskikbaar: <http://www.pwc.co.za/outlook> [2010, 17 Junie]
- Greenslade, R. 2012. Mail Online goes top of the world. *The Guardian*. Beskikbaar: <http://www.guardian.co.uk/media/greenslade/2012/jan/25/dailymail-internet> [2012, 16 Junie]
- Greig, R. 2009. Persoonlike onderhoud. 11 Augustus, Stellenbosch.
- Griebenow, M. 2011a. Persoonlike onderhoud. 17 Oktober, Stellenbosch.
- Griebenow, M. 2011b. Resensie: Die Rebelle van Lafras Verwey. Beskikbaar: <http://blogs.24.com/fromthamarina/2011/08/12/die-rebelle-van-lafras-verwey/> [2011, 16 September]
- Gross, C. & Goodman, J. *Two on the Aisle The Broadway Channel – YouTube*. Beskikbaar: <http://www.youtube.com/user/cdgross> [2012, 16 Junie]
- Goldsmith, B. *BenGoldsmith90's Channel – YouTube*. Beskikbaar: <http://www.youtube.com/user/bengoldsmith90> [2012, 16 Junie]

- Handelzaltz, M. 2007. The Stage / Who needs theater critics? Beskikbaar: <http://www.haaretz.com/culture/arts-leisure/the-stage-who-needs-theater-critics-1.224750> [2012, 8 November]
- Harris, C. 1994. "Polite Conversation": Performance, Politics, and National Unity in William Hazlitt's Theatre Criticism. Beskikbaar: <http://prometheus.cc.emory.edu/panels/5D/C.Harris.html> [2008, 20 Maart]
- Harris, S. 2008. Druk op gedrukte media. <http://www.fin24.com/Finweek/FinansiesEnTegnies/Tersprake/Druk-op-gedrukte-media-20080505> [2010, 17 Julie]
- Hazlitt's Theatre Criticism. Beskikbaar: <http://prometheus.cc.emory.edu/panels/5D/C.Harris.html> [2008, 20 Maart]
- Herbert, I. 2009. Persoonlike onderhoud. 5 Julie, Amsterdam.
- Hope-Wallace, P. 1955. Waiting for Godot. The Guardian. Beskikbaar: <http://century.guardian.co.uk/1950-1959/Story/0,6051,105436,00.html> [2012, 8 November]
- How SA newspapers should ride the storm. 2009. Beskikbaar: <http://mg.co.za/article/2009-05-28-how-sa-newspapers-should-ride-the-storm> [2013, 8 Januarie]
- International Association of Theatre Critics: Code of Practice. 2010. Beskikbaar: <http://www.aict-iatc.org/documents/Code%20of%20Practice.pdf> [2013, Maart 5].
- Internet in South Africa. Beskikbaar: <http://www.southafricaweb.co.za/page/internet-south-africa> [2012, 20 Julie]
- iPad. 2011. Beskikbaar: <http://www.apple.com/ipad/overview/> [2011, 20 Desember]
- James Agate quotes*. Beskikbaar: http://thinkexist.com/quotes/james_agate/ [2012, 12 Junie]
- 'Karoo Moose' wen vier Fleur du Cap-pryse. 2008. Beskikbaar: <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2008/03/10/SK/6/willemFLEURDUCAP-DHUZ.html> [2010, 16 Januarie]
- Kellermann, A. 2009. Persoonlike onderhoud. 17 Februarie, Stellenbosch.
- Keogh, J. 2012. Fotograaf gepos wat oor 'foto' galbraak. *Beeld*. Beskikbaar: <http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Fotograaf-gepos-wat-oor-foto-gal-braak-20120927> [2013, 20 Januarie]
- Kim, Y. 2011. *In Defense of Inter-Cultural/National Criticism. Critical Stages: The IATC webjournal (5)*. Beskikbaar: <http://www.criticalstages.org/criticalstages5/category/Critics%20on%20Criticism> [2012, 18 November]

- Kim, Y. 2010. *The Relationship between Performance and Criticism. Critical Stages: The IATC webjournal* (3). Beskikbaar: <http://www.criticalstages.org/criticalstages3/entry/The-Relationship-Between-Performance-and-Criticism?category=7> [2012, 18 November]
- Kindle: Magazines. 2013. Beskikbaar: <http://www.amazon.com/Magazines-Journals-Kindle/b?ie=UTF8&node=241646011> [2013, 19 Januarie]
- King Lear. Beskikbaar: <http://shakespeare.mit.edu/lear/lear.1.1.html> [2012, 12 Junie]
- Knowlson, J. 1996. *Damned to Fame: The Life of Samuel Beckett*. London: Bloomsbury.
- Kollowe, J. 2009. Twitter is not for teens, Morgan Stanley told by 15-year old expert. Beskikbaar: <http://www.guardian.co.uk/business/2009/jul/13/twitter-teenage-media-habits> [2013, 20 Februarie]
- Kruger, L. 2005. Resensie oor "SKEITBANG" in *KRIT* gekritiseer.... *LitNet: SéNet*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.oulitnet.co.za/senet/senet.asp?id=28619> [2011, 18 Augustus]
- Kuang, C. 2009. Print Media is Dying. Online revenues are tiny. What if the ads are to blame? [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.fastcompany.com/blog/cliff-kuang/design-innovation/print-media-dying-online-revenues-are-tiny-what-if-ads-are-blame> [2012, 8 November]
- Lavrusik, V. 2009. 12 Things newspapers should do to survive. Beskikbaar: <http://mashable.com/2009/08/14/newspaper-survival/> [2011, 5 Augustus]
- Levinson, P. 2009. *New new media*. Boston: Allyn & Bacon
- LitNet*. Beskikbaar: www.litnet.co.za [2012, 12 Junie]
- Lim, R. S. 2011. Beyond blogging. Beskikbaar: <http://www.mb.com.ph/node/332247/beyond-blogging#.USvSp6JPYTY> [2013, 20 Februarie]
- Logan, Brian. 2007. "Comedy bloggers, please stand up". *The Guardian*. Beskikbaar: http://blogs.Guardian.co.uk/theatre/2007/09/comedy_bloggers_please_stand_u.html.printer.friendly [2010, 27 Februarie]
- Mail & Guardian. Beskikbaar: <http://mg.co.za> [2012, 16 Junie]
- Mail & Guardian: Arts & Culture*. Beskikbaar: <http://mg.co.za/section/arts-and-culture/> [2012, 16 Junie]
- Manyara, A. 2011. Criticism: Art's loyal companion. *Eastern African*. Beskikbaar: <http://www.theeastafrican.co.ke/magazine/Criticism-Arts-loyal-companion/-/434746/1096780/-/view/printVersion/-/beqj2ez/-/index.html> [2012, 18 November]
- Maritz, A. 2011. Kwasi-resensie: Ont-. Beskikbaar: <http://www.facebook.com/notes/albert-maritz/ont-deur-wessel-pretorius-met-wessel-pretorius-regie-wessel-pretorius/10150283776352947> [2011, 20 September]
- Maritz, A. 2007. Persoonlike onderhoud. 16 Julie, Kaapstad.

- Maritz, A. 2013. Rubriek: Baba met die badwater. LitNet. Beskikbaar:
<http://www.litnet.co.za/Category/vermaak/teater/rubrieke-teater/albert-maritz-baba-met-die-badwater> [2013, 12 Januarie]
- Marowitz, C. 2005. English vs. American Theatre Criticism. Beskikbaar:
<http://www.swans.com/library/art11/cmarow13.html> [2012, 8 November]
- Media:The Rebirth of News. The Economist. 2009. Beskikbaar:
<http://www.economist.com/node/13649304> [2013, 20 Januarie].
- Meersman, B. *Blog: The Real Review*. Beskikbaar: www.realreview.co.za [2012, 20 Februarie]
- Meersman, B. 2009. Persoonlike onderhoud. 26 Junie, Amsterdam.
- Meiring, K. 2007. Lig die positiewe uit. *Die Burger*. Beskikbaar:
<http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2007/04/24/SK/11/2304shake.html> [2009, 15 April]
- Meyer, P. 2004. *The Vanishing Newspaper: Saving Journalism in the Information Age*. Missouri: University of Missouri Press.
- MXIT. Beskikbaar: <http://get.mxit.com/about/> [2013, 8 Januarie]
- Nichols, J. & McChesney, R.W. 2009. *The Death and Life of Great American Newspapers*. Beskikbaar:
http://www.thenation.com/doc/20090406/nichols_mcchesney?rel=rightsidesideaccordian [2011, 17 Augustus]
- Number of South African Internet Users Grows*. 2012. Beskikbaar:
<http://www.timeslive.co.za/local/2012/05/10/number-of-south-african-internet-users-grows> [2013, 8 Januarie]
- OMD Mediaverslag*. 2010. Beskikbaar: http://www.omb.co.za/media_facts/samediafacts2010.pdf [2011, 20 November]
- Online Newspapers*. Beskikbaar: www.onlinenewspapers.com [2012, 13 Februarie]
- Plastic Logic*. Beskikbaar: <http://www.plasticlogic.com/> [2012, 16 Junie]
- Plunkett, J. 2009. Financial Times editor says most news websites will charge within a year. Beskikbaar: <http://www.guardian.co.uk/media/2009/jul/16/financial-times-lionel-barber> [2011, 22 Maart]
- Podcasts: Freddie Starr Ate My Theatre. Beskikbaar: *iTunes*. [2012, 20 Junie]
- Podcasts: OC Theatre review. Beskikbaar: *iTunes*. [2012, 20 Junie]
- Podcasts: The Saturday Review – BBC4. Beskikbaar: *iTunes*. [2012, 20 Junie]

Podcasts: The Forth Walsh Theatre Review. Beskikbaar: *iTunes*. [2012, 20 Junie]

PonyRoach Theatre Reviews. Beskikbaar: <http://ponyroachtheatrereviews.wordpress.com> [2012, 20 Februarie]

Protalinski, E. 2012. Facebook has over 845 million users.

Beskikbaar:<http://www.zdnet.com/blog/facebook/facebook-has-over-845-million-users/8332> [2013, 9 Januarie]

Proust Questionnaire: David Mamet. 2008. [Intyds]. Beskikbaar:

http://www.vanityfair.com/culture/features/2008/05/proust_mamet200805 [2010, 17 Julie]

Ramonet, I. 2005. Die media in krisis. Beskikbaar: www.vryeafrikaan.co.za/lees.php?id=130 [2010, 20 Augustus]

Rapport. Beskikbaar: <http://www.rapport.co.za> [2012, 12 Junie]

Revolutionary paper tablet computer reveals future tablets to be thin and flexible as sheets of paper. Beskikbaar: <http://www.plasticlogic.com/news/?itemid=MTkxMTMxNDAxNTMwMQ==> [2013, 20 Februarie]

Rice, B. 2011. The Future of Social Media: 38 Experts Share Their Predictions For 2012

Beskikbaar: <http://www.business2community.com/social-media/the-future-of-social-media-38-experts-share-their-predictions-for-2012-085874> [2012, 20 April]

Ronge, B. 2009. *Sunday Times: Magazine*.

Saunders, M. 2011. South Africa's Top Websites in 2011. Beskikbaar:

<http://www.mikesaunders.com/2011/04/14/south-africas-top-websites-in-2011/> [2012, 9 Maart]

Saitto, Serena en Bensinger, 2009. Beskikbaar:

<http://www.bloomsberg.com/apps/news?pid=20601103&sid=abELiuNJ7KO> [2010, 3 Julie]

S.A. Media Facts: 2011. 2011. Beskikbaar:

http://www.omb.co.za/media_facts/samediafacts2011.pdf [2012, 27 Februarie]

Schroeder, S. 2011. Gartner: Symbian Is Still the Number One Smartphone Platform [REPORT].

Beskikbaar: <http://mashable.com/2011/02/10/symbian-number-one-gartner-report/> [2012, 7 April]

Shevel, A. 2009. Future of SA's print media is inky-black and paper-thin. Beskikbaar:

<http://www.leader.co.za/article.aspx?s=2&f=1&a=1384> [2010, 8 Julie]

Shirky, C. 2009. Newspapers and Thinking the unthinkable. Beskikbaar:

<http://www.shirky.com/weblog/2009/03/newspapers-and-thinking-the-unthinkable/> [2011, 5 Augustus]

Shirky, C. 2009. Not an upgrade - an upheaval. Beskikbaar: <http://ow.ly/hFBJ> [2011, 27 Februarie]

- Shirky, C. 2009. The Upheaval Of Journalism. . Beskikbaar:
<http://www.westernjournalism.com/the-upheaval-of-journalism/> [2011, 5 Augustus]
- Smartphones. Beskikbaar: <http://www.phonescoop.com/gloassary/term.php?gid=131> [2012, 17 Junie]
- Smartphone usage stats in S.A.. 2011. Beskikbaar:
<http://mybroadband.co.za/news/business/37929-smartphone-usage-stats-in-sa.html> [2012, 10 Desember]
- Smith, E. 2013. Newspaperlayoffs. [Intyds] Beskikbaar: <http://newspaperlayoffs.com/> [2013, 20 Februarie]
- Social media 'breaking barriers' in S.A.. 2012. Beskikbaar:
<http://www.southafrica.info/about/media/social-041012.htm#.USvXEqJPYTY> [2013, 9 Januarie]
- Sommer, E. 2012. CurtainUp Writing Guidelines.
<http://www.curtainup.com/curtainupguidelines.html> . Beskikbaar: [2012, Maart 5].
- State of the Media:2009*. 2010. Beskikbaar: <http://stateofthedia.org/2009/> [2010, 16 Junie]
- Stanislavsky, Konstantine. 1999. Stanislavski's Legacy: A collection of Comments on a variety of aspects of an Actor's Art and Life. Edition 4. New York: Routledge (Vertaling deur Elizabeth Reynolds Hapgood)
- Stefanova, K. 1993. Who Calls Shots on New York Stages?. Chur, Switzerland: Harwood Academic Publishers.
- Stefanova, K. 2000. Who keeps the score on the London stages?. Amsterdam, Nederland: Harwood Academic Publishers.
- Sunday, F. 2010. Kenya has third highest number of blogs in Africa. Business Daily. Beskikbaar:
<http://www.businessdailyafrica.com/Kenya-has-third-highest-number-of-blogs-in-Africa/-/539444/966652/-/6l2thnz/-/index.html> [2011, 20 September]
- Stoeffel, K. 2011. New York Times Expands Theater Coverage. Beskikbaar:
<http://observer.com/2011/12/new-york-times-expands-theater-coverage/> [2012, 13 Junie]
- Sweney, M. 2009. New York Times Company reports 27% third-quarter ad revenue decline. *The Guardian*. Beskikbaar: <http://www.guardian.co.uk/media/2009/oct/22/new-york-times-company-results> [2012, 8 November]
- Tablets. 2013. Beskikbaar: <http://mashable.com/category/tablets/> [2013, 20 Februarie]
- Taylor, L. 2000. Now is that Odette? And is she in love with District Attorney Horgan? Or is that the wrong film?. *New Statesman*. Beskikbaar: <http://www.newstatesman.com/200002070059> [2012, 12 Junie]

Thamm, 2011. Persoonlike onderhoud. 11 Februarie, Kaapstad.

Theatre Criticism. Diskoers: Royal Holloway University. 2010. Beskikbaar:
<http://www.rhul.ac.uk/home.aspx> [2011, 8 Januarie]

The Fabric of 'Book of Mormon'. 2011. Beskikbaar:
<http://www.nytimes.com/interactive/2011/03/25/theater/20110325-bookofmormon.html> [2012, 13 Junie]

The Future of Newspapers: Who killed the newspaper?. *The Economist*. 2006. Beskikbaar:
<http://www.economist.com/node/7830218> [2009, 27 Februarie]

The Guardian: A-Z. Beskikbaar: <http://www.guardian.co.uk/stage/list/allstagekeywords> [2012, 13 Junie]

The Guardian: Stage. Beskikbaar: www.guardian.co.uk/stage [2012, 13 Junie]

The Guardian: Video. Beskikbaar: <http://www.guardian.co.uk/stage/stage+content/video> [2012, 13 Junie]

The Kitchen at The National Theatre Review, by Ben Goldsmith. – YouTube. 2011, 10 September. Beskikbaar: <http://www.youtube.com/watch?v=U3y500rZXvk> [2012, 16 Junie]

The New York Times Company Policy on Ethics in Journalism. Beskikbaar:
<http://www.nytimes.com/press/ethics.html> [2013, 20 Februarie]

The New York Times: Theatre. Beskikbaar: <http://www.nytimes.com/pages/theater/index.html> [2012, 13 Junie]

The Next 48 Hours. Beskikbaar: <http://48hours.co.za> [2012, 12 Junie]

The rebirth of newspapers. 2009. Beskikbaar: <http://www.economist.com/node/13649304> [2010, 19 Julie]

The State of the News Media. 2012. Beskikbaar: <http://stateofthemedias.org/2012/newspapers-building-digital-revenues-proves-painfully-slow/newspapers-by-the-numbers/> [2013, 20 Januarie]

Tips on the most apt apps for theater. 2011. Beskikbaar:
<http://broadwayandme.blogspot.com/2011/08/tips-on-most-apt-apps-for-theater.html> [2012, 20 Desember]

Tobacco Factory. Beskikbaar: www.tobaccofactory.com [2012, 12 Junie]

Twitter: Mike van Graan. Beskikbaar: www.twitter.com/mikevangraan [2012, 20 Februarie]

Tynan, Kenneth. 2007. In his own words – Kenneth Tynan. The Guardian. Beskikbaar:
<http://www.guardian.co.uk/stage/2007/jan/10/theatre2> [2010, 8 Desember]

Ulanoff, L. 2011. *Can Google+ Survive the Hype? Beskikbaar:*
<http://www.pcmag.com/article2/0,2817,2388008,00.asp> [2012, 20 April]

Van Rensburg, C. 2007. *Resensie té negatief. Beskikbaar:*
<http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2007/04/20/SK/15/1904storm.html> [2009, 17 Augustus]

Vermeulen, G. The new iPad3 review. Beskikbaar: <http://mybroadband.co.za/news/reviews/46736-the-new-ipad-3-review.html> [2012, 16 Mei]

Vermeulen, J. Coolest development in technology for 2012. Beskikbaar:
<http://mybroadband.co.za/news/general/67092-coolest-development-in-technology-for-2012.html>
[2013, 16 Januarie]

Wardle, I. 1992. *Theatre criticism*. London: Routledge.

Websites. Wikipedia. 2013. Beskikbaar: <http://en.wikipedia.org/wiki/Website> [2013, 20 Februarie]

Wolk, D. 2009. *Future of Newspapers: Profitless? Go Wireless. Beskikbaar:*
http://www.wired.com/dualperspectives/article/news/2009/07/dp_newspaper_wired0714 [2010, 8 Julie]

Wortham, J. 2007. *After 10 Years of Blogs, the Future's Brighter Than Ever. Beskikbaar:*
http://www.wired.com/entertainment/theweb/news/2007/12/blog_anniversary [2013, 20 Februarie]

Youtube. Beskikbaar: www.youtube.com [2013, 12 Januarie]